



Water en sanitasie in die landelike Hoëveldse woning 1840-1910

'n kultuurhistoriese studie


deur

Claudia Gouws

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in die vakgroep Geskiedenis in die Skool vir Basiese Wetenskappe, Fakulteit Vaaldriehoek, Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. J.W.N. Tempelhoff

**Vanderbijlpark
November 2007**



18 MAR 2008

Akademiese Administrasie
Posbus 1174
VANDERBIJLPARK
1900

Eed

Hiermee verklaar ek Claudia Gouws (universiteitsnommer 12901008) dat die verhandeling getitel “Water en sanitasie in die landelike Hoëveldse woning 1840-1910, ’n kultuurhistoriese studie,” wat ek aan die Noordwes-Universiteit ter voldoening aan die vereiste van die Magister Artium-graad, hiermee inhandig, my eie werk is, dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds by ’n ander universiteit ingelewer is nie.



November 2007

Glossarium van terme en begrippe¹

Akkulturasic	Die proses van wedersydse kulturele beïnvloeding tussen uiteenlopende groepe. Gewoontes en leefwyses word uitgewissel en 'n nuwe lewenspatroon ontstaan, as gevolg van direkte en langdurige aanraking met mekaar.
Brak	Alkalisoute in water of grond.
Bytsoda	Natriumhidroksied (NaOH). 'n Skerp bytende stof (alkali) wat as reinigingsmiddel gebruik word. Ook bekend as seepsoda.
Doleriet	'n Basiese eruptiewe gesteente wat uit grofkorrelrige gekristalliseerde basalt bestaan. Dit staan ook bekend as die sogenaamde blouklip of ysterklip.
Fluitjiesriet	'n Dunnerige vleirietsoort, <i>Phragmites communis</i> , wat as dakbedekking gebruik is.
Gravure	'n Bewerkte metaalplaat, litografiese steen of houtblok waarop 'n verdiepte tekening uitgekerf is, of die afdruk van so 'n tekening.
Hidrografie	Die wetenskap van die waters van die aardoppervlak.
Inheems	Wat in 'n land of in 'n gebied van nature daarin voorkom of daartoe beperk is.
Klei	'n Mengsel van grond en water of van kalk, sand en water. Op die Hoëveld by messelwerk gebruik vir pleister om stene of klippe saam te bind.
Kleigrond	Grond wat aluminiumsilikaat as hoofbestanddeel het.
Kraal	'n Ruimte vir vee wat afgesluit word deur (doring)takke, (klip)mure of 'n heining. 'n Aantal hutte of strooihuise, meestal met 'n rietheining afgesluit, soos tradisioneel deur die inheemse bevolking bewoon is.
Matjiesgoed	Biesies soos <i>Cyperus textilis</i> wat vir bind en vlegwerk gebruik is.
Merrel	'n Gewaste mengsel van sand en kleigrond wat ysteroksied en magnesium bevat en as hoofbestanddeel vir gebakte stene gebruik is.
Ndebele	Inheemse bevolking wat woonagtig op die Oos-Transvaalse Hoëveld (Mpumalanga) is. Die vroue het die kenmerkende muurdekorasies op hulle wonings met 'n water-en-kleimengsel beskilder.
Palmiet	'n Waterplant, <i>Prionium serratum</i> , met 'n digte bos vaalgroen blare met skerp rande. Dit groei naby water.
Pionier	Iemand wat 'n ongerepte gebied binnetrek en mak maak.
Saaldak	'n Staandak met 'n spitsboog of omgekeerde bootvorm wat uit twee dakmure en twee sluitgewels bestaan.
Sandsteen	Sandklip. Rots gevorm uit saamgeperste en verharde sand.
Sotho	Inheemse bevolking wat woonagtig op die sentrale Hoëveld is. Basotho's.
Spaansriet	'n Sterk rietsoort, <i>Arundo donax</i> . Hierdie riet is 3 cm dik en tot 6 m lank en groei in welige bosse. 'n Brakdak (plat kleidak) word op spaansriet gelê.
Stat	Die woonplek of 'n groep hutte van die inheemse bevolking waarin 'n aantal families bymekaarwoon.
Stroois/e	'n Strooihuis of 'n hut van gras, biesies of riet. Arbeiderswoningen, soos die wat op die landelike Hoëveld aangetref is.
Sygewel	Die gewel aan die sy of kant van 'n woning of gebou.

¹ Die volgende bron is gebruik as rigtinggewend vir die ontwikkeling van terminologie wat in hierdie verhandeling gebruik is, F.F. Odendal (red.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*

Tamboekie	’n Hoë sterk gras, wat as dakbedekking gebruik word. waarvan ’n hele aantal soorte op die Hoëveld voorkom. Die mees algemene soorte is <i>Hyparrhenia</i> en <i>Cymbopogon</i> .
Topografie	Die beskrywing van die natuurlike en kunsmatige besonderhede van ’n streek of terrein. Plaaslike gesteldheid.
Trekker	’n Persoon wat trek. Iemand wat vreedsaam agter weivelde vir sy vee trek of gedwonge weg van ’n probleem (Voortrekkers) trek.
Tswana	Die Wes-Sotho of Tswana was woonagtig in die omgewing van Mafikeng.
Tuitgewel	’n Spitsvormige sygewel wat hoër as die dakoppervlak gebou word.
Uitheems	Vreemd of buitelands, byvoorbeeld plante, gedrag en gewoontes.
Venda	Die inheemse bevolking wat in die Noord-Transvaal (Limpopo) woonagtig is.
Voortrekker	’n Persoon wat aan die Groot Trek (1836), vanuit die Oos-Kaap na die binneland, deelgeneem het.

Die volgende gegewens kan vir die omskakeling na metrieke mates gebruik word.²

Akker	’n Grondoppervlak van 0.4047 hektaar.
Morg	’n Landmaat van 100 x 100 jaart, 1 morg is 0.8567 hektaar
Myl	’n Afstand en lengtemaat van 1.760 jaarts of 5.280 voet of 1.609 kilometer.
Jaart	’n Lengtemaat van 3 voet, 36 duim of 0.91 meter.
Voet	’n Lengtemaat van 12 duim of 30.48 sentimeter.
Duim (dm.)	’n Lengtemaat van 25.4 millimeter.
Gallon (gall.)	’n Inhoudsmaat vir vloeistof, 8 pinte of 4.546 liter.
Pond	’n Gewigseenheid wat 16 ons bevat, 0.45 kilogram.

² Die volgende bron is gebruik as rigtinggewend vir die omskakeling na metrieke mates wat in hierdie verhandeling gebruik is, Conversion tables, metric conversion tables. Webtuiste:<http://www.google.com> [Geraadpleeg: 2007-11-14].

Opsomming

Die beskikbaarheid van water in die onmiddellike omgewing het bepaal waar die pioniers hulle permanent sou vestig en hoe hulle die werf sou uitleë. Beide die landbouers en veeboerse daaglikse brood was afhanklik van water. Hulle ervarings, waarnemings, gevolgtrekkings en weervoorspellings het inhoud aan die oorgelewerde volksweerkunde gegee. Verder het omgewingsfaktore soos die plaaslike topografie, mikroklimaat, hidrografie, grondvrugbaarheid en die voorkoms van natuurlike plantegroei, ook bepaal of 'n area geskik was vir permanente vestiging en oorlewing. Die plaaswerf kan verdeel word in 'n verskeidenheid funksionele komponente wat almal interafhanklik van mekaar is en met 'n watervoornetwerk verbind is. Die huis wat gewoonlik binne loopafstand van die waterbron gebou is, is altyd die fokuspunt van die plaasboerse aktiwiteite. Die stoor van water deur die opdamming van stroompies en die bou van kanale en slote, het die boer gehelp om sy plaasaktiwiteite te beplan en tot sy voordeel te manipuleer.

Die vestiging en ontwikkeling van die woonhuis op die landelike Hoëveld, kan hoofsaaklik in drie fases ingedeel word: Die tydelike- of trekkersfase, die pioniersfase en die fase waarin daar permanent gevestig is. Die tydelikheid of permanensie van die vestiging het 'n direkte invloed op die woningbou, huisuitleg en omgang met water in en om die woning gehad. Tydelike dakhuisse, byvoorbeeld die wa en tent, skemms en hutte, die kapstyl- (*kapsteil-*) en hartbeeshuis (*hardbieshuis*) was die eerste pionierswonings wat op die Hoëveld opgerig is. Permanente muurhuisse, soos die saaldakwoning, die reghoekige pioniershuis, die rondawel-, die veranda-, stoepkamer- en platdakhuis, is aangebou of verbou om aan te pas by die tegnologiese ontwikkeling van watervoorsiening binne die leefruimte van die huis. Dit het 'n tipiese landelike Hoëveldse woning tot gevolg gehad.

Ná die ontdekking van goud en die gepaardgaande proklamasie van Johannesburg in 1886, was daar 'n konstante toestroming van mense, veral uitlanders, na die goudvelde op die Transvaalse Hoëveld. In die stedelike woning van die hoër middelklas het die kombuis, badkamer en later ook die toilet as aparte vertrekke binne die huis begin funksioneer. Die verandering in die stedelike woning het na die landelike dele oorgespoel. Europese tegnologie, met betrekking tot die verskaffing van warm water en dreineringsstelsels, het dit moontlik gemaak om lopende water in die boerewoning se kombuis en later ook die badkamer aan te lê. Die kookaktiwiteit het van buite na binne die woning geskuif, met die

nodige aanpassings ten opsigte van die opvang, berging, benutting en besparing van water en die nodige dreinerings van afvalwater.

Daar het vanaf 1840 tot 1910 'n evolusie ten opsigte van watervoorsiening en die noodsaaklikheid van persoonlike higiëne gekom, veral ten opsigte van die hantering en verwydering van menslike ekskresies en die vestiging van die bad- en toiletgebruik. In die landelike Hoëveldse woning was daar selde 'n badkamer wat as afsonderlike ruimte gefunksioneer het. In elke slaapkamer was 'n wastafel met 'n waskomstel waar daar soggens en saans gewas is. Op 'n Saterdagmiddag is daar direk langs die stoof in die kombuis, of soms ook in die slaapkamer in 'n sit- of heupdiepte sinkbad, gebad. Die toilet het in die onderhawige periode ook 'n omwenteling ondergaan, van " 'n draai" buite in die veld loop, tot 'n binnenshuise vertrek met 'n waterspoeltoilet in die deftiger wonings.

Die ondersoek is daarop gemik om die ooreenkomste en verskille tussen die pioniershuis, die behoeftige en die meer welvarende landelike woning na te gaan. Verder is inligting oor watergebruik en huishoudelike sanitasie in die badkamer en kombuis van die plattelandse huishoudings ingesamel, sodat die bestaande kennis rondom historiese argitektuur en erfenisbewing rondom die sfeer van waterbenutting uitgebrei kan word.

Abstract

The location of the site where the pioneers settled permanently was determined by the availability of water in the immediate environment. The Highveld contains fertile soils, a fine climate, and an abundance of water. The area has always been extensively used for crop and stock farming, but in general, mixed farming was practiced. The farmers depended on the availability of water, therefore their experiences, observations, weather forecasts, and conclusions, developed into a popular folk meteorology. Furthermore, environmental factors such as local topography, micro climate, hydrography, ground fertility, and the appearance of natural vegetation determined whether or not an area was suitable for permanent residence. The farmstead may be divided into three functional zones (the core-, extended-, and outer farmyard) that are joined by a canal network, used for irrigation and drinking water. The farmhouse and buildings, erected a stones throw away from the water source, served as a focal point for the activities of the farmer. The manipulation of the water source by obstruction of streams and the construction of water canals, weirs and water furrows, assisted the farmer in planning his activities and in using the water to his advantage.

The settlement and development of the residence on the rural parts of the Highveld may be divided into three distinct phases. Firstly, the temporary trekboer phase. secondly the pioneer phase and thirdly the permanent settlement phase. The permanence of residence had a direct influence in the layout of the house, the method of construction, and the use of the available water supply. At first, the trekkers were content to reside in roof dwellings (their wagons and tents and a grass screen as their kitchen and a hut near a spring). The first houses were *hartbieshuise* and *kapsteilhuise*. The more permanent homesteads of the earlier settlers were a simple rectangular structure (pioneer house) with a saddle grass roof. With the introduction of galvanised iron sheeting, the house was expanded and developed into the veranda-, stoeproom- and a flat roofed rectangular house. This development resulted into a typical rural Highveld homestead.

After the discovery of gold in the vicinity of the Witwatersrand, the first gold rush took place resulting in the proclamation of Johannesburg in 1886. Prospectors, mostly foreigners, descended upon the Witwatersrand. Housing took on a more planned structure resembling the late Victorian period of housing in England. The water supply and drainage systems were planned and improved, making it possible to provide running water to kitchens and

bathrooms. This impacted firstly on the upper riches of society in the cities, later on the lower middle classes and lastly on the rural areas. European technology regarding the supply of hot pipe water and drainage systems changed the layout of the house. The cooking activity moved from outside behind a screen to a separate room inside the house. Inevitable changes regarding collecting, storage, purpose, saving and drainage of household water took place.

Between 1840 and 1910, evolutionary changes took place regarding sanitation, water supply and personal hygiene. Being part of a particular social class made certain facilities available to certain individuals. A rural Highveld dwelling rarely included sanitary facilities, instead dwellers had a more primitive wash basin in each room in which they washed daily. On a Saturday, a weekly bath was taken in a bathtub in the kitchen or bedroom. Trekkers simply relieved themselves outside. A revolution in sanitary habits and facilities became inevitable. The Victorian dwelling on the Highveld was built according to a standard plan, including a flush water system already in place. This was the ultimate manifestation of sophistication and civilization.

The aim of this investigation is to identify the similarities and differences between the use of water by the pioneer, the poor people and the wealthy in their rural dwellings. Furthermore, information has been obtained regarding water usage and sanitation in the bathroom and kitchen in the rural dwelling to be useful in the area of historic architecture and the heritage of our water history.

Sleutelwoorde

Bad, badkamer, besoedel, besproeiing, boorgat, dam, dreineringsstelsel, drinkwater, fontein, higiëne, huishoudelike argitektuur, kanaal, kleinhuisie, kombuis, kookarea, latrine, leivoor, "long drop," lopende water, opwasbak, put, reën, riool, rivier, sanitasie, sloot, slopemmer, sluis, spoelkloset, spoeltoilet, spruit, stortbad, stroom, swem, vogtigheid, vogweerlaag, volksweerkunde, voor, warmwaterinstallasie, wasbak, wasbalie, wasgoed, wasklip, waskom, waskuip, wastafel, water, waterare, waterbalie, waterbankie, waterbeker, waterbron, waterdig, waterdruk, waterfilter, waterkar, watermeul, waterpomp, waterpyp, waterskaarste, watertenk, watervat, waterverhitting, watervoor, watervoorraad, waterwys, windpomp.

Voorwoord

Omgewingsbewing en volhoubare ontwikkeling is tans op die voorgrond in Suid-Afrika en wêreldwyd. Die opheffing van armoede, die kloof tussen ryk en arm, die uitbuiting van ons natuurlike hulpbronne en die ernstige effek van besoedeling van ons waterbronne word tans deur wetgewing gereguleer. Die besoedeling van water is juis 'n groter probleem onder die arm bevolking, omdat hulle vir hulle daaglikse voortbestaan daarvan afhanklik is. Die uitbreek van siektes in ons moderne samelewing is ook as gevolg van besoedeling van drinkwater, gebrekkige toiletfasiliteite en die primitiewe toestande waarin sommige mense leef.

My keuse om navorsing oor watervoorsiening en sanitasie te doen, is om 'n watergeskiedenis te skryf oor 'n tydperk waar daar min inligting oor die toilet, bad- en die kookaktiwiteit gedokumenteer is. In die omgewing van die Vaalrivier is daar heelwat woonstrukture uit die onderhawige tydperk wat nog behoue gebly het. Die geslag mense met kennis en ervaring van die gewoontes en gebruike van die vorige geslag, word by die dag ouer en sterf, sonder dat die inligting oorgedra en gedokumenteer word.

Ek wil graag my dank betuig aan al die mense wat my te woord gestaan het, in besonder my gesprekke, onderhoud en korrespondensie met oom Theuns Corver van die Warden distrik. Sy eerlike dog humoristiese waarnemings, vertellings en streeksgeskiedenis oor die mense in die Warden omgewing. Inligting en haarfyn kennis soos van sy voorgeslagte oorgeërf, was eindeloos vindingryk. Hulle het gebruik wat voorhande was, dikwels op verskillende maniere, maar die breë metode was egter dieselfde en die resultate dienooreenkomstig. Aan Mauritz Naudé wil ek spesiale erkenning gee vir die navorsing en dokumentasie wat hy vir die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, rondom die geboue strukture en plaaswerwe in die Transvaal (tans Gauteng) binne die breër raamwerk van die bewaring van historiese argitektuur, gedoen het. Annemarie Carelsen, kurator by die Nasionale Kultuurhistoriese Museum se kennis, tyd en behulpsaamheid ten opsigte van die uitleg van die badkamer, toilet en kombuisareas tydens veldwerk by beide die pionierswoning en die Victoriaanse landelike villa, was van onskatbare waarde. Professor Johann Tempelhoff wil ek in besonder bedank vir sy tyd, insig, positiewe kritiek en inspirasie as studieleier.

Die belangstelling in geskiedenis kom saam met my van kindsbeen af, veral my ma se belangstelling en liefde vir kultuur, familie en volksgoed en my pa se energieke entoesiasme vir die rotskuns, argeologie en antropologie. My waarnemings, visuele indrukke en besprekings tydens ons staptogte deur die Drakensberg en besoeke aan rotskunsterreine, was die begin van my belangstelling in die omgewingsgeskiedenis.

Dit is vir my opmerklik dat daar 'n groot hoeveelheid argivaliese bronne in die katalogi van beide UNISA en Noordwes-Universiteit opgeneem is, maar wat onopspoorbaar is (nie op die rak nie, moontlik gesteel of nooit terug besorg nie). Vir my laat dit 'n leemte in my navorsing, omdat inligting wat van onskatbare waarde is, nie vir nagraadse studie en navorsing beskikbaar is nie.

Die Skrywer

Vereeniging

Februarie 2008

Inhoudsopgawe

Eed	2
Glossarium van terme en begrippe.....	3
Die volgende gegewens kan vir die omskakeling na metrieke mates gebruik word.	4
Opsomming	5
Abstract	7
Sleutelwoorde	9
Voorwoord.....	10
Hoofstuk 1.....	24
Inleiding.....	24
1. Oriëntasie en probleemstelling	24
2. Doelwitte.....	27
3. Vernaamste teoretiese argumente	28
4. Literatuur en metodiek	29
4.1 Literatuur.....	29
4.2. Metodiek	29
Hoofstuk 2.....	30
Water in die omgewing van die woonhuis.....	30
1. Inleiding	30
2. Ligging, kultuur en omgewing.....	30
3. Omgewingsfaktore wat landelike nedersettings beïnvloed.....	31
3.1 Plaaslike topografie.....	32
3.2 Mikroklimaat.....	33
3.3 Hidrografie	33
3.4 Grondvrugbaarheid	34

3.5 Natuurlike plantegroei	35
4. Die funksionele verdeling van die werf.....	36
4.1 Die kleinwerf	36
4.2 Die grootwerf.....	40
4.3 Die buitewerf	44
5. Gevolgtrekking	46
Hoofstuk 3.....	66
Die landelike Hoëveldse woonhuis.....	66
1. Inleiding	66
2. Tydelike of trekkersfase.....	67
2.1 Dakhuise	68
2.1.1 Wa en tent	68
2.1.2 Skerms.....	69
2.1.3 Hutte.....	71
3. Pioniersfase	72
3.1 Dakhuise	73
3.1.1 Die kapstylhuis.....	73
3.1.2 Die hartbeeshuis.....	74
3.2 Muurhuise	75
3.2.1 Die saaldakhuis	75
4. Permanente fase	75
4.1 Muurhuise	76
4.1.1 Die pioniershuis of reghoekige woning	76
4.1.2 Die hut of rondawelhuis.....	79
4.1.3 Die stoepkamer- en verandahuise	80

4.1.4 Die Victoriaanse woning.....	82
4.1.5 Die platdakhuis	83
5. Gevolgtrekking	85
Hoofstuk 4.....	111
Die tegnologie van watervoorsiening en sanitasie in die kombuis.....	111
1. Inleiding.....	111
2. Opvang van water	111
2.1 Rivier.....	111
2.2 Put of fontein.....	112
2.3 Reënwater	113
2.4 Boorgat.....	113
3. Berging van water.....	113
4. Benutting en besparing van water.....	116
5. Afvalwater en dreinerings	118
6. Probleme rondom water en die kookruimte.....	119
6.1 Buitenshuis.....	120
6.2 Binnenshuis.....	122
7. Gevolgtrekking	126
Hoofstuk 5.....	148
Die tegnologie van watervoorsiening en sanitasie in die badkamer	148
1. Inleiding.....	148
2. Daaglikse reiniging.....	149
2.1 Die waskom	149
2.2 Die badseremonie.....	151
2.3 Die swemtradisie.....	152

3. Die badkamer as afsonderlike ruimte	154
4. Die toilet.....	158
4.1 Buitenshuis.....	158
4.2 Binnenshuis.....	160
5. Gevolgtrekking	161
Hoofstuk 6.....	185
Gevolgtrekkings.....	185
Bibliografie	194
1 Primêre bronne	194
1.1 Owerheidsargiefbewaarplekke	194
1.1.1 Sentrale argief bewaarplek, Pretoria (SA) Transvaalse argiefbewaarplek (TA) 194	
1.1.2 Vaal Teknorama museum argief, Vereeniging (VTA)	194
Gepubliseerde dokumentasie	194
Ongepubliseerde dokumentasie	194
1.2 Private argiefversamelings	195
1.2.1 Bezuidenhout Persoonlike Argief, De Rust, Heidelberg (BPA).....	195
Gepubliseerde dokumentasie	195
Ongepubliscerde dokumentasie	195
Elektroniese dokumentasie	195
1.2.2 Gouws Persoonlike Argief, Drie Riviere Oos, Vereeniging (GPA)	195
Gepubliseerde dokumentasie	195
Ongepubliseerde dokumentasie	195
Elektroniese dokumentasie	196
1.2.3 Sammy Marks Argief, Swartkoppies, Pretoria (SMA).....	197
Ongepubliseerde dokumentasie	197

2	Sekondêre bronne	197
2.1	Gepubliseerde sekondêre bronne	197
2.2	Ongepubliseerde sekondêre bronne	203
2.3	Periodieke publikasies	204
	Kocrante	204
	Tydskrifte	204
	Webliografie	205

Illustrasies

Illustrasie 1 'n Kaart van verspreiding van die pioniers in die omgewing van standhoudende riviere in die Oorvaalse gebied (Hoëveld) teen 1852.	50
Illustrasie 2 Diepkloof se lineêre werfplan. Skets: C. Gouws. (1)Skooltjie, (2)rolput, (3)hoofwoning met binnebakoond, (4)waenhuis, (5)seun Frans se huis, (6)eendedam, (7)besproeiingsdam, (8)vrugteboord, (9)& (10)veekrale met gepakte klippe en (11)waterkanale.....	51
Illustrasie 3 Swartkoppies se waaiervormige werfuitleg, met die hoofopstal as kern.....	52
Illustrasie 4 Die vierkantige werfuitleg op Hartbeespoort.	53
Illustrasie 5 Swartkoppies is gevestig langs die Pienaarsrivier.	54
Illustrasie 6 'n Kaart van die plaas Hartbeespoort 1879. Drie geboue langs mekaar is duidelik sigbaar. Die struktuur heel links langs die Morelettaspruit, is die pioniershuis.	55
Illustrasie 7 Die rolput met 'n slinger aan weerskante, op Diepkloof, Heidelberg.....	56
Illustrasie 8 Die rolput met 'n slinger aan die een kant. binne loopafstand van die agterdeur op Hartbeespoort, Pretoria.	57
Illustrasie 9 "Een woning in Transvaal." Let op die grondwatervoor wat reg langs die huis gegrawe is.	57
Illustrasie 10 Die inheemse bevolking het die gewoonte (soos hierbo) om wasgoed in die rivier te was. Foto: Vroeg twintigste eeu.	58
Illustrasie 11 'n Victoriaanse roostuin by die sy-ingang van die woning op Swartkoppies. Let op die waterkanaal van gehalveerde gebakte kleipype op die voorgrond.	58
Illustrasie 12 Die spuitfontein by die hoofingang op De Rust.....	59
Illustrasie 13 Die waenhuis van gekapte klip op De Rust is een van die oudste staande strukture op die werf. Let op die gepakte klipmuur (regs), wat die kleinwerf van die grootwerf skei.	59
Illustrasie 14 Die klipwal van die eendedam in die kleinwerf op Diepkloof, Heidelberg. Let op die wyse waarop die walle van die dam met klippe uitgepak is om erosie te voorkom.	60

Illustrasie 15 'n Gemesselde gekapte blouklipdam (±1898) langs 'n boorgat, bokant die pioniershuis op Rietfontein, Heidelberg.	60
Illustrasie 16 Die Windpomp langs 'n gemesselde steendam, op mnr. A.J.W.P.S. Terblanche se plaas Middelspruit, Frankfort.	61
Illustrasie 17 Die werkingsmeganismes van die windpomp. Byskrifte: C. Gouws.....	62
Illustrasie 18 Die watermeul (Noormansmeul) op Hartbeespoort, Pretoria. Die klip- en roukleisteengebou staan teen 'n skuinste. Die gepakte modder-en-klipwatervoor loop onder deur die struktuur en die wiel met skeppers is binne geplaas. Let op die gepakte klipmuur om die vrugteboord (in die agtergrond) en om die dorsvloer (regs).....	63
Illustrasie 19 Die binnekant van die watermeul op Hartbeespoort (Pretoria).....	64
Illustrasie 20 'n Os met 'n waterkar word deur kinders aangedryf. Die kinders van die inheemse bevolking moes self vir die drink- en waswater by die strooise sorg. Foto: vroeg twintigste eeu.	65
Illustrasie 21 “On the Highveld before the gold discovery.” Gravure: 'n Pioniershuis op 'n hoogte, met 'n stroompie wat onder verbyloop.	91
Illustrasie 22 “Klaas Smit’s River – wagon broke down, crossing the drift (1852).” Steendruk: Thomas Baines. Kyk ook hieronder: “Mzilikatsi sitting in his wagon, listening to praise-singers” (1835). Waterverf: Charles Bell.....	92
Illustrasie 23 “Halt of a boer family” (ongeveer 1802). Pen en waterverf: S. Daniel. Let op die sytente wat die leefarea vergroot en ook beskerming bied teen die son, wind en weer. ...	93
Illustrasie 24 Op die trekpad (1835) met vee. Tekening: Charles Bell. Let op die waterbalie wat ook as sitplek dien. Vergelyk met die illustrasie hieronder. Vir hierdie familie (vroeg in die twintigste eeu) was die wa en tent die enigste woning. 'n Losstaande tent is saam met die wa en tent gebruik om die woonarea te vergroot. Let op die wasgoedbalie by die ingang van die tent.....	94
Illustrasie 25 “Bloemfontein (1851).” Olieverf: Thomas Baines. 'n Hutvormige grasskerm van matjies word deur die reisigers as beskerming gebruik. Vergelyk met onderstaande illustrasie. 'n Sotho grasgedekte spitsdak byekorfsstruktuur met 'n tonnelingang en binne kleimuur, wat die struktuur waterdig maak.	95

Illustrasie 26 a Sotho (San) byekorfhutraamwerk. b Zulu (Swazi/Kora/Khoikhoi) byekorfhutraamwerk. c Xhosa byekorfhutraamwerk.	96
Illustrasie 27 Matjieshuis: Kora-kraal, Oranjerivier. Vergelyk dit met die onderstaande illustrasie. Die Matjieshuis is in die negentiende eeu tot in die vroeë twintigste eeu (hierbo) deur die trekkers en veeboere as tydelike woning gebruik.	97
Illustrasie 28 Korbeelhutte van klip naby die Sandrivier op die Potchefstroompad. Kyk ook hieronder. Vroeë klipbouwerk in die vorm van die tradisionele koepel- of byekorfvorm op die Vrystaatse Hoëveld.	98
Illustrasie 29 'n Moddergrasdakhut (1879) was deel van hierdie reisigers se kamppek. Vergelyk dit met die illustrasie hieronder. Die hutstruktuur wat as tydelike woning opgerig is, het later as addisionele vertrek tot die permanente woning gedien.	99
Illustrasie 30 "Early homes of the Voortrekkers." Penskets: J. Walton.	100
Illustrasie 31 Die pionierswoning (±1848) Hartbeespoort. Let op die bootvormige saaldakhuiskonstruksie. Die drievetrek I-plan, hieronder bestaan uit 'n sentrale woonvertrek (voorhuis) en twee slaapvertreke aan weerskante. Skets: C. Gouws.	101
Illustrasie 32 Pionierswonings: (1) Rondawel-, (2) platdak-, (3) reghoekige saaldak-, (4) sygewel- en (5) die tuitgewelpioniershuis. Skets: M. Naudé. Sien ook hieronder. Beskilderde platdak en reghoekige saaldakhuise van die inheemse bevolking op die landelike Hoëveld, in navolging van die reghoekige pioniershuisplan.	102
Illustrasie 33 Oorblyfsels van 'n klip-en-klei reghoekige pioniershuis (±1862) op Rietfontein, Heidelberg. Let op die vensteropeninge wat later met steen toegebou is, om as waenhuis te dien. Hieronder: 'n reghoekige pioniershuis met songebakte kleisteenmure en 'n sinkdak op Middelspruit, Frankfort.	103
Illustrasie 34 Diepkloofplaasopstal (±1850). Let op die klipfondament met die oop noordelike leiklipstoep en die witgekalkte mure. Die tuitgewels en nok is met 'n klei-en-kalkmengsel waterdig gemaak. Die huis bestaan uit 'n vyfvetrekgrondplan (onder) met 'n sentrale voorhuis, drie slaapvertreke en 'n kombuis met 'n vuurherd en binnebakoond. Skets: C. Gouws.	104
Illustrasie 35 Frans se huis op Diepkloof (1890). Let op die klipfondament met die oop noordelike leiklipstoep en die mure van rou kleisteen. Die tuitgewels en nok is met 'n klei-	

en-beesmismengsel waterdig gemaak. Hierdie drievtrekhuis bestaan uit 'n sentrale voorhuis met 'n slaapvertrek en kombuis met 'n vuurherd. Skets: C. Gouws.....	105
Illustrasie 36 Die ontwikkeling van (1) die saaldakhuis na (2) die verandahuis tot (3) 'n tipiese Victoriaanse boerehuis op die landelike Hoëveld. Skets: M. Naudé. Hieronder, die reghoekige saaldakpioniershuis is in 'n verandahuis op Stryfontein, Heidelberg, omskep. Die agterstoep is toegebou om 'n ruimte vir die kombuis en later die badkamer te skep. Die geute is onlangs aangebring.....	106
Illustrasie 37 Die veranderinge aan (1) die reghoekige pioniershuis. (2) 'n Veranda is voor aangebou, (3) die kombuis en badkamer is agter aangebou sonder 'n voorstoep en laastens (4) die tipiese verandahuis. Skets: M. Naudé. Vergelyk hier onder: 'n Verandahuis op die Vrystaatse Hoëveld. Die stoep het ook gedien as skuiling teen 'n skielike reënbuie.....	107
Illustrasie 38 (1) 'n Reghoekige pioniershuis met stoepes voor en agter, bekend as die sogenaamde "verandahuis." (2) Die stoepes word toegebou om onder andere ruimte vir die kombuis en badkamer te skep. (3) Die H-vormige "stoepkamerwoning" en (4) die Victoriaanse boerewoning. Skets: M. Naudé. Hieronder: 'n Victoriaanse boerewoning op Stryfontein, Vereeniging.....	108
Illustrasie 39 Die suidelike stoep van die Victoriaanse plaasopstal op De Rust (1906). Let op die geute wat die dak se reënwater na die blombeddings afvoer en die inheemse sandsteenfondamente.....	109
Illustrasie 40 'n Reghoekige platdakwoning (1857), Winburg. Die buitemure is van klip en die binnemure van roustene gebou. Kyk hieronder. 'n Versierde arbeidershuis op die reghoekige pioniershuis se vloerplan, op Runnymede, Frankfort. Die muurdekorasies is met 'n water-en-kleimengsel beskilder.....	110
Illustrasie 41 'n Slinkhoutjuk om waterremmers te dra in die laat-agtiende eeu.....	129
Illustrasie 42 Hout- en gegote ysterpompe uit die negentiende-eeu.....	130
Illustrasie 43 'n Water- of emmerbankie.....	131
Illustrasie 44 'n Ry balies: 'n pekelbalie sonder sy deksel, 'n waterremmer, 'n waterbalie sonder 'n kraan of staander, 'n klein ophangwaterbalie en 'n balie vir algemene gebruik met ysterhoepels en handvat. Kyk ook hieronder. 'n Teegoedbalie- en 'n watervat.....	132

Illustrasie 45 In die seun, Frans se kombuis op Diepkloof is 'n bruin geglasuurde erdewaredrinkvaatjie met 'n houtdeksel en houtproppie in die opening onder.	133
Illustrasie 46 'n Drinkwateremmer met 'n deksel, geelkoperkraan en -hoepels. Hieronder: 'n Waterbalie uit die negentiende eeu. Let op die geelkoperkraan en -hoepels, die dricpootstaander, die koperketel bo-op en die teegoedbalie op die vloer.	134
Illustrasie 47 'n Koperwaterketel aan 'n haak op die vuur in die pionierskombuis op Hartbeespoort. Let op die emmerbankie (regs) en die versameling waterbalies in die kombuis.	135
Illustrasie 48 'n Geglasuurde erdewarewaterfilter in Frans se kombuis op Diepkloof.	136
Illustrasie 49 Waterfilters, glasprodukte en kleipype is algemeen in die koerante geadverteer, soos hierdie advertensie van die handelaar R.Winstanley, 17 Oktober 1873 in <i>De Volksstem</i> getuig.	137
Illustrasie 50 Die houtyskas in die kombuis op Swartkoppies. Ysblokke is op die boonste rak geplaas om voedsel koud te hou. Die water wat smelt is onder in die laaitjie opgevang.	138
Illustrasie 51 'n Sitkas of kolekas. Die kole is met water natgehou om vleis of bederfbare voedsel te bewaar.	139
Illustrasie 52 'n Reghoekige houtwaskuip met 'n handpomp en watertuit, wat lopende water by die waskuip verskal' het.	140
Illustrasie 53 'n Steenopwasbak. Let op die skuinste van die houtafdroograk, die enkelkraan, die skottelgoedbalie binne in die opwasbak en die afvoerpyl vir die water.	140
Illustrasie 54 Opelug veldkombuis tydens die pioniersvestigingsfase. Kyk ook hieronder. 'n Beskutte veldkombuis, 'n losstaande eenheid.	141
Illustrasie 55 Die pioniershuis op Hartbeespoort, nadat die kombuis aangebou is. Skets: J.H. Pierneef (1919). Die vloerplan van hierdie huis(onder). Skets: C. Gouws.	142
Illustrasie 56 Tipiese grondplanne van ou Kaapse huise, sonder binnenshuise lopende water, 1-4 is skuinsdakhuisse en 5-6 is platdakhuisse. Let op die plasing van die herd en oond teen die buitemuur.	143

Illustrasie 57 Die bestaande stoepdakke is met mure toegebou om die kombuis te skep. Skets: M. Naudé. Kyk ook hieronder. Die stoep van hierdie boerewoning in die Transvaal is toegebou en verleng om 'n ruimte vir 'n binnekombuis te skep.....	144
Illustrasie 58 Losstaande vertrekke, wat as kombuis en badkamer gedien het, is soms met 'n plat dakkie teen die langsy van die pioniershuis, aangebou. Skets: M. Naudé. Hieronder: Die ruïne van die plaasopstal (±1880) van die Rademeyers, Pretoria. Let op die losstaande kombuis en badvertrekke aan die suidekant, wat later aangebou is.	145
Illustrasie 59 Die verbouingsfase ná 1890, toon die invloed van die laat-Victoriaanse boustyl op die pioniershuis op Middelspruit. Die reghoekige pioniershuis (bo) met rou kleisteenmure, is in fases met klip aangebou, om 'n tipiese Victoriaanse boerewoning (onder) met stoepkamers reg rondom die huis, te skep. Die kombuis en badvertrek, sonder lopende water, is langs mekaar geplaas. Skets: C. Gouws.....	146
Illustrasie 60 'n Tipiese koolstoof met 'n manlike kok. Manlike huiswerkers, gewoonlik huurarbeiders, is 'n kenmerkende Britse koloniale gebruik wat nie net (hierbo) in die stede nie, maar ook in die welaf huishoudings op die landelike Hoëveld gebruik is.	147
Illustrasie 61 'n Driepoot ysterwaskomstaander met 'n emaljewaskom, lampetbeker en seepbakkie, in die skool op Diepkloof. Let op die houtwateremmer in die agtergrond.	165
Illustrasie 62 'n Vierpoot ysterwaskomstaander met 'n emaljewaskomstel op Hartbeespoort.	166
Illustrasie 63 Die erdewarewaskomstel in die pioniershuis op Hartbeespoort se hoofslaapkamer. Hieronder is die emaljewaskomstel in die pioniershuis op Hartbeespoort se seunskamer.....	167
Illustrasie 64 'n Porseleinwaskomstel op 'n wastafel met 'n marmerblad in een van die slaapkamers op Swartkoppies.....	168
Illustrasie 65 'n Losstaande heupbad in die hoofslaapkamer van die permanente woning op Diepkloof.	169
Illustrasie 66 Die pioniershuis op Brakspruit, met 'n aangeboude badkamer onder 'n plat sinkdak.....	170
Illustrasie 67 Die H-vormige boerewoning en sy vloerplan (hieronder). Die kombuis en badkamer is agter, langs mekaar. Skets: G. Moerdyk.....	171

Illustrasie 68 'n Plan en skets van 'n plaashuis met die badkamer as afsonderlike ruimte binne die huis tussen die slaapvertreкке. Skets: J.R. Burg (1920).	172
Illustrasie 69 Die badkameruitleg van die boerewoning. (1) Die bad is in die middel van die vertrek geplaas. (2) Die ingeboude bad staan teen die buite muur. (3) Die stortbad is teen die binnemuur. (4) Die stortbad is onder die vloervlak ingesink.....	173
Illustrasie 70 'n Ingeboude wasbak met krane op De Rust.....	174
Illustrasie 71 Die ingeboude stortbad, met lopende warmwater en verstellings: "Spray", "lunge" en "shower" (1906), op De Rust.....	175
Illustrasie 72 Die stortbad se skerm. Let op die koperwaterpyp van die stortgedeelte.....	176
Illustrasie 73 Die warmwaterpyp was van koper. Al die waterpype is sigbaar en loop langs die muur.	177
Illustrasie 74 'n Warmwatertoestel bo-op die buitebakoond op die agterstoep, Zwartkoppies.	178
Illustrasie 75 'n Kleinhuisie met 'n emmerstelsel. Let op die skarniere (bo) waar die deurtjie was en die staandak (1.55 m x 1.58 m x 3.60 m).....	179
Illustrasie 76 'n Geglasuurde erdewarekamerpot in die pioniershuis op Hartbeespoort.	180
Illustrasie 77 Die draagbare emmertoeilet wat met water gespoel het op Zwartkoppies.	181
Illustrasie 78 Die vloerplan van De Rust se opstal met stoepe reg rondom. Die kombuis (K), en badkamer (Bk) het reeds in 1906 lopende warm water en 'n binnespoeltoilet (T) by die kamers, gehad. Let op die plasing van die toilet tussen die slaapvertreкке.....	182
Illustrasie 79 Die dekoratiewe spoelbak (1906) van die spoeltoilet op De Rust.	183
Illustrasie 80 Die kettingspoelstelsel, wat na 100 jaar, nog in gebruik is op De Rust.....	184
Illustrasie 81 'n Model van water en watervoorsiening rondom die landelike werf. Skets: C. Gouws	192

Hoofstuk 1

Inleiding

1. Oriëntasie en probleemstelling

Water word as 'n vanselfsprekende gebruiksitem in menige fase van die alledaagse lewe van die mens beskou. Ons draai die kraan oop, tap 'n bad vol water in om te reinig, of skink 'n glas water om die dors te les. Mense is nouliks bewus van al die waterprosesse wat daaglik aan die orde kom. Die gemiddelde vrou en kind in die ontwikkelende wêreld loop 10-15 kilometers per dag, om water vir huishoudelike gebruik te kry.³ In hierdie studie is deur middel van die metodologiese grondslae van Geskiedenis as dissipline, navorsing gedoen oor die geskiedenis van watervoorsiening en sanitasie in landelike woonhuise op die Hoëveld. Hierdie hoogliggende streek is sowat 1 500 meter bo seespieël en sluit die suidelike Transvaal (tans Gauteng- en Noordwes-provinsie), die noordelike Vrystaat, Mafikeng en Vryburg in die Noordwesprovinsie in.⁴ Lion Cachet het in 1898 die Hoëveld as volg beskryf:

*Door het "Hoogveld" wordt verstaan het eigenlijke plateau van Drakensberg, dat zich tot aan Magaliesberg en Lijdenburg, en Westelijk, langs Vaalrivier uitstrekt.*⁵

In die besonder is op die tipiese kombuis en badkamer getel, waar water in aansienlike hoeveelhede benodig is.

Vanuit 'n histories-antropologiese oogpunt is dit duidelik dat die beskikbaarheid van water 'n direkte invloed op die verspreiding en vestiging van mense het. Dit vorm deel van die oorgrote meerderheid van die menslike skeppings wat op higiëne en voeding betrekking het.⁶ Patrone van aanvangsnedersetting, in alle wêrelddele, dui op 'n ontstaan in die omgewing van

³ Anon., "Women and water" in Weekly Newsletter, UNESCO waterportal. [Website: <http://www.unesco.org/cgi-bin/webworld/waterlinks/search.cgi>] [Date of access: 2005-10-03].

⁴ F.F. Odendal (red.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 399.

⁵ F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 334.

⁶ P.J. Coertze, *Inleiding tot die algemene Volkekunde*, p. 82.

’n standhoudende waterbron.⁷ Die ervarings, waarnemings, gevolgtrekkings, algemene volksgelowe en weervoorspellings van die Hoëveldse bewoners, het inhoud aan ’n oorgelewerde volksweerkunde gegee, waarvolgens hulle reën voorspel het.⁸ Water is ’n natuurlike hulpbron wat noodsaaklik is vir die oorlewing en voortbestaan van die mens en diere. Dit is ’n voorvereiste vir die aankoop van grond en bepaal die ligging van die woonhuis op die plaas in landelike Hoëveld.⁹ Histories-geografies is daar aanduidings dat ’n behoefte bestaan vir ’n tyd-ruimtelike kontekstualisering van die Hoëveldse woning en die essensiële waterdienste wat daarmee gepaard gaan.

Hierdie studie fokus in breë trekke op bepaalde knelpunte en voortrefflike eienskappe wat in historiese verband, in die konteks van die argitektuur en funksionele benutting van die kombuis en badkamer in die Hoëveldse landelike woning, voorgekom het.

Die datum 1840 word as vertrekpunt vir die studie gebruik. Dit was die aanvang van die era toe die eerste mense van Europese herkoms in redelik groot getalle hulle op die Hoëveld gevestig het en die stelsel van plaastoekenning op ’n geordende wyse beheer is.¹⁰ Die vestiging op die landelike Hoëveld is in drie fases ingedeel. Die aanvang en einde van die onderskeie fases oorvleuel ietwat. Die doelwit is egter om kennis te neem daarvan dat sekere uitstaande tendense binne bepaalde tydperke plaasgevind het, maar daar sal altyd ’n uitsondering op die reël wees. Die fases is: die tydelike of trekkersfase vanaf 1836 tot ongeveer 1848, die pioniersfase vanaf 1840 tot en met die ontdekking van goud in die 1870’s in die Transvaal en die fase waarin daar permanent gevestig is vanaf 1860 tot 1910 met Uniewording. Die laat-Victoriaanse kombuis- en badkamerstyle het vanaf 1880 vanuit Brittanje saam met reisigers na die binneland van Suid-Afrika gekom. Dit het dan op die dorpe en vandaar na die platteland versprei.¹¹ Die fokus van die studie is om na die ontwikkelingsproses vanaf 1840 tot 1910 binne ’n omvattende geografiese ruimte te kyk. In die eerste plek word gelet op die landelike dele van die Hoëveld van Suid-Afrika. Daar is vir die doeleindes van hierdie studie hoofsaaklik gekyk na die huishouding van diegene van

⁷ J. Seymour, *The National Trust book of forgotten Household Crafts*, p. 52.

⁸ P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (IV) Boerewysheid*, pp. 107-112.

⁹ T.G. Corver, *Warden en sy mense*, p. 2 en F.J. Potgieter, “Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886)” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 21(2), 1958, p. 158

¹⁰ P.J.J. Prinsloo, “’n Historiese oorsig van die Vaaldrichockse Industrialiseringsproses, 1880-1950,” p. 57.

¹¹ T.G. Corver, *Die lief en leed van Kafferstad*, p. 320.

Europese herkoms, aangesien dit die model was wat ook gebruik is in die latere ontwikkeling van huishoudelike watergebruik onder die inheemse bevolking op die Hoëveld.

Die meeste boere op die Hoëveld het twee plase gehad. 'n saaiplaas op die Hoëveld en 'n veeplaas in die Bosveld of in die Laeveld. Saaiplase het sterk waterbronne soos 'n rivier of fontein gehad, terwyl veeplase droë plase was.¹² Sommige boere het nog tot ná 1902 met hulle vee gedurende die herfs van die Hoëveldse plaas na winterweiding op die Bosveldplaas getrek.¹³ Die invloed van die inheemse bevolking wat as arbeiders op die Hoëveldse plaas (Sotho en Tswana) en op die Bosveldse of Laeveldse plaas (Venda) gewerk het en die wat saam uit die Kaap getrek het (Khoikhoi /Hottentotte, Xhosas, Boesmans¹⁴ en slawe,¹⁵ is sover dit oor water gaan, uitgelig.

Hierdie navorsing verteenwoordig in die konteks van die heuristiese¹⁶ werksproses (opname en konsolidasie), 'n opname van watergebruik en sanitasie met die doel om 'n generiese model (in historiese kontekste) van die tipiese landelike kombuis en badkamer op die Hoëveld in bepaalde verbande daar te stel. Daar is gepoog om op kultuur-, klas-, en funksionele benuttingsverband te konsentreer.

Daar is veral klem gelê op higiëne; stand van welvaart; doeltreffende hulpmiddels; behoeftes; gerief; ongerief; modegiere en die uitleg en inrig van gegewe leefruimtes op 'n bepaalde tydstip binne 'n bepaalde tydgees in die samelewing.

Vir die doeleindes van die opname is relevante primêre en sekondêre bronne rondom die onderwerp ingesamel. Benewens geskrewe materiaal, is ook op visuele bronne gekonsentreer.

Die volgende navorsingsvrae is met betrekking tot die Hoëveldse landelike woning gevra:

Wat was die watersituasie rondom die huis met betrekking tot die opvang en berging van water?

¹² P.J.J. Prinsloo, "n Historiese oorsig van die Vaaldrichockse Industrialiseringsproses, 1880-1950," p. 57.

¹³ W. Barnart, P. Delius, and S. Trapido, *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930*, p. 375.

¹⁴ T H Le Roux, *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 182.

¹⁵ E.A. Eldredge and F. Morton (Eds), *Slavery in South Africa, captive labor on the Dutch frontier*, p. 148.

¹⁶ J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglike verlede aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*, p. 58.

Watter veranderinge het vanaf 1840 tot en met die eerste dekade van die twintigste eeu, ten opsigte van water en sanitasie in en om die woning plaasgevind?

Hoe vergelyk huishoudelike watergebruik en sanitasie in 'n pioniershuis van die vroeë 1840's met dié van die plattelandse huis rondom 1910?¹⁷

Wat was die totale omvang van watervoorsiening in die kombuis en badkamer?

Is daar sprake van 'n historiese evolusie met betrekking tot die kombuis en badkamer in die Suid-Afrikaanse konteks?

2. Doelwitte

Die doelwitte van die studie lê op verskeie vlakke.

Die ondersoek is daarop gemik om die ooreenkomste en verskille tussen die pioniershuis, die behoeftige en die meer welvarende landelike woning na te gaan.

'n Aanduiding is gekry van hoe die mens in tye van oorfloed en skaarste skeppend dink om in sy basiese behoeftes te voorsien.

Die invloed en ooreenkomste van die inheemse bevolking rondom watergebruik is uitgelig.

Die impak van gebrekkige en/of voortreflike waterstelsels op die bestaanswerklikheid van huishoudings is bespreek.

Daar is gelet op die rol van armoede op die beskikbaarheid van watervoorsiening en gepaardgaande higiëne, sanitasie en siektetoestande in die Hoëveldse huishouding.

Die ontwikkeling van waterstelsels en sanitasie in die plattelandse woonhuis is nagegaan met gepaardgaande probleme rondom water in die huishoudelike omgewing.

Funksionele huishoudelike waterbenutting, -bewaring en -besparing is nagegaan.

Die historiese evolusie met betrekking tot die voorsiening van water in die kombuis en badkamer binne die landelike konteks kom ter sprake.

¹⁷ Veldwerk is by die kultuurhistoriese museums op Diepkloof in die distrik Heidelberg, Hartbeespoort in Silverton (Pretoria) en Zwartkoppies in die buitewyke van Pretoria in Noord-Gauteng gedoen. Die inligting is vergelyk met dié van die huise op De Rust, Rietfontein en Stryfontein in die distrik Heidelberg en Runnyede, Middelspruit en Brakspruit in die distrik Frankfort in die Noordoos Vrystaat.

Die invloed van Europese modes en style, die vrou se behoeftes, gerief en finansiële status op die tegnologie van watervoorsiening in die landelike huis op die Hoëveld, is aangetoon.

Hoewel die fokus van hierdie studie nie primêr op die hoër middelklas se Victoriaanse villas op die landelike Hoëveld val nie, is dit tog van belang om kennis te dra van hierdie lewensstyl met betrekking tot water en sanitasie, omdat dit beslis die gemiddelde eenvoudiger landelike inwoner beïndruk en beïnvloed het.

Daar is gepoog om inligting oor watergebruik en huishoudelike sanitasie in die badkamer en kombuis van die plattelandse huishoudings in te samel, sodat die bestaande kennis rondom historiese argitektuur en erfenisbewaring rondom die sfeer van waterbenutting uitgebrei kan word.

In die ondersoek is ook gelet op strategieë en tegnologie van weleer ten einde vas te stel of dit in die moderne tyd van waarde kan wees.

3. Vernaamste teoretiese argumente

In die lig van die feit dat hierdie studie in die dissipline van Geskiedenis is, word daar nie van meet af aan op 'n teoretiese perspektief gefokus nie. Veel eerder is by wyse van 'n onbevange ondersoek van primêre en sekondêre bronnemateriaal gelet op die proses van verandering op die terrein van watervoorsiening en sanitasie in die Hoëveldse landelike huishouding 1840 - 1910.

Dienooreenkomstig met die teorie van Johann von Tünnen, bestaan daar 'n patroon ten opsigte van die ligging van spesifieke plaasaktiwiteite in verhouding tot die landelike Hoëveldse woning.

'n Moontlike teoretiese grondslag is vanuit 'n hermeneutiese perspektief: ooreenkomstig die historiese verwysingsraamwerk, ontwikkel.

4. Literatuur en metodiek

4.1 Literatuur

Daar is nie veel oor die huishoudelike waterstelsels in die konteks van die Suid-Afrikaanse Hoëveldse huis geskryf nie. Derhalwe is onder meer op breë en generiese bronne soos tydgenootlike periodieke publikasies en gepubliseerde bronne (koerante en tydskrifte) gefokus.

Primêre bronne: Ongepubliseerde memoirs, korrespondensie, briewe, mondelinge onderhoude, dokumente in privaatbesit, asook plaaslike en sentrale owerheidsargiewe is geraadpleeg.

Skondêre bronne: Gepubliseerde en ongepubliseerde werke wat op plaaslike, nasionale en internasionale sosio-ekonomiese en kultuurhistoriese aspekte let, is geraadpleeg.

4.2 Metodiek

Die metodiek van die studie is gesetel in die navorsingsproses (historiek), die soektog na inligting omtrent die onderwerp, die insameling en ordening van inligting (heuristiek), die kritiese beoordeling van bronne (kritiek), die interpretasie van inligting (hermeneutiek) en verslagdoening oor die bevindings.¹⁸

Toepaslike terreine en strukture wat op die navorsingsonderwerp van toepassing was, is tydens veldwerk besoek en vir dokumentêre doeleindes geïnterpreteer.

Mondelinge inligting is ingesamel en dan in ooreenstemming met bepaalde metodologiese grondslae vir navorsingsdoeleindes georden.

Om die inligting lewend aan te bied, is gepoog om sover moontlik visuele inligting, mondelinge herinneringe en persoonlike teksindrukke oor die onderwerp te ontgin. Daar is onder meer gebruik gemaak van foto's, huisplanne, katalogi, sketse en selfs skilderye, met die doel om die tekstuele diskoers te verryk.

¹⁸ J.W.N Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede, die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*, p. 41.

Hoofstuk 2

Water in die omgewing van die woonhuis

1. Inleiding

Die beskikbaarheid van water het 'n direkte invloed op die verspreiding en vestiging van die Trekkers op die Hoëveld (Oorvaalse gebied) gehad. Vestiging ná 1852 (*Illustrasie 1*), was hoofsaaklik langs standhoudende riviere. Die beskikbaarheid van water in die onmiddellike omgewing het bepaal waar die pioniers hulle permanent sou vestig en hoe hulle die werf sou uitlê. Beide die landbouers en veeboere se daaglikse brood was afhanklik van water. Hulle ervarings, waarnemings, gevolgtrekkings en weervoorspellings het inhoud aan die oorgelewerde volksweerkunde gegee wat bepaal het waar hulle permanent sou vestig. Verder het omgewingsfaktore soos die plaaslike topografie, mikroklimaat, hidrografie, grondvrugbaarheid en die voorkoms van natuurlike plantegroei, ook bepaal of 'n area geskik was vir permanente vestiging en oorlewing.

Die ligging van die woonhuis en buitegeboue is altyd die fokuspunt van die plaasboer se aktiwiteite vanwaar hy na buite beweeg om na sy plaasaktiwiteite om te sien.¹⁹ Die huis is, vir die huisvrou se gerief, gewoonlik binne loopafstand van die waterbron, hetsy 'n put, boorgat of fontein, gebou. Die stoor van water deur die opdamming van stroompies en die bou van kanale en slote, het die boer ook gehelp om sy plaasaktiwiteite te beplan en te manipuleer.

Die plaaswerf kan verdeel word in 'n verskeidenheid funksionele komponente wat almal interafhanklik van mekaar is, naamlik die kleinwerf, grootwerf en die buitewerf.²⁰ Vir die doeleindes van hierdie studie sal gefokus word op die strukture wat direk verband hou met water.

2. Ligging, kultuur en omgewing

Ons kan die teorie van Johann von Thünen, 'n negentiende-eeuse Noord-Duitse grondeienaar en boer, toepas op die omgewing van die Hoëveldse plaas. Hiervolgens kan plase opgedeel

¹⁹ J.F. Kolars, en J.D. Nystuen, *Geography: the study of location, culture, and environment*, p. 364.

²⁰ M. Naudé. Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal, p. 108.

word in kleiner homogene identifiseerbare areas. Die woonhuis en buitegeboue vorm die fokuspunt van die plaasboer se aktiwiteite, vanwaar hy na buite beweeg om na sy plaasaktiwiteite om te sien. Verder het hy ook waargeneem dat sekere plaasaktiwiteite in sirkelvormige areas of ringe rondom die woning plaasvind.²¹ Die teorie kan toegepas word op die ligging van spesifieke plaasaktiwiteite, in verhouding tot die woning wat die kern van alle aktiwiteite vorm. Die formaat van die sirkelvormige areas word deur die klimaatsvariasie in die omgewing en die boerdery-aktiwiteite bepaal. Die warm noordeson en koue suidelike helling op die Hoëveld het ook dienoreenkomstig die plasing van die woonhuis en die uitleg van die plaaswerf en plaasaktiwiteite bepaal. Die formaat van die werfuitleg van die vee-, saai- en gemengde boerdery het ook van mekaar verskil.

Die Afrikanerboer het by uitstek na tekens van reën gesoek. Indien 'n ou besering of liddoring begin pyn, is reën voorspel.²² Die noukeurige waarneming van die gedrag van diere, voëls (soos die swaeltjie wat laag vlieg) en insekte (die duisendpoot - ook genoem die reënslangetjie - wat in stringe om die huis loop en die miere wat vlytig stokkies nes toe dra), was alles tekens dat reën aan die kom is. 'n Rooi sonsondergang het droogte beteken, maar 'n rooi sonsopkoms, reën.²³ Wolkformasies is ook bekyk. So het skuit- en boomvormige wolke reën gebring. Die ou mense het ook saans met slapenstyd 'n kraffie water voor die bed neergesit. As daar in die oggend druppeltjies om die bek van die kraffie was, sou dit reën.²⁴

3. Omgewingsfaktore wat landelike nedersettings beïnvloed

Die pioniervestigter is deur die fisiese omgewing gebind in sy keuse waar hy die werf sou uitleë. Die plaaslike topografie, mikroklimaat, hidrografie, grondvrugbaarheid en die voorkoms van natuurlike plantegroei het die tipe, ligging, struktuurvorm en interne funksionering van die landelike nedersettings beïnvloed.²⁵

²¹ J.F. Kolars, en J.D. Nystuen, *Geography, the study of location, culture, and environment*, p. 218.

²² P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (IV) Boerewysheid*, p. 107.

²³ P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (IV) Boerewysheid*, p. 111.

²⁴ P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (IV) Boerewysheid*, p. 112.

²⁵ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 83

3.1 Plaaslike topografie

Die helling en egaligheid van die grondoppervlak het 'n groot invloed op die keuse van posisie van die plaaswerf uitgeoefen. 'n Heuwelagtige omgewing is byvoorbeeld moeiliker om te bewerk as 'n plat landskap. Gedurende die tydperk onder bespreking, het 'n huis se vloer 'n enkel horisontale platform gevorm. Vanuit 'n praktiese oorweging is die konstruksie van 'n woning teen 'n helling ook meer arbeidsintensief. 'n Groot hoeveelheid materiaal moet ingevoer word om die platform te vorm, grond moet uitgegrawe en/of 'n hoë fondamentmuur moet aan die lae kant van die huis gebou word. Daar moet ook voorsiening gemaak word vir die afvoer van reënwater.

Plaaswerwe wat teen 'n lang aaneenlopende helling geleë is, neem noodwendig 'n vorm aan, met die lang sye van die geboue ewewydig aan die kontoerlyn om die hoeveelheid opvulling (en dus die arbeid) te verminder. Diepkloof plaaswerf (*Illustrasie 2*) is op hierdie wyse beplan en uitgelê (veldwerk 2007-03-06). Die werf is so geplaas dat dit oor die landskap uitkyk, met die vrugteboord, groentetuin en veekrale laer as die woning. Die plasing van die permanente woning was dan ook gewoonlik hoog teen die kloof naby 'n waterbron soos 'n stroompie, 'n standhoudende fontein of rivier, wat water vir huishoudelike gebruik en vrugte- en groentetuine voorsien het.²⁶

Waaier- of boogvormige werwe kom voor waar die kontoer 'n uitloper of 'n kern vorm.²⁷ Zwartkoppies se werfuitleg (*Illustrasie 3*) met die hoofopstal as kern waarom alle aktiwiteite plaasvind, is op hierdie wyse beplan en uitgelê (veldwerk 2006-03-07 en 2007-04-23).

Op 'n gelyker landskap is die plasing van die geboue nie volgens die kontoer gedoen nie, maar eerder volgens die voorkeur en gerief van die bewoner. In die geval van die pioniershuis op Hartbeespoort waar die plaaswerf op 'n gelyke vlak lê, vorm die werf 'n vierkantige patroon en is die geboue ook verder uitmekaar geleë (veldwerk 2006-03-17 en 2007-11-08). Die klipwatervoor, met 'n aangeplante granaat- (*Punica granatum*) en kweperlaning (*Cydonia oblonga*) aan die oostekant en die bloekomlaning (*Eucalyptus*) aan die noordekant, omraam die woonhuis (*Illustrasie 4*).

²⁶ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967, p. 145.

²⁷ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 84.

3.2 Mikroklimaat

Dit is veral die werwe wat teen 'n berg of rant geleë is, wat mikroklimaatsfaktore ten volle benut.²⁸ Die berg of rant beskerm die werf teen wind, soos op Diepkloof wat geleë is aan die noordekant van die berg, of teen direkte noordeson indien die woning teen die suidelike hang van 'n berg geleë is. Op die Hoëveldse plaaswerwe wat op oop vlaktes geleë was, is 'n mikroklimaat geskep deur die aanplant van bloekom- (*Eucalyptus*), sipres- (*Cupressus sempervirens*), witpopulier- (*Populus alba*), peper- (*Schinus molle*), maksering- (*Syringa vulgaris*) en wilgerbome (*Salix capensis*) wat veral langs die water aangeplant is. Dit dien dan as windbrekers en sonfilters soos op Zwartkoppies, De Rust (veldwerk 2005-10-26) en Hartbeespoort. Dit blyk dat inheemse bome nie op groot skaal op die landelike Hoëveld aangeplant is nie. Die rede hiervoor is dat inheemse bome stadiger groei as uitheemse bome. Omdat die werklike oorsaak van malaria onbekend was, is daar in die pioniersfase geglo dat wilgerbome die oorsaak daarvan was. Daar is selfs 'n tyd lank 'n verbod geplaas op die aanplant van wilgerbome langs watervore.²⁹

3.3 Hidrografie

Die belangrikste faktor vir die keuse van 'n stuk grond vir permanente verblyf, was die beskikbaarheid van water ten einde die oorlewing van mens en dier te verseker. Die vestiging van die pionier was dienooreenkomstig altyd in die nabyheid van water, hetsy 'n rivier, spruit (*Illustrasies 5 en 6*) of 'n fontein.³⁰ By die verkoop (1894) van 'n stuk grond, soos die plaas Blinkpoort in die Heidelbergdistrik, het die "oewervloed van water" beslis 'n rol gespeel.³¹ Die watervore en damme is ook eerste aangelê, voordat 'n skerm of woonstruktuur vir menslike bewoning gebou is.³²

Indien die natuurlike waterbron nie aan die waterbehoefte kon voorsien nie, is kostes aangegaan om te boor vir water soos by De Rust. Die eerste boorgate en waterpompe het teen 1890 hul verskyning op die landelike Hoëveld gemaak.³³ Hierna het windpompe,

²⁸ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 84.

²⁹ C. Pretorius, *Pretoria se pioniershuis sy tyd en sy mense*, p. 22.

³⁰ T.H. Le Roux, *Die dagboek van Louis Trigardt*, pp. 21 en 121.

³¹ Advertensie 2443, "Een ware goudmyn! Blinkpoort No. 208" in *De Volksstem*, 1894-02-21.

³² T.H. Le Roux, *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 3.

³³ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967, p. 145.

meganiese pompe (stoom- en paraffienmotorpompe)³⁴ algemeen op die plase voorgekom. As die een boorgat opgedroog het, is die volgende een gesink.³⁵

Uit die reisbeskrywings van reisigers na die binneland van suider Afrika blyk dit dat beide die pioniers en die inheemse bevolking in riviervalleie gevestig het. Die inheemse bevolking het ter wille van verdedigingsdoeleindes en maksimum hitte, hulle hutte teen 'n noordelike helling in die nabyheid van water gebou.³⁶ Die pioniers het egter as gevolg van die vrugbaarheid van die rivier-afgesette leemgrond, eerder op die vloedvlakte in die riviervalleie gevestig.

Die pioniers het hulle wel naby die vloedvlakte gevestig, maar het oor genoeg kennis van die ligging van hul werf ten opsigte van die watervloedlyn beskik. So is die pioniershuis op Hartbeespoort op 'n spesifieke hoogte en afstand vanaf die Morelettaspruit gebou sodat dit buite die vloedlyn lê. Ondanks menige vloed-insidente het die huis ongeskonde gebly. Verder is die pioniershuis so geplaas dat dit 'n uitsig oor die plaas en die vee sou hê.³⁷

Die bewoners van die landelike Hoëveld was bewus daarvan dat die grond binne die vloedlyn van 'n rivier gewoonlik nie geskik is om op te bou nie. Dit is klei- en turfagtig, rek en krimp met vogtoename en laat derhalwe strukture bars. Klei is tog gebruik om mure mee te pleister, stene te maak en die nok en sykante van grasdakhuse te pleister ten einde die dakke waterdig te maak.

3.4 Grondvrugbaarheid

Die eerste pioniers wat op die Hoëveld gevestig het, was hoofsaaklik veeboere wat rondgetrek het en op genoeg weiding vir hul kuddes, eerder as grondvrugbaarheid gefokus het.

Tydens die permanente vestiging op die vroeë Hoëveld, het grondvrugbaarheid beslis 'n rol in die keuse van grond begin speel. Op die vloedvlaktes van die riviere was vrugbare rivier-afgesette leemgrond ideaal vir akkerbou, landerye, boorde en tuine wat op hulle beurt weer in die behoeftes van die gesin kon voorsien.³⁸ Dit word bevestig deur die hoë voorkoms van

³⁴ Advertensie 3140, "Stoompompe en parafin motor-pompe" in *De Volksstem*, 1903-07-04.

³⁵ GPA, MO 1, L. Bezuïdenhout, 2005-10-26.

³⁶ C.S. Van der Waal, *Die woning en woonwyse onder die Venda*, p. 12.

³⁷ C. Pretorius, *Pretoria se pioniershuis sy tyd en sy mense*, p. 9.

³⁸ C. Pretorius, *Pretoria se pioniershuis sy tyd en sy mense*, p. 21.

Hoëveldse plase teen die wande van vloedvlaktes, soos Hartbeespoort langs die Morelettaspruit, Zwartkoppies bokant die Pienaarsrivier en De Rust bokant die Blesbokspruit. Die ligging van die grond, die voorraad brandhout en die beskikbaarheid van water vir besproeiingsdoeleindes het ook 'n groot rol gespeel in grondpryse tydens die verhandeling van plase op die Hoëveld.³⁹ Die meeste gevestigde boere het dan ook oor meer as een plaas beskik, naamlik 'n vrugbare saaiplaas op die Hoëveld vir landboudoeleindes en 'n veeplaas in die Bosveld (of in die Laeveld) vir winterweiding.⁴⁰ Hierdie boere het met hul vee tussen die plase rondgetrek. In die herfstyd het hulle met die vee gemigreer vanaf die Hoëveld na winterweide in die warmer dele. Op die Hoëveld is die eerste permanente woonstruktuur gebou, terwyl die blyplek op die winterplaas net 'n tydelike struktuur was.

3.5 Natuurlike plantegroei

Soos reeds genoem, was die pioniertrekboere wat hulle op die Hoëveld gevestig het, hoofsaaklik veeboere. Die trekroete, sowel as die keuse vir permanente vestiging, het dan ook afgehang van die beskikbaarheid van genoeg weiding en water vir die vee. Plaaswerwe is nie in bosryke klowe aangelê nie,⁴¹ maar eerder waar daar genoeg gras vir weiding en water vir die vee was. Die Hoëveldstreek, bekend vir sy gras- of savannaveld,⁴² was ideaal vir die vestiging van die pionierbeesboer.

Waterwysers het 'n swerwersbestaan gevoer en het selfs hul dienste (teen die 1870's) in die plaaslike koerant geadverteer terwyl hulle op 'n boer in die omgewing se plaas vir 'n wyle vertoef het.⁴³ Hierdie waterwysers het na die plantegroei op die landskap gekyk om te bepaal waar daar water is. Waterare is gekenmerk deur 'n streep wilde bosse, soos die appelbos, wat oor 'n afstand van enkele kilometers kan strek. Aan weerskante van hierdie bosse is daar dan 'n kliprif wat skuins in die grond afloop om 'n ondergrondse damwal, waarteen die water opgaan, te vorm. 'n Put kan dan tussen drie en sewe meter vanaf die riffie bo die grond gegrawe word.⁴⁴ Soms is 'n mikstok, staal-, koper- of bloudraad, 'n rietstokkie of 'n bottel

³⁹ A.N. Pelsler, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1)*, wordingsjare, p. 24.

⁴⁰ W. Beinart (Ed.), *Putting a plough to the ground. accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930*, p. 375.

⁴¹ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 86.

⁴² N. Parsons, *The new history of Southern Africa*, p. 2.

⁴³ Advertensie, "The great water linder Mr. Walter Marchal" in *De Volksstem*, 1874-06-27.

⁴⁴ G. Van der Waal-Braaksma en O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste, die stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*, p. 61.

water gebruik om water aan te wys. Die mikstokkie word van 'n boom wat naby water groei, soos die wilgerboom, gesny. Die mikstok word met die handpalms na bo in die hande gevat, met die nek wat met 'n hoek van 45° na bo wys en wanneer daar oor die water beweeg word, buig die nek van die mikstok grond toe.⁴⁵

4. Die funksionele verdeling van die werf

Die plaaswerf kan verdeel word in 'n verskeidenheid funksionele komponente wat almal interafhanklik van mekaar is en binne 'n sisteem funksioneer. Die bepaalde sisteem word deur die boerdery-tipe bepaal. Die patroon van hierdie komponente val gewoonlik in drie geografiese afgebakende dele uiteen, naamlik die kleinwerf, grootwerf en die buitewerf.⁴⁶ Vir die omvang van hierdie studie sal ek slegs fokus op strukture wat direk verband hou met water.

4.1 Die kleinwerf

Hierdie area wat ook die binnewerf genoem word, is die deel rondom die hoofopstal of woning waar die huisvrou se aktiwiteite hoofsaaklik plaasvind. Hierdie gedeelte van die werf lê gewoonlik reg rondom die woning en word duidelik omgrens met 'n watervoor, gepakte klipmuur, aangeplante heining, laning, of ná 1870 'n draadheining.⁴⁷ Naas die woning was daar ook buitekamers, soos 'n buitekombuis of kookhut, 'n bad- en strykrondawel, 'n koeler of koelkamer en 'n werkskamer of rondawel vir die mans se aktiwiteite. Die waterbron, hetsy 'n put, boorgat of fontein met 'n wasklip en 'n watervoornetwerk, was ook op hierdie deel van die werf geleë. Die kruie-, groente-, blomtuin en soms ook die vrugteboord is naby die huis aangelê. Verder was daar gewoonlik 'n eendedam, hoenderneute en soms ook varkhokke op die kleinwerf.

Die put vir huishoudelike drinkwater op Hartbeespoort is gerieflikheidshalwe reg agter die kombuis en buitebakoond naby die agterdeur geleë,⁴⁸ terwyl Diepkloof se put reg langs die kort sy van die woning geleë is.

⁴⁵ P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (IV) Boerewysheid*, p. 114.

⁴⁶ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 108.

⁴⁷ C. Pretorius, *Pretoria se pioniershuise sy tyd en sy mense*, p. 21

⁴⁸ GPA, PAM 1, Pioniermuseum, NKHM.

Die put op Diepkloof is soos ook die put op Hartbeespoort, 'n rolput wat met 'n katrol werk. Hierdie put het aan die bokant 'n stewige houtstruktuur. Dit bestaan uit twee houtpote aan weerskante van die put, met 'n ronde houtbalk in die middel wat op pote rus en in die rondte kan draai. Aan een kant of aan beide kante van die ronde houtbalk is daar 'n slinger (*Illustrasie 7 en 8*). 'n Emmer, blik of skepsak kan met 'n tou, riem of ketting, waarvan die lengte bepaal is deur die diepte van die water in die put, aan die dwarsbalk vasgemaak word. Wanneer die emmer vol is, word dit opgetrek deur die tou of ketting rondom die roterende dwarsbalk oor die put op te draai. Bo word die emmer, blik of skepsak omgekeer in 'n waterkrip, geutjie of slootjie wat die water dan wegvoer.⁴⁹ Daar is soms ook met 'n emmer aan 'n eenvoudige haak, water uit die put geskep.⁵⁰

Water is kosbaar en is hoofsaaklik vir drinkwater opgevang.⁵¹ Die gebruik om reënwater vanaf die dakgeute in 'n houer op te vang, het saam met die aanbring van dakgeute gekom. Die inheemse bevolking het ook reënwater van die woonhut se dak in kleipotte, of enige houer opgevang om in te was en te kook.⁵²

Die verwerking van melk, vleis, groente en aktiwiteite van die mans het gewoonlik in rondaweltipe geboue op die kleinwerf plaasgevind. Die rondawel op die kleinwerf het soms ook as 'n kook- en badvertrek of stoorkamer gefunksioneer. 'n Koeler, sifkas of koelkamer om vleis en groente te bewaar, is soms onder 'n boom of in die nabyheid van die waterbron aangebring.⁵³

By die inheemse bevolking was dit een van die vrouens of dogters se dagtake om water vir die huishouding te gaan skop en na die woning aan te dra. In die huishoudings met bediendes was daar 'n vroulike bediende wat die watervoorraad aangedra het.⁵⁴ Die waterbron, hetsy 'n put, boorgat of fontein, was vir die vrou se gerief, binne loopafstand van die huis. Die fontein wat drinkwater vir die huishouding voorsien het, is sesmaandeliks skoongemaak van slik.⁵⁵ Die waterslote (vore) is ook skoongehou.⁵⁶ Op Alma (Warden) was daar ongeveer 50

⁴⁹ G. Van der Waal-Braaksma en O.J.O. Ferreira, *Die Noordweste, die stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*, p. 65.

⁵⁰ J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 39.

⁵¹ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 107.

⁵² GPA, MO 1, A. Mokwena, 2005-09-28.

⁵³ GPA, MO 1, A. Carelsen, 2006-03-17.

⁵⁴ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 93.

⁵⁵ GPA, MO 1, A. Carelsen, 2006-03-17.

meter van die agterdeur af, 'n boorgat met 'n handpomp waar drinkwater vir die huishouding verkry is.⁵⁷ Die woning is soms beplan en gebou langs 'n bergstroom sodat water vir die huishouding byderhand is.⁵⁸ 'n Grondwatervoor is ook vanaf die waterbron, verby die agterdeur van die woning (*Illustrasie 9*), gegrawe. Water is op hierdie wyse gemanipuleer tot voordeel van die inwoners.⁵⁹

Op 'n wasklip, reg langs die waterbron, is die wasgoed met die hand gewas. Die pioniers se klere is óf deur die vrou en dogters óf deur 'n wasvrou ingevryf en met koue water op die wasklip gewas. Gedurende die trekkersfase het die vrouens in die koue rivierwater klere gewas.⁶⁰ Die plaaswerkers en huisbediendes het soos die inheemse bevolking, hulle wasgoed stroom-af⁶¹ op die banke van die rivier gewas (*Illustrasie 10*). Hulle het egter nie net hul eie klere gewas nie. Ander mense se wasgoed is teen vergoeding gewas.⁶² In die arm landelike huisgesin (ná 1900) het die meisies hulle wasgoed in skottels langs die rivier gewas, op die gras gebleik en dan in die son gelos om droog te word.⁶³ Ná 1900 is die wasgoed in 'n was- en strykkamer (rondawel) of op die agterstoep gewas.⁶⁴ Die wasgoed is in 'n sinkbad, wasbalie of waskuip⁶⁵ wat op 'n klipkombuistafel gestaan het, gewas. Warm water is in die seeppot op 'n oop vuur gekook en gebruik soos benodig.⁶⁶ Boerseep is self gekook en vir wasdoeleindes gebruik.

Zwartkoppies (1890) en De Rust (1906) het lopende water binne die huis gehad. Die ligging van die waterbron was in hierdie huishoudings nie meer 'n faktor nie.

⁵⁶ P.W. Grobelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (II) Spieëlbeeld Oorlog 1899-1902*, p. 171.

⁵⁷ GPA, MO 1, T.G. Corver, 2005-12-01.

⁵⁸ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, illustration p. 61.

⁵⁹ F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 419.

⁶⁰ G.S. Preller en M. Scholtz (red.), *Joernaal van 'n trek: uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 77.

⁶¹ GPA, MO 1, P.S. Kruger, 2007-10-19.

⁶² Om die besoeiding van drinkwater op die Hoëveld te keer, het hierdie gebruik (1910 en daarna) aanleiding gegee tot die uitreiking van munisipale regulasies. Kyk SA TA MPA, Pretoria, 3/4/1235 92. Laundry and washing by-laws. August, 1913. SA TA MPA, Pretoria, 3/3/123 16. Note on Health, advertising the city of Pretoria, 1910. SA TA MBP, Pretoria, 2/1/194 S 1/29. Council meeting of the Municipality of Brakpan, Sanitation, 1929-02-25.

⁶³ E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke (3) Onderwys-verslag*, verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, p. 5.

⁶⁴ GPA, MO 1, A. Carelsen, 2006-03-17.

⁶⁵ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, illustration p. 61.

⁶⁶ GPA, MO 1, M.L. De Villiers, 2006-09-21.

Die kleinwerf het oor sy eie watervoornetwerk beskik, met die huisvrou wat haar eie leibeurt gehad het.⁶⁷ Soos op Hartbeespoort, het die leivoor soms die kleinwerf se grens gevorm, en dan vertak na die kruietuin daarbinne. As 'n mens na hierdie leivoor (1878) kyk, is dit 'n gepakte klipwatervoer wat vanaf die fontein, verby die vrugteboord, kruietuin en huis, reg oor die werf loop.⁶⁸ 'n Aangeplante granaat- (*Punica granatum*) en kweperlaning (*Cydonia oblonga*) wat as windbrekers gedien het, het al langs die watervoer geloop en so die kleinwerf van die grootwerf geskei.⁶⁹

Tydens die vestiging van die pioniers in 1840 was pype onbekend. Die gebruik van oop watervore is soos in die Kaap ook deur die trekkers op die Hoëveld toegepas. Sommige pioniers het tog uit hout vir hulle waterpype gekerf.⁷⁰ Die meeste pypeleidings wat ná 1880 op die kleinwerf aangebring is, (soos by Zwartkoppies en De Rust) was ysterpype wat water aan die huishouding moes voorsien.⁷¹

'n Kruid-, groente- en blomtuin is gewoonlik vir huishoudelike gebruik reg langs die huis aangelê.⁷² Zwartkoppies (1890) het byvoorbeeld 'n goed beplande Victoriaanse roostuin met netjies gesnoeië heinings reg langs die sykant van die huis gehad (*Illustrasie 11*). Die watersloot reg rondom hierdie tuin is ingemesselde, gehalveerde, gebakte kleipype. Kleipype was reeds in 1873 in die handel beskikbaar, soos by die handelaar R. Winstanley op Kerkplein in Pretoria.⁷³

Die eendedam, hoenderneeste en soms ook die varkhokke, was ook in hierdie deel van die werf geleë.⁷⁴ Die eendedam - 'n gronddam - is gewoonlik in die laerliggende deel van die werf gebou, soos op Diepkloof en op Hartbeespoort. Die hoenderneeste en varkhokke was ook naby die agterdeur geleë. Die vrugteboord, wat met oop waterkanale besproei is (Hartbeespoort, Diepkloof en De Rust), is soms vir huishoudelike gebruik naby die agterdeur aangelê.

⁶⁷ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 109.

⁶⁸ GPA, PAM I, Pioniermuseum, NKHM.

⁶⁹ GPA, MO I, A. Carelsen, 2006-03-17.

⁷⁰ GPA, MO I, A. Carelsen, 2006-03-17.

⁷¹ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 109.

⁷² GPA, MO I, A. Carelsen, 2006-03-17.

⁷³ Advertensie. "R. Winstanley" op die voorblad in *De Volksstem*, 1873-10-17.

⁷⁴ GPA, MO I, A. Carelsen, 2006-03-17.

By die hoofingang van die Victoriaanse plaasopstalle (Zwartkoppies en De Rust) is daar gewoonlik 'n dammetjie met 'n spuitfontein (*Illustrasie 12*). Die oorspronklike funksie van die fontein voor die plaasopstal was, soos in Europa, vir die manlike besoekers om hul hande te was en hul perde te laat drink,⁷⁵ voordat hulle die huis betree.

4.2 Die grootwerf

Hierdie gedeelte val buite die kleinwerf en is verder, maar nog binne stapafstand van die woning. Die manlike aktiwiteite vind hoofsaaklik binne hierdie area plaas.

Die kleinhuisies, bywonershuis, waenhuis, rondawels, looikuip en breiplot, dorsvloere, stalle, krale, dipkraal, drukgang, skuur, fonteine, damme, putte, watervore, landerye, vrugteboorde, waterpompe, boorgate, windpompe, koelkamer, meulens, steengroef en strooise kom gewoonlik alles op die grootwerf voor.⁷⁶

Die kleinhuisie of “longdrop” wat deur beide die mans en vrouens gebruik is, was binne loopafstand van die huis, soms op die kleinwerf of net buite die kleinwerf op die grootwerf geleë. Die posisie van die kleinhuisie was van uiterste belang, omdat dit onder die vlak van die waterbron moes lê, ten einde moontlike kontaminasie van die drinkwater te voorkom.

Die bywonershuis was gewoonlik die oudste of eerste woning op die werf, sonder lopende water en in sommige gevalle nog gebou van klip uit die omgewing.

Die waenhuis is prominent naby die huis geleë en soms ouer as die woning self, soos die klipwaenhuis op De Rust (*Illustrasie 13*). Sandsteen, as boumateriaal, was nooit waterdig nie, omdat vogtigheid tydens reënbuie in die klip ingetrek het en dan die struktuur klam en koud gemaak het. Die eerste permanente woonstrukture op die Hoëveld was met blouklip (ysterklip) gebou, omdat die boumateriaal in die onmiddellike omgewing beskikbaar was.⁷⁷ Soms was net die fondamente van klip en die mure dan met klei of steen gebou. Die waenhuis, skuur en stalle was gewoonlik naby mekaar geleë. Daar moes water vir die diere na die stalle voorsien word, en oop kanale met die nodige sluise is hiervoor gebruik. Die looikuip en breiplot was gewoonlik naby die waenhuis geleë en watervoorraad is aanvanklik per hand vir die looi- en brei-aktiwiteit aangedra.

⁷⁵ J.P. Goubert, *The conquest of water: the advent of health in the industrial age*, p. 210.

⁷⁶ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 112.

⁷⁷ P.J. Nienaber, *Frystaatse Argitektuur, historiese argitektoniese ontwikkeling van die Frystaatse boukuns, 'n oorsig*, p. 11.

Rondawels was nie net deel van die strukture op die kleinwerf⁷⁸ nie, maar soms ook op die grootwerf. Dit is as werk- of stoorruimte sonder enige water gebruik. Soos die inheemse bevolking se hutte, was hierdie strukture oorspronklik met modderklei en gras gebou. Die hut of rondawel is meestal met modder-en-klip of met steen gebou, wat 'n permanentere en waterdigter struktuur was.

Die stalle, krale, dipkraal en drukgang was ook deel van die grootwerf. Water is aanvanklik per hand en later met kanale en pype soos benodig en op aanvraag na hierdie areas herlei.⁷⁹ Die ligging van die waterbron het die vee-aktiwiteite en die plasing van die stalle en krale bepaal, soos blyk uit die veldwerk wat ek op Diepkloof (2007-03-06) gedoen het. Op hierdie werf is die put hoër as die krale geleë. Water loop al langs die kontoer in kanale langs na die krale en beperk sodoende die besoedeling van die woning se drinkwater.

Teen ongeveer 1890 het die eerste boorgate en waterpompe hul verskyning gemaak.⁸⁰ Damme, boorgate (met wind- of meganiese pompe) en 'n rivier of stroompie wat water vir die vee, vrugteboorde en huishouding voorsien het, kom ook op die grootwerf voor. Die windpomp (*Illustrasie 16*) het bestaan uit 'n ystertoring met 'n wiel aan die bokant, voorsien van skuinsstaande wieke wat deur die wind gedraai word. Deur middel van ratwerk word 'n suier binne 'n silinder in beweging gebring (*Illustrasie 17*), wat dan die water bogronds uitpomp.⁸¹ Hierdie staaltipe windpompe is ingevoer vanuit Amerika, Australië en Engeland en het algemeen op die landelike Hoëveld. 'n streek met somerreënval en verspreide donderbuie, voorgekom.⁸² Windpompe op vlak boorgate het ondergrondse water bogronds uitgepomp in 'n gemesselde klip, steen, sement of sink opgaardam. Hierdie water is dan vir vee en akkerbou aangewend. Dit was en is nog steeds 'n vindingryke, goedkoop en eenvoudige manier om water te pomp.

Volgens die bronne wat geraadpleeg is, is daar nie bewyse van omvattende boorgatetegnologie op die landelike Hoëveldse werf nie. Die Trans-Oranjegebied was tot vroeg in die twintigste eeu tegnologie agtergeblewe.⁸³ Tipiese toegang tot windpomptegnologie was beperk tot die

⁷⁸ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, illustration p. 61.

⁷⁹ GPA, MO 1, P. Grobler, 2006-03-06.

⁸⁰ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 30(2), 1967, p. 145.

⁸¹ F.F. Odendal, *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1363.

⁸² J. Walton, *Water-mills windmills and horse-mills of South Africa*, p. 155.

⁸³ E. Rosenthal, *The Vereeniging Estates story*, p. 3.

stede en progressiewe boerdery, 'n sektor wat eers teen die negentigerjare prominent geraak het.⁸⁴ Tot aan die begin van die twintigste eeu (ná 1902) was die plaaswerf regstreeks gekoppel aan plaaslike oppervlakte water.⁸⁵ Water is in damme opgegaar en bewaar vir latere gebruik. Die damme is aanvanklik self gebou met grond en klipwalle soos die cendedam op Diepkloof (*Illustrasie 14*). Teen 1898 is gemesselde gekapte klipdamme langs 'n boorgat gebou (*Illustrasie 15*), soos die dam bokant die klippioniershuis op Rietfontein Heidelberg, (veldwerk 2007-10-22). Watervore is gedurende die winter, wanneer dit nie op die Hoëveld gereën het nie, gegrawe en met klipkecrwalle gepak, sodat dit gereed was om die somerreëns op te vang.

Watervore met vertakkings en sluise het volgens die kontoerlyn van die landskap na die landerye geloop. 'n Swart manlike werker het, vanaf die bokant van die landerye, die water ry vir ry met sy graaf gemanipuleer totdat die hele land water gekry het.⁸⁶ Hierdie werker moes versigtig te werk gaan om te verseker dat die land eweredig natgelei word en water nie onnodig vermors word nie. Water is soms ook gebruik om die grond gelyk te spoel, voordat daar geplant is.⁸⁷

Miellielande is nie besproei nie en die boer moes staatmaak op reën vir 'n suksesvolle oes.⁸⁸ Die Afrikaner (wat ook op die landelike Hoëveld gewoon het) se Christelike geloof het 'n oorheersende invloed op sy bestaan gehad. Sy reënverwagtinge was gekoppel aan die seëninge van God, en droogtes, hael- en reënskade is as straf van God vir ongehoorsaamheid en sondes gesien.⁸⁹ Al was die tekens ongunstig, is daar gebid dat God reën moet stuur. Bid- en dankdae vir reën is ook gehou.⁹⁰

Op Zwartkoppies was daar 'n waterput aan die agterkant van die woning. Water is met behulp van 'n stoomaangedrewe pomp, wat in 1897 geïnstalleer is, bogronds gepomp.⁹¹ Rivierwater is ook vanuit die Pienaarsrivier al langs die kontoerlyne met kanale na 'n dam

⁸⁴ R.L. Leigh, *Vereeniging 1892-1967*, pp. 156-157.

⁸⁵ J.W.N. Tempelhoff (Ed.), *African water histories: transdisciplinary discourses*, p. 5.

⁸⁶ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 86.

⁸⁷ R.W. Wilcocks, *Die armblanke (II) Psigologiese verslag*. verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, p. 180.

⁸⁸ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 86.

⁸⁹ P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (IV) Boerewysheid*, p. 107.

⁹⁰ F. Slaughter (Ed.), *Storm and Sunshine in South Africa*, by Rosamund Southey, p. 93.

⁹¹ S.J.N. Maisels, "The Life and Times of Sammy Marks" in *Museum Memo*, 14(4) December 1986, p. 19.

gepomp. Die gesin het hier onder bome wat vir skaduweedoeleindes aangeplant is, piekniek gehou. Roeibote is ook op die dam gebruik en ingevoerde swart swane is aangehou.⁹² Vanaf die dam is die water met oop kanale en ysterpype na 'n enjinkamer gelei, waar krag met behulp van waterturbines opgewek is (veldwerk 2006-03-17 en 2007-04-23). Die turbines het redelik stadig geloop en was enorm groot, aangesien hulle 'n groot hoeveelheid water moes verwerk. Die krag wat só opgewek is, het die hele huis van elektrisiteit voorsien. Terwyl hierdie huishouding die voorreg gehad het om die nuutste tegnologiese ontwikkeling ten opsigte van water vanuit Engeland te benut, het die meeste landelike bewoners in die omgewing in eenvoudige pioniersomstandighede sonder binnenshuise lopende water en krag gebly.

Die klimaatsverandering het 'n rol gespeel in die wyse waarop die pioniers op die Hoëveld water hanteer en geberg het. Volgens die histories-weerkundige analises van T.D. Tyson was daar vanaf 1840 'n merkbare styging in die temperatuur in Suid-Afrika.⁹³ Water is opgedam, geberg en spaarsamig gebruik. Met die opdeling van plase, waar grondeienaars geen toegang tot 'n rivier, spruit of standhoudende fontein gehad het nie, en gedurende droogteye wanneer die stroom of rivier opgedroog het, was die windpomp op 'n boorgat vir sommige grondeienaars hulle enigste bron van water.

Reeds in 1889 is water op die platteland ondergronds geberg om verdamping te beperk, soos by die "Caledonian" hotel op Heilbron in die Vrystaat. Hulle het oor 'n 13 638 Kl (3000 gallon) ondergrondse watertenk, met die nodige pompe, beskik om die hotel en die tuin van water te voorsien.⁹⁴

Indien daar 'n sterk stroom of rivier op die grootwerf was, soos die stroom vanaf die fontein bokant die pioniershuis op Hartbeespoort, is 'n watermeul stroom-af (*Illustrasie 18 en 19*) gebruik.⁹⁵ Volgens 'n koerantadvertensie uit 1894 was daar in die Heidelbergomgewing so 'n oorvloed van water, dat daar ook 'n watermeul op die plaas "Blinkpoort" gebruik kon word.⁹⁶ Die watermeul is soms ook met die oog op waterdruk en toevoer op 'n skuinste

⁹² GPA, MO 1, A. Carelsen, 2006-03-17.

⁹³ P.D. Tyson, Histories-weerkundige analises in J.W.N. Tempelhoff. "Omgewingslagoffers of amblankes? Water en welvaartskepping in die era van Hertzog (1924-1939)" in: Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing XXXV, pp. 5-6.

⁹⁴ Advertisement, "Heilbron. O.F.S. a Golden opportunity, to be let, the 'Caledonian' Hotel, Heilbron," in *The Star*, 1889-08-20.

⁹⁵ GPA, PAM 1, Pioniermuseum, NKHM.

⁹⁶ Advertensie 2443. "I:en ware goudmyn!" in *De Volksstem*, 1894-02-18.

gebou. Die meul met 'n rat en wiel, is vertikaal geïmposeer binne of buite⁹⁷ langs die meulhuis. Die meulwiel met 'n as, is inderwaarheid 'n reuse rat wat deur bruisende water aangedraai word, sodat die groot kamrat en die lanternrat van die meulsteen se as, die meulstene kan laat draai.⁹⁸ Die wateraangedrewe meulwiel is rondom sy breë velling voorsien van bakkies of skeppers. 'n Lang houtgeut⁹⁹ wat op pale of pilare rus, of 'n waterkanaal wat onder deur die gebou loop soos op Hartbeespoort (veldwerk 2006-03-17 en 2007-11-08), lei die water tot op die skeppers. Die krag van die water laat die wiel draai. Min water gaan verlore. Die wiel draai onder in 'n klipsloot wat met klei uitgemesel is, om die gebruikte water vir besproeiing weg te lei.¹⁰⁰ Soms was vrugteboorde en groentetuine vir die bogenoemde doel in hierdie deel van die werf geleë.

Die strooise waarin die plaaswerkers gewoon het, is gewoonlik stroom-af en gerieflikheidshalwe naby die stalle en veekrale of naby die landerye opgerig, sodat hulle kon toesig hou oor die diere en die grootwerf.

4.3 Die buitewerf

Hierdie deel van die werf omring gewoonlik die grootwerf en strek so wyd as die plaas se grense.¹⁰¹

Die strooise of stalle waarin die plaaswerkers gebly het, is gewoonlik in hierdie deel van die werf geleë. Die ligging van die strooise was altyd onderkant die put of fontein vanwaar die drinkwater vir huishoudelike gebruik, geskep is.¹⁰² Hierdie woonstrukture was tydelike, eenvoudige wonings wat nie 'n lang leeftyd gehad het nie, en uit die aard daarvan ook oor geen lopende water beskik het nie. Die inwoners van die strooise, gewoonlik die vrouens en kinders, moes hulle daaglikse watervoorraad self aandra. 'n Os met 'n waterkar (*Illustrasie 20*), wat deur die werkers se kinders ingespan en aangedryf is, is soms vir hierdie doel aangewend. Die plaaswerkers en hulle kinders het altyd stroom-af in die rivier gewas.¹⁰³

⁹⁷ A. Du Toit, *Op 'n storm van drome, die verhaal van 'n vrybuteer-republiek*, illustrasie p. 141.

⁹⁸ F. Lindé, *In die hoog van die sekel: die verhaal van graan*, p. 56.

⁹⁹ J. Walton, *Water-mills windmills and horse-mills of South Africa*, p. 63.

¹⁰⁰ T. Pringle, *Narrative of a residence in South Africa (I)*, p. 49.

¹⁰¹ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 114.

¹⁰² GPA, MO 1, W.M. Leonard, 2007-10-22.

¹⁰³ GPA, MO 1, P.S. Kruger, 2007-10-19.

Kinderskrikke of paaiboelies by die Afrikaanse volksmens moes kinders van die rivier (gevaarlike plekke) af weghou. Monsteragtige watermans (soms watervroue) en waterslange is gebruik om kinders van oop waterbronne af weg te hou.¹⁰⁴ Watergeeste en die waterslang kom hoofsaaklik by die inheemse bevolkingsgroepe voor, maar is ook deur die Afrikaner gebruik en herskep. “(Ek) twyfel ni of daar is groter waterslange as wat ’n mens op di dro’e grond kry.” het ds. S.J. du Toit plegtig in die jaar 1900 verklaar.¹⁰⁵ Die algemene geloof was, dat watergeeste wat onder die water leef, jou na die water sal lok en dan intrek.

Damme en leivore het gewoonlik hul ontstaan in hierdie deel gehad en hiervandaan huiswaarts gestrek. Indien die waterbron dit regverdig, staan die meul soms in hierdie area.

Die familiebegraafplaas, byekorwe, stookplek en die steen-, sand- en klipgroewe is ook hier geleë.¹⁰⁶

Op die landelike Hoëveld het die boere self hulle stene vervaardig om hulle woonstrukture mee te bou. Die steengroef was, óf in hierdie area, óf in die grootwerf geleë, afhangende van die posisie van die waterbron. Daar is twee soorte stene vervaardig, naamlik ongebakte stene (songebakte, groen, rou, windgedroogde, *mamparras*) en gebakte stene. Die steenmakers moes oor ’n mate van kennis ten opsigte van rots- en mineraalsoorte beskik om suksesvolle stene te kon produseer. Sand is gemeng met kleigrond wat ysteroksied en magnesium bevat om die steen te bind. Soms is beesmis ook gebruik. Die klei is op die rivierbank uitgehaal, aangedra, natgehou, gemeng en gebrei totdat dit ’n sponsagtige mengsel was. Die elasticiteit van die mengsel was belangrik, want te veel water het veroorsaak dat die steen misvorm en te min water het die steen laat bars. Die kleimengsel is in ’n vorm gegiet en as dit droog genoeg is, op strooi geplaas om droog te word. Na 10 dae kon die stene gebruik word¹⁰⁷ in die ongebakte vorm, soos meestal op die landelike Hoëveld rondom 1840 (ook op Diepkloof) gedoen is. Die kleimengsel vir gebakte stene moes van ’n goeie gehalte wees en ’n groter hoeveelheid water is benodig vir die voorbereiding van die klei. “Merrel” grond is gesif en gewas in ’n wasmeul tot die tekstuur van room bereik is.¹⁰⁸ Nadat die meeste water verdamp

¹⁰⁴ P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (IV) Boerewysheid*, pp. 12 en 68.

¹⁰⁵ P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (IV) Boerewysheid*, p. 19.

¹⁰⁶ M. Naudé, Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal, p. 114.

¹⁰⁷ E. Labuschagne, “From trekboer to builder, pioneer builders, materials, techniques, traditions, types,” in R.C. Fisher, S. Le Roux en E. Maré (Ed.), *Architecture of the Transvaal*, pp. 31-34.

¹⁰⁸ E. Labuschagne, “From trekboer to builder, pioneer builders, materials, techniques, traditions, types,” in R.C. Fisher, S. Le Roux en E. Maré (Ed.), *Architecture of the Transvaal*, pp. 31-34.

het, is die mengsel geset en soms gemeng met gewone klei. Gevormde, windgedroogde stene is in 'n steenoond gestapel en vir vier tot vyf dae gebak. Daarna is dit vir tien dae gelos om af te koel, voordat dit gebruik kon word.¹⁰⁹

5. Gevolgtrekking

Die beskikbaarheid van water en die ligging van die waterbron het, beide die keuse van waar die vroeë pioniers hulle op die landelike Hoëveld sou vestig en hoe hulle hulle werf sou uittê, bepaal. Beide die landbouers en veeboere se daaglikse brood het van water afgehang, daarom het hulle by uitstek na tekens van water en reën gesoek. Hulle ervarings, waarnemings, gevolgtrekkings en weervoorspellings het inhoud aan 'n oorgelewerde volksweerkunde gegee, wat bepaal het of hulle gaan oorleef of nie. Die noukeurige waarneming van die gedrag van diere, voëls, insekte, die voorkoms van die son, wolkformasies en algemene volksgelowe was hulle barometer waarvolgens hulle reën voorspel het.

Die pioniervestiging was in sy keuse waar hy die werf sou uittê, gebind deur die fisiese omgewing. Die ligging van die waterbron, plaaslike topografie, mikroklimaat, hidrografie, grondvrugbaarheid en die voorkoms van natuurlike plantegroei het die tipe, ligging, struktuurvorm en interne funksionering van die landelike nedersettings bepaal.

In ooreenstemming met die teorie van Johann von Tünen, was die ligging van die waterbron, woonhuis en buitegeboue op die landelike Hoëveld, die kern van die plaasboer se aktiwiteite, vanwaar hy na buite beweeg het om na sy plaasaktiwiteite om te sien. Die manipulasie en stoor van water, deur die opdamming van stroompies en die bou van waterkanale en vore, het die boer gehelp om sy plaasaktiwiteite te beplan. Klimaatsvariasie, soos die warm noordeson en koue suidelike helling op die Hoëveld, het ook 'n belangrike rol in die formaat van die areas waarbinne die plaasaktiwiteite plaasvind, gespeel.

Die plaaslike topografie (die helling en egaligheid van die grondoppervlak) het, naas die ligging van die waterbron, 'n groot invloed op die posisionering van die plaaswerf gehad. Die uitleg van die werf, wat direk verband hou met die topografie, neem gewoonlik een van drie vorms aan: Plaaswerwe wat teen 'n lang aaneenlopende helling geleë is, neem

¹⁰⁹ E Labuschagne, "From trekboer to builder: pioneer builders, materials, techniques, traditions, types." in R.C. Fisher, S. Le Roux en E. Maré (Ed.), *Architecture of the Transvaal*, pp. 31-34.

gewoonlik 'n lineêre patroon aan met die lang sye van die geboue ewewydig aan die kontoerlyn. Waaier- of boogvormige werwe kom weer voor waar die kontoer 'n uitloper of 'n kern vorm, met die hooftal as kern waarom alle aktiwiteite plaasvind. Op 'n gelyker landskap is die plasing van die geboue volgens die voorkeur en gerief van die bewoner en vorm die werf gewoonlik 'n vierkantige patroon.

Dit is veral die werwe wat teen 'n berg of rant geleë is, wat mikroklimaatsfaktore ten volle benut word. Die berg of rant beskerm die werf teen wind aan die noordekant. Indien die werf teen die suidelike hang van 'n berg geleë is, beskerm dit die werf weer teen direkte noordelike son. Op die plaaswerwe wat op oop Hoëveldse vlaktes geleë was, is 'n mikroklimaat geskep deur die aanplant van uitheemse bome wat as windbrekers en sonfilters gedien het.

Die keuse van vestiging by die pionier was altyd hidrografies georiënteerd (in die nabyheid van water, hetsy 'n rivier, spruit, of 'n fontein). Watervore en damme is gewoonlik eerste aangelê, voordat 'n skerm of woonstruktuur gebou is. Na die permanente vestiging van die pionier, die opdeling van plase waar grondeienaars geen toegang tot 'n rivier, spruit of standhoudende fontein gehad het nie, en droogtetye wanneer die stroompie of rivier opgedroog het, het windpompe op boorgate algemeen geraak op die landelike Hoëveld.

Daar is soms in die riviervalleie gevestig, as gevolg van die beskikbaarheid van skoon water en die vrugbaarheid van die rivier-afgesette leemgrond op die vloedvlakte. Hierdie grond was ideaal vir akkerbou, landerye, boorde en tuine. Die ligging van hul woonstruktuur was altyd bokant die watervloedlyn.

Die natuurlike plantegroei in die omgewing het bepaal of 'n stuk grond geskik was vir permanente vestiging. Plaaswerwe is selde in bosryke klowe aangelê, maar eerder waar daar genoeg gras vir weiding en water vir die vee was. Die Hoëveldstreek met sy grasvelde of savanna was ideaal vir die vestiging van die veeboer. Waterwysers het na die natuurlike plantegroei van die landskap gekyk om te bepaal waar daar water is. 'n Put is in hierdie area gegrawe.

Die plaaswerf kan verdeel word in 'n verskeidenheid funksionele komponente wat almal interafhanklik van mekaar is en binne 'n sisteem funksioneer. Die patroon van hierdie komponente val hoofsaaklik in drie geografies afgebakende dele uiteen, naamlik die kleinwerf, grootwerf en die buitewerf.

Die kleinwerf wat ook die binnewerf genoem word, is die deel rondom die hoofstal of woning waar die huisvrou se aktiwiteite hoofsaaklik plaasvind. Die waterbron (’n put, boorgat, of fontein) het water aan die woning, wasklip, kruie-, groente-, blomtuin, vrugteboord, eendedam, hoenderneeste en soms ook aan die varkhokke verskaf. Die cendedam – ’n gronddam – is gewoonlik in die laerliggende deel van die kleinwerf gebou. Hierdie deel word duidelik omgrens deur ’n watervoor, gepakte klipmuur, aangeplante heining, laning (windbreker), of later jare ’n draad. Die hoofstal, buitegeboue en werkskamer vir die mans is hier geleë. ’n Koeler, sifkas of koelkamer om vleis en groente te bewaar, is soms onder ’n boom of in die nabyheid van die waterbron opgerig.

Op die grootwerf, wat net buite die kleinwerf geval het, het die meeste van die man se aktiwiteite plaasgevind. Dit was verder van die woning, maar nog binne stapafstand daarvandaan. Die kleinhuisie, bywonershuis, waenhuis, rondawels, looikuip en breiplek, dorsvloere, stalle, krale, dipkraal, druggang, skuur, landerye, vrugteboorde, koelkamer, stookplek (naby ’n vrugteboord en water), meulens, steengroef en strooise het gewoonlik hier voorgekom. Die waterbronne, soos fonteine, damme, putte en boorgate met windpompe, waterpompe, en watervore, het water verskaf en gekanaliseer na die plekke waar dit benodig is.

Die waenhuis, skuur en stalle is gewoonlik naby mekaar geleë. Die ligging van die waterbron het die vee-aktiwiteite en die plasing van die stalle en krale bepaal. Die put is gewoonlik hoër as die krale geleë, sodat water al langs die kontoer in kanale na die krale kon loop. Besoedeling van huishoudelike drinkwater is sodoende beperk. Waar daar water vir die diere na die stalle voorsien moes word, is oop kanale met die nodige sluisse hiervoor gebruik. In ander gevalle is die watervoorraad per hand na waar dit benodig is, aangedra.

Damme is aanvanklik self met grond of klipwalle gebou. Watervore, met die nodige vertakkings en sluisse, het vanaf die dam al langs die kontoerlyn van die landskap, na die landerye geloop en so besproeiing moontlik gemaak. Mielielande is nie besproei nie en die boer moes staatmaak op die reën.


Na die permanente vestiging van die pionier, het die staaltipe windpomp algemeen op die landelike Hoëveld voorgekom. Die boorgatwater is hoofsaaklik vir drinkwater vir vee, akkerbou en huishoudelike gebruik aangewend.

Indien daar 'n sterk stroom of rivier op die grootwerf was, is 'n watermeul stroom-af gebou. Daarmee is dan koring en mielies gemaal. Ter wille van waterdruk en toevoer is dit ook soms op 'n skuinste gebou, soos onderkant 'n dam. Om te verhoed dat die water verlore gaan, draai die wiel onder in 'n sloot wat met klip uitgemessel is, en lei die water wat klaar gebruik is, na die vrugteboord of 'n besproeiingskanaal.

Die buitewerf omring gewoonlik die grootwerf en strek so ver as die plaas se grense. Damme en leivore het gewoonlik hul ontstaan in hierdie deel en die vore strek hiervandaan na die kern van die werf, die woning.


Die inwoners van die strooise was sonder lopende water en het hulle drinkwater self aangedra of vervoer. Die ligging van die strooise was altyd onderkant die put of fontein vanwaar die drinkwater vir huishoudelike gebruik, geskep is. Hulle het hulself en hulle wasgoed stroom-af in die rivier gewas.

Die ligging van die meul en steengroewe in hierdie area het afgehang van die posisie van die waterbron. Die boere wat self hulle stene vervaardig het, het die klei vir die stene uit die rivierbank gehaal, aangedra, natgehou, gemeng en gebrei totdat dit die regte tekstuur gehad het om stene van te maak. Die familiebegraafplaas, byekorwe, stookplek, sand en klipgroewe word ook in hierdie area gevind.




Illustrasie 1 'n Kaart van verspreiding van die pioniers in die omgewing van standhoudende riviere in die Oorvalse gebied (Hoëveld) teen 1852.¹¹⁰

¹¹⁰ G.D.J. Duvenhage, "Willem Hendrik Jacobz se rol in die onafhanklikheid- en eenheidstrewa van die Voortrekkers op die Hoëveld (1847-1852)" in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 19(1), 1956, p. 206.




Illustrasie 2 Diepkloof se lineêre werfplan.¹¹¹ Skets: C. Gouws. (1)Skooltjie, (2)rolput, (3)hoofwoning met binnebakoond, (4)waenhuis, (5)seun Frans se huis, (6)eendedam, (7)besproeiingsdam, (8)vrugteboord, (9)& (10)veekrale met gepakte klippe en (11)waterkanale.

¹¹¹ GPA, Werfplanne, Diepkloof, Heidelberg.




Illustrasie 3 Zwartkoppies se waaiervormige werfuitleg, met die hoofopstal as kern.¹¹²

¹¹² SMA, "Proposed site development site plan, Map B. Land division & owners" in 'n omgewingsimpakstudie vir Sammy Marks Museum, g.p.




Illustrasie 4 Die vierkantige werkfuitleg op Hartbeespoort.¹¹³

¹¹³ . GPA, PAM I, Pioniermuseum, Silverton (Hartbeespoort), Pretoria.



Illustrasie 5 Zwartkoppies is gevestig langs die Pienaarsrivier.¹¹⁴

¹¹⁴ SMA, "Proposed site development site plan, Map A. Land division & owners" in 'n omgewingsimpakstudie vir Sammy Marks Museum, g.p.



Illustrasie 6 'n Kaart van die plaas Hartbeespoort 1879. Drie geboue langs mekaar is duidelik sigbaar. Die struktuur heel links langs die Morelettspruit, is die pioniershuis.¹¹⁵

¹¹⁵ C. Pretorius, *Pretoria se pioniershuis sy tyd en sy mense*, p. 40.



Illustrasie 7 Die rolput met 'n slinger aan weerskante, op Diepkloof, Heidelberg.¹¹⁶

¹¹⁶ GPA, Foto's 1, Diepkloof, Heidelberg, 2007-03-06.



Illustrasie 8 Die rolput met 'n slinger aan die een kant, binne loopafstand van die agterdeur op Hartbeespoort, Pretoria.¹¹⁷



Illustrasie 9 “Een woning in Transvaal.”¹¹⁸ Let op die grondwatervoor wat reg langs die huis gegrawe is.

¹¹⁷ GPA, Foto's 1, Hartbeespoort, Pretoria, 2007-11-08.

¹¹⁸ F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald* p. 419.



Illustrasie 10 Die inheemse bevolking het die gewoonte (soos hierbo) om wasgoed in die rivier te was.¹¹⁹
Foto: Vroeg twintigste eeu.



Illustrasie 11 'n Victoriaanse roostuin by die sy-ingang van die woning op Swartkoppies. Let op die waterkanaal van gehalveerde gebakte kleipype op die voorgrond.¹²⁰

¹¹⁹ SA TA fotoversameling, Pretoria, 20599. A Transvaal Laundry.

¹²⁰ GPA, Foto's I, Swartkoppies, Pretoria, 2007-04-23.



Illustrasie 12 Die spuitfontein by die hoofingang op De Rust.¹²¹



Illustrasie 13 Die waenhuis van gekapte klip op De Rust is een van die oudste staande strukture op die werf.¹²² Let op die gepakte klipmuur (regs), wat die kleinwerf van die grootwerf skei.

¹²¹ BPA, CD “De Rust foto’s.”

¹²² BPA, CD “De Rust foto’s.”



Illustrasie 14 Die klipwal van die eendedam in die kleinwerf op Diepkloof, Heidelberg.¹²³ Let op die wyse waarop die walle van die dam met klippe uitgepak is om erosie te voorkom.



Illustrasie 15 'n Gemesselde gekapte blouklipdam (\pm 1898) langs 'n boorgat, bokant die pioniershuis op Rietfontein, Heidelberg.¹²⁴


¹²³ GPA, Foto's 1, Diepkloof, Heidelberg, 2007-03-06.

¹²⁴ GPA, Foto's 1, Rietfontein, Heidelberg, 2007-10-22.



Illustrasie 16 Die Windpomp langs 'n gemesselde steendam, op mnr. A.J.W.P.S. Terblanche se plaas Middelspruit, Frankfort.¹²⁵

¹²⁵ GPA, Foto's 1, Middelspruit, Frankfort, 2007-10-19.




Illustrasie 17 Die werkingsmeganismes van die windpomp.¹²⁶ Byskrifte: C. Gouws.

¹²⁶ V. Mayhew (Ed.), *Reader's Digest illustrated guide to Southern Africa*, skets p. 81.




Illustrasie 18 Die watermeul (Noormansmeul) op Hartbeespoort, Pretoria.¹²⁷ Die klip- en roukleisteengebou staan teen 'n skuinste. Die gepakte modder-en-klipwatervoor loop onder deur die struktuur en die wiel met skeppers is binne geplaas. Let op die gepakte klipmuur om die vrugteboord (in die agtergrond) en om die dorsvloer (regs).

¹²⁷ GPA, Foto's 1, Hartbeespoort, Pretoria, 2007-11-08.



Illustrasie 19 Die binnekant van die watermeul op Hartbeespoort (Pretoria).¹²⁸

¹²⁸ GPA, Foto's 1, Hartbeespoort, Pretoria, 2007-11-08.



Illustrasie 20 'n Os met 'n waterkar word deur kinders aangedryf.¹²⁹ Die kinders van die inheemse bevolking moes self vir die drink- en waswater by die strooise sorg. Foto: vroeg twintigste eeu.

¹²⁹ SA TA fotoversameling, Pretoria, 22342. Waterkar.

Hoofstuk 3

Die landelike Hoëveldse woonhuis

1. Inleiding

Die vestiging en ontwikkeling van die woonhuis op die landelike Hoëveld, kan in drie fases ingedeel word: Die tydelike- of trekkersfase vanaf 1836 tot ongeveer 1848, die pioniersfase vanaf 1840 tot en met die ontdekking, onderskeidelik van diamante en goud in die 1870's in Griekwaland-Wes en die Transvaal; en die fase waarin daar permanent gevestig is vanaf 1860 tot 1910 met Uniewording. Hierdie jaartalle het in 'n groot mate oorvleuel, omdat die ontwikkeling van die landelike huis ook deur droogtes, veevrektes, oorloë, armoede en welvaart beïnvloed is. Verder het die tydelikheid of permanensie van die vestiging ook 'n direkte invloed op die woningbou, huisuitleg en omgang met water in en om die woning gehad.

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die pioniers se hantering van die woonstruktuur met betrekking tot waterdigtheid, -bron en -verbruik te bespreek aan die hand van bogenoemde fases. Die invloed van tradisie, kreatiwiteit en die inheemse strukture sal ook aangeraak word.

Sedert 1790 was daar 'n trekboertradisie vanuit die Kaap aanwesig. Teen 1825 het dit, as gevolg van droogtes, sterk momentum gekry. Hierdie trekboere het vreedsaam noordwaarts getrek en hulle permanent daar gevestig. Hierteenoor het die Oosgrensboere in 1835, uit verset, hulself in groepe georganiseer (Voortrekkers). Hulle het na die aangrensende gebiede noord en noordoos buite die kolonie getrek (Die Groot Trek), sonder om weer terug te keer.¹³⁰ Die kapitaalverlies wat die sesde grensoorlog (1834) meegebring het, onafgebroke veediefstalle, roof en moord deur die Xhosas, die afskaffing van slawe en gepaardgaande gebrek aan arbeid, onsekerheid oor die toekoms en 'n gebrek aan selfregering, kan as die

¹³⁰ C.F.J. Muller, "Die Groot Trek Tydperk, 1834-1854" in C.F.J. Muller, (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 149-152.

hoofsaaklik vir die trek na die binneland gesien word.¹³¹ Hierdie Voortrekkers het hulle in Natal, Vrystaat (aan die Vetrivier) en Transvaal (noord van die Vaalrivier) gevestig en op dié wyse die weg vir die stigting van die demokratiese Boererepublieke voorberei. Die Hoëveld, wat in beide Transvaal en die Vrystaat voorkom, bestaan hoofsaaklik uit grasveld wat besonder geskik is vir skaapboerdery, perdeteelt en tydens die somermaande, beesboerdery.¹³²

Die Oorvaalse gebied was in 1851 'n betreklik geïsoleerde gemeenskap,¹³³ 'n stelling wat hoogs debatteerbaar is.¹³⁴ W.H.S. Bell het, tydens sy besoek aan vroeë Johannesburg, die landskap van die landelike Hoëveld beskryf as 'n oop, geïsoleerde stuk veld met enkele klein plaashuise (*Illustrasie 21*) wat ver van mekaar geleë is.¹³⁵

2. Tydelike of trekkersfase

Na groot droogtes in die noorde van die Kaapkolonie, is trekboere ná 1820, gelok deur gunstiger wei- en jagvelde, om hulle permanent in die Transoranje naby die Modderrivier te gaan vestig.¹³⁶ Die Hoëveldse beesboere het ook gedurende die wintermaande met hulle vee na die warmer bosveld getrek (die sogenaamde seisoentrek). Daar was hulle genoodsaak om vier maande van die jaar in tydelike woonstrukture te bly. Gedurende droogtetye, waar daar agter weiding vir die vee aangetrek is, en in die jare ná die oorlog (die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902) terwyl herstelwerk aan die permanente wonings gedoen is, was die inwoners op die Hoëveld gedwing om in tydelike strukture te woon.

Woonstrukture wat algemeen in hierdie fase voorgekom het, was die sogenaamde dakhuise. By hierdie woning vorm die dak die hoofelement van die struktuur en kom die mure, óf glad nie, óf in 'n baie beperkte mate voor.¹³⁷ Dakhuise, byvoorbeeld die wa en tent, skerms en hutte, moes as tydelike woning dien. Die tydelike staanplek was gewoonlik binne

¹³¹ C.F.J. Muller, "Die Groot Trek Tydperk, 1834-1854" in C.F.J. Muller, (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 149-160 en A.G. Du Toit en L. Steenkamp, "Anna Steenkamp" in G.S. Nienaber (red.), *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot Trek*, p. 11.

¹³² F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 334.

¹³³ A.N. Pelsler, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (I): wordingsjare*, p. 13.

¹³⁴ T.R.H. Davenport and K.S. Hunt, *The right to the land*, p. 16.

¹³⁵ V.A. Zangel, "The Seething Masses" housing, water and sanitation in the lives of Johannesburg's poor 1886-1906, p. 27.

¹³⁶ C.F.J. Muller, "Die Groot Trek Tydperk, 1834-1854" in C.F.J. Muller, (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 152.

¹³⁷ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou (I)*, p. 77.

loopafstand van 'n waterbron, hetsy 'n rivier, spruit of fontein waar water vir kook- en wasdoeleindes met 'n emmer geskep is en in 'n waterbalie geberg is. Vervolgens sal elkeen van hierdie strukture bespreek word.

2.1 Dakhuise

2.1.1 Wa en tent

Wanneer hulle in groepe getrek het, was die trekkers se belangrikste vervoermiddel, wat ook as woning moes dien, die wa en osse. Die paaie was net spore en op plekke feitlik onbegaanbaar. Om droog en sonder skade oor 'n rivier te kom, was 'n moeisame taak (*Illustrasie 22*). Alhoewel die osse stadig was, was hulle sterk en taai. Die wa en tent, wat ook as woning op die landelike Hoëveld moes dien, was redelik waterdig, behalwe as dit vir dae aaneen gereën het. Louisa Grace Ross, wat per ossewa vanaf Natal gereis het, het die volgende oor die reën en die wa-rit geskryf,

*Rain fell, and all the charm of wagon-traveling at once ceased to be simply intolerable. Wagon-traveling in wet weather means imprisonment, exposure, and spare diet.*¹³⁸

Verder kon 'n haelbui groot skade aan die watent en veldtent aanrig, wat net met groot moeite herstel kon word.¹³⁹

Reënmaande, lang turfvlaktes, riviere, sloepe, en slote het ook transportryers, wat in 1885 met die ossewa vragte na die Witwatersrand moes vervoer, se taak aansienlik bemoeilik, veral as die goedere in 'n goeie toestand en droog by die bestemming moes aankom.¹⁴⁰

Die wa en tent van die Trekkers is ook deur die inheemse bevolking soos Mzilikazi gebuit.¹⁴¹ Dit is dan vir eie gerief teen die elemente van die natuur, soos die warm son en 'n ontydige reënbui, gebruik.

Droogtes en die skaarste aan weiveld het veroorsaak dat plase groot was en die veeboere in isolasie gebly het. Sommiges het 'n swerwersbestaan as trekboere gevoer, met hulle wa en tent as enigste woning. Ander het geleidelik al dieper die binneland ingetrek en permanente

¹³⁸ E. Bradlow (Ed.), *Life at Natal a hundred years ago. by a lady*, pp. 108-109.

¹³⁹ G.S. Preller en M. Scholtz, (red.), *Joernaal van 'n trek. uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 93.

¹⁴⁰ C.F. Gronum, *Ou Marico (II), transportry. runderpes en poskoetse*, pp. 34-35.

¹⁴¹ N. Parsons, *The new history of Southern Africa*, p. 101.

heenkome op plase gevind. As gevolg van hierdie nomadiese lewenswyse het die Hoëveldse pioniers lank in hul waens gewoon sonder vaste wonings.¹⁴²

Op die wa was 'n halfmaanvormige raamwerk wat, vir beskutting teen die son en water, met 'n tent oorgetrek is. Die reënwater het tydens 'n storm maklik afgeloop en die binnekant van die wa het sodoende droog gebly. Die wa en tent was redelik waterdig en moes ook skuiling teen die wind en son bied. Waar daar 'n geruime tyd op een plek vertoef is, is 'n sytent (*Illustrasie 23*) of 'n losstaande tent met 'n skuinsdak wat reënwater vinniger laat afloop (*Illustrasie 24*), dikwels saam met die wa en tent as tydelike woning gebruik. Die boonste deel van die wa is soms van die onderstel afgehaal en op twee lae klipmure geplaas, om as 'n (waterdigte) vertrek te dien.¹⁴³

Vanweë die hoë reënval op die Hoëveld, is die wa en tent later vervang met meer waterdigte strukture, naamlik die grasskerm- en die kleiwoning. Vanselfsprekend was hierdie woonruimtes ook inderbeskerm en heelwat gemakliker – veral onder nat weersomstandighede.

2.1.2 Skerms

'n Hutvormige grasskerm, gemaak van matjies, is soms deur die reisigers as kookskerm gebruik. Dit is deur die slawe of werkers wat saam getrek het, opgerig. Die boumateriaal (riete en gras) en die aard van die struktuur van die skerm, is deur plaaslike omstandighede en beskikbare materiaal uit die onmiddellike omgewing bepaal.

Die vestiging en oprigting van 'n tydelike skerm is hoofsaaklik beïnvloed deur faktore soos die aanwesigheid van 'n waterbron, hoe lank daar beplan word om uit te span, die vermoë van die bouer en die beskikbaarheid van boumateriaal.¹⁴⁴ Soms is net 'n informele tydelike grasskerm met matjies, wat nie juis waterdig was nie, in 'n droë area vir beskerming teen die wind, opgerig (*Illustrasie 25*).

Tot ná 1900 het die Sotho-bevolking op die Hoëveld in 'n byekorfstruktuur met 'n grasgedekte spitsdak en tonnelingang gebly (*Illustrasie 25 onder*). Hierdie tipe grasskerm het veral voorgekom in gebiede waar daar in die winter sneeu val, soos in die Drakensberg. Die

¹⁴² E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou* (I), p. 69.

¹⁴³ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou* (I), p. 80.

¹⁴⁴ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou* (I), p. 76.

skerm is aan die binnekant met 'n modder- en klipmuur versterk. Dit het die reënwater uit die struktuur gehou, en die woning teen koue geïsoleer.¹⁴⁵

'n Permanente woning het vir sommige pioniers, wat met hul vee agter weiveld rondgetrek het, nie groot waarde gehad nie. As 'n mens kyk na die Trigardt-trek (Oktober 1936), het hulle hoofsaaklik met hulle vee agter water aangetrek.¹⁴⁶ By hul tydelike staanplek in die Noord-Transvaal (Limpopo-provinsie), is eers 'n watervoor en dam gebou, voordat daar 'n palmietskerm gebou is.¹⁴⁷ Palmiet wat volop in hierdie omgewing was, is 'n waterplant (*Prionium serratum*) met 'n digte bos vaalgroen blare met skerp rande. Die trekkers het, soos die Khoikhoi, 'n riet- of biesieskerm wat met dekgras gedek, met beesvelle oorgetrek en met modderklei gepleister is,¹⁴⁸ as beskutting teen die son, roofdiere en die reën opgerig. Om die reënwater buite te hou en dus te verseker dat die skerm binne droog bly, is die onderste deel van die skerm gepleister en 'n sloot rondom die skerm gemaak.¹⁴⁹ Die nabootsing van hierdie tipe struktuur, is hoofsaaklik as gevolg van die invloed van die Khoikhoi-arbeiders wat saam getrek het en moes help om tydelike skuilings op te rig.

By die primitiewe ligte lat- of paalwoningen in Suid-Afrika kry ons twee basiese koepelhutstruktuurtypes: Die Khoikhoi matjieshuis en die San matjieshuis. Die raamwerk van die Khoikhoi matjieshut bestaan uit twee reekse boë wat mekaar reghoekig kruis, en van die middel geleidelik in hoogte afneem om 'n koepelvorm aan te neem (*Illustrasie 26*).¹⁵⁰ Hierdie hutvorm kom ook ooreen met dié van die Zulu- en Swazibevolking. Die hut het, óf grasmatjies bo-oor die bolgedeelte aan die buitekant vir waterdigting, óf grasmatjies aan die binnekant van die raam gekombineerd met grasbedekking aan die buitekant, óf slegs grasbedekking aan die buitekant sonder matjies gehad.¹⁵¹ Die latte van die San matjieshut is weer in 'n sirkel ingeplant en na bo oorgebuig en vasgemaak.¹⁵² Hierdie struktuur kom

¹⁴⁵ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 38.

¹⁴⁶ T.H. Le Roux, *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 80.

¹⁴⁷ T.H. Le Roux, *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 3.

¹⁴⁸ F. Frescura, "Pre-Industrial Architecture: Historical patterns of distribution" in R.C. Fisher, S. Le Roux en E. Maré, *Architecture of the Transvaal*, p. 5.

¹⁴⁹ T.H. Le Roux, *Die dagboek van Louis Trigardt*, pp. 5-6 en 143.

¹⁵⁰ H. Raath, "Oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbes- of dakhuis" in *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19(2) November 2005, p. 173.

¹⁵¹ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 39.

¹⁵² H. Raath, "Oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbes- of dakhuis" in *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19(2) November 2005, p. 173.

duidelik ooreen met die koepelhutraamwerk van die Sothobevolking.¹⁵³ Beide hierdie strukture, is deur die trekkers as tydelike wonings in die binneland nagevolg.

Die raamwerk van die matjieshuis is ontwerp om 'n sirkel- of ovaalvormige grondplan te oorspan, wat beskerming teen sterk winde gebied het. Grasmatjies is oor 'n raamwerk van pale gegooi (*Illustrasie 27*). Hierdie woningstruktuur was in die warm streke baie prakties. Tydens 'n warm dag het dit koel beskerming gebied, omdat die lug vrylik deur die matjies se openinge gesirkuleer het. Wanneer dit gereën het, het die riete die water weer geabsorbear, uitgeswel en die hut sodoende waterdig gemaak.¹⁵⁴ Hierdie matjieshuise was veral as tydelike woonstruktuur gewild, omdat dit maklik opgepak en saamgetrek kon word en ook redelik waterdig was. Die Afrikaanse pioniers wat bloot uit nood en om praktiese redes in die “matjieshuise” gebly het, is deur die Kaapse burgers as die “onderkultuurlaag van die samelewing” geëtiketteer, omdat hulle lewenstyl glo gedaal het na 'n laer vlak van ontwikkeling.¹⁵⁵ Hierdie inheemse woonstrukture was in baie opsigte 'n funksionele probleemoplossing wat omgewingsvriendelik gemanifesteer het. As tydelike verblyf kon dit vinnig en met die hulp van die inheemse bevolking (wat saamgetrek het) opgerig word. Verder kon dit maklik opgepak en met min moeite op die wa saamgetrek word. Die struktuur was 'n redelik waterdigte, koel skuiling en als behalwe minderwaardig. Ek reken dat daar vandag vanuit 'n omgewingsoogpunt aanvaar kan word, dat die gebruik van hierdie inheemse matjieshuise in werklikheid baie van die latere omgewingsprobleme (soos oorverhitting onder sinkdakke) sou teengewerk het.

2.1.3 Hutte

Voordat die trekkers in die omgewing van die Vaalrivier gevestig het, het die inheemse veewagters in die noordelike Vrystaat en suidelike Transvaal klein hutte van klip vir beskutting gebou.¹⁵⁶ Hierdie hutstruktuur, wat uit die vroeë ystertydperk dateer, is met groot noukeurigheid, sonder messelklei, in die tradisionele koepel of byekorfvorm, gepak.¹⁵⁷ Elke

¹⁵³ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 39.

¹⁵⁴ E. Boonzaier, C. Malherbe, A. Smith and P. Berens, *The Cape herders, a history of the Khoikhoi of Southern Africa*, p. 37.

¹⁵⁵ P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (I) Mens en Land*, p. 23.

¹⁵⁶ S.M. Miller. “The architectural voice of the Vaal Triangle”. p. 21.

¹⁵⁷ F. Frescura, “Pre-Industrial Architecture: Historical patterns of distribution” in R.C. Fisher, S. Le Roux en E. Maré, *Architecture of the Transvaal*, p. 14.

laag klip in hierdie struktuur dien as korbeel of stut van die volgende, en staan bekend as korbeelhutte (*Illustrasie 28*).¹⁵⁸

Die Trekkers en reisigers wat die binneland ingetrek het, het dikwels vir idees en voorbeelde ten opsigte van hul tydelike woning, die inheemse gras-en-kleihut- struktuur nagevolg. Dit is deur die trekkers op 'n tydelike staanplek (*Illustrasie 29*) en by die pioniers as tydelike of eerste woning opgerig.¹⁵⁹ Hierdie hutstruktuur (silindervormige modderklei mure met 'n kegelvormige grasdak) wat ook as addisionele vertrek tot die permanente woning gebruik is, word met die woningbou van die Sotho- en Tswanabevolking op die sentrale Hoëveld geassosieer.¹⁶⁰ Die Tswanabevolking se grasdakhut het 'n verlengde dakoorhang op pale gehad om die reënwater van die gras-en-kleimure af weg te hou en ook 'n stoepie te vorm.

Die nabootsing van hierdie modderkleihutstruktuur is hoofsaaklik as gevolg van die invloed van die Noord-Sotho (Tswana) slawe-arbeiders,¹⁶¹ wat saam getrek het en moes help om hierdie tydelike skuilings op te rig. Hierdie woonstruktuur was meer waterdig en permanent van aard, as die voorafgaande grasstrukture.

Terwyl die tradisionele wonings wat deur die inheemse bevolking van pale, riete, gras en klei in die omgewing van die Vaalrivier opgerig is, lankal reeds vergaan het, is daar vandag nog rûines van die klipbouwerk van korbeelhutte op plekke bewaar.

3. Pioniersfase

Die pioniersfase het vanaf 1840 tot en met die ontdekking, onderskeidelik van diamante en goud in die 1870's in Griekwaland-Wes en die Transvaal gestrek. Die trekkers het in hierdie tydperk grond bekom en permanent gevestig. Die beskikbaarheid van vuurmaakhout en 'n standhoudende waterbron, hetsy 'n rivier, spruit, fontein, of 'n stroom, het 'n rol by die keuse van grond vir permanente verblyf gespeel.¹⁶²

Die pionierswoning, wat binne loopafstand van die waterbron opgerig is, het tydelike huisvesting aan die bewoners gebied. Dit is gewoonlik die eerste permanente woning wat op

¹⁵⁸ K. Schoeman, *Boukunsskatte van die Vrystaat*, p. 1.

¹⁵⁹ T. Pringle, *Narrative of a residence in South Africa (I)*, p. 93.

¹⁶⁰ I. Frescura, "Pre-Industrial Architecture: Historical patterns of distribution" in R.C. Fisher, S. Le Roux en E. Maré, *Architecture of the Transvaal*, p. 9.

¹⁶¹ E.A. Eldredge and F. Morton (Eds.), *Slavery in South Africa: captive labor on the Dutch frontier*, pp. 152 en 254-255.

¹⁶² T.H. Le Roux, *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 80.

'n plaas, tydens jagtogte, of vir tydelike verblyf op die plaas opgerig is. Hierdie soort woning het nie 'n lang leef tyd gehad nie.

Geïsoleerde boere in verafgeleë gebiede sonder lopende water en kragvoorsiening en armoede in sommige landelike dele op die Hoëveld, het sommige inwoners selfs tot lank na 1910 verplig om in soortgelyke pioniersomstandighede te bly.¹⁶³

Die woonstruktuur wat nog algemeen in die pioniersfase voorgekom het, was die sogenaamde dakhuis (soos reeds genoem), waar die dak die hoofelement van die struktuur vorm en die mure, óf glad nie, óf in 'n baie beperkte mate voorkom.¹⁶⁴ Die kapstyl- (*kapsteil*) en hartbeeshuis (*hardbieshuis*) was die eerste pionierswonings wat as permanente verblyf op die Hoëveld moes dien.¹⁶⁵ Hierdie terme word in die literatuur met mekaar verwar. Soms word dit gebruik as 'n wisselvorm vir dieselfde huis of verkeerdelik gebruik as benaming vir enige pionierswoning.

Die dakhuisstruktuur het ook tydens die pioniersfase ontwikkel tot 'n muurhuis. Dit is 'n woonstruktuur met 'n duidelike visuele en strukturele onderskeid tussen die muur en dak,¹⁶⁶ soos byvoorbeeld die saaldakhuis. Muurhuise is gewoonlik tegnologies meer gevorderd en stewiger as dakhuis en ook permanenter van aard. Vervolgens sal elkeen van hierdie strukture bespreek word.

3.1 Dakhuise

3.1.1 Die kapstylhuis

Hierdie huis bestaan uit 'n reeks gedekte dakkappe, wat 'n saaldak vorm en water vinnig laat afloop en hanebalke wat die kappe met mekaar verbind (*Illustrasie 30*), sonder bindbalke of 'n nokbalk.¹⁶⁷ Die kappe is verbind met dwarslatte waaraan die dekgras vasgemaak is en wat op die grond rus. Die kapstylhuis is in sy eenvoudigste vorm net 'n dak op die grond. 'n Lae muurtjie is soms aan die onderkant gebou om die struktuur meer waterdig en stewiger te

¹⁶³ GPA, MO 1, N. M. Prinsloo, 2005-12-04.

¹⁶⁴ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou* (I), p. 77.

¹⁶⁵ K. Schoeman, *Boukunsstake van die Vrystaat*, p. 3.

¹⁶⁶ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou* (I), p. 105.

¹⁶⁷ H. Raath. "Oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbees- of dakhuis" in *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19(2) November 2005, p. 178.

maak.¹⁶⁸ Die kapstylstruktuur is identies aan die Wes-Europese woonstruktuur wat 'n *sparrendak* genoem word. Dit kom ook struktureel ooreen met die Nederlandse *dakhuizen* en die Nederduitse *wohnhutte* wat wigvormige lang huise met spardakke was.¹⁶⁹

3.1.2 Die hartbeeshuis

Die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbeeshuis toon direkte ooreenkomste met die ou Wes-Europese dakhuistradisie wat in die 17de eeuse Nederland en Vlaandere voorgekom het.¹⁷⁰ Hierdie hartbeeshuis bestaan uit 'n reeks dakkappe wat uit twee rye pale bestaan en in die grond ingeplant is. Die pale word oorgebuig om bo by die nok in 'n V-vorm waarin die nokpaal rus, te kruis. Die kappe word deur hanebalke (wat na aan die nok geleë is) verbind en dwarslatte word dan teen die kappe vasgemaak. Hieraan word die gras of riet dakbedekking vasgemaak. Alle kookaktiwiteite is buitenshuis in 'n afsonderlike kookskerm gedoen.¹⁷¹

Soms word die kapstyl- en hartbeeshuis foutiewelik as wisselvorm gebruik. Die dakraamwerk van die bootvormige hartbeeshuis bestaan egter uit 'n vurk- ondersteunde nokpaalkonstruksie wat struktureel van die kapstylhuis verskil, al het hulle beide 'n reghoekige grondplan.¹⁷²

Hierdie hartbeeshuise is op die Vrystaatse en Transvaalse Hoëveld deur die trekboere opgerig, en soos die byekorfhutte van die Boesmans en Basotho, van riete en biesies wat vrylik in die omgewing beskikbaar was, gemaak.¹⁷³ Riet- en biesie- wonings het gedien as beskerming teen wind en reën. Indien dit gereën het, het die klammigheid die biesies laat uitswel en redelike waterdigte beskerming gebied. Soms is die struktuur ook met modder gepleister om dit meer waterdig te maak. Dit was egter net 'n tydelike struktuur wat nie 'n lang leeftyd gehad het nie.

¹⁶⁸ J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 97.

¹⁶⁹ H. Raath, "Oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbees- of dakhuis" in *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19(2) November 2005, p. 179.

¹⁷⁰ H. Raath, "Oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbees- of dakhuis" in *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19(2) November 2005, p. 189.

¹⁷¹ J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 95.

¹⁷² H. Raath, "Oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbees- of dakhuis" in *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19(2) November 2005, p. 179.

¹⁷³ K. Schoeman, *Boukunsskatte van die Vrystaat*, p. 25.

3.2 Muurhuise

3.2.1 Die saaldakhuis

Die hartbeeshuis het ontwikkel tot 'n spitsboogvormige of omgekeerde bootvormige saaldakhuis wat uit twee dakmure en twee sluitgewels bestaan het.¹⁷⁴ Hierdie tipe huis staan bekend as 'n pioniershuis en is gewoonlik die eerste permanente woning wat die pioniers gebou het. Die huis se mure is van riet gebou en is soms ook met klei gepleister.¹⁷⁵ Hierdie strukture het 'n beperkte leeftyd gehad en min daarvan is tot vandag toe bewaar. In Pretoria is die pionierswoning op Hartbeespoort (*Illustrasie 31*), wat tussen 1848 en 1853 gebou is,¹⁷⁶ 'n goeie voorbeeld van so 'n saaldakpioniershuis.

Hierdie drievrekwonings was om en by 12 m x 5,5 m groot met kleimure van 60 cm dik. Die saaldakwoning stem ooreen met die wonings wat voor 1851 op die Karooplase in die omgewing van Graaff-Reinet gebou is.¹⁷⁷ Dit is ooglopend dat die pioniers op die Hoëveld, wat vanuit die distrikte Graaff-Reinet en Grahamstad getrek het, aanvanklik permanente wonings in dieselfde styl as dit waaraan hulle in die Oos-Kaap gewoond was, opgerig het. Daar was nog geen lopende water, kombuis, badkamer of toilet binne hierdie woonstruktuur nie. Water is daaglik deur vrouens, kinders of bediendes vanaf die waterbron aangedra.

Die inheemse bevolking op die landelike Hoëveld het in navolging van die pioniershuis, beskilderde platdak en reghoekige saaldakhuise (*Illustrasie 32*), gebou. Die boumateriaal van die reghoekige saaldakhuis met kleimure was redelik beskikbaar in die omgewing en die struktuur stewiger en waterdigter as hulle tradisionele grasskerms.

4. Permanente fase

Die fase waarin daar permanent op die Hoëveld gevestig is, het gestrek vanaf 1860 tot 1910 met Uniewording. As 'n mens na hierdie permanente wonings kyk, is drie fases identifiseerbaar. Die eerste fase is tydens die pioniersvestiging met woonstrukture wat tydelik van aard was. Tydens die tweede fase is stewiger permanente wonings opgerig en gedurende

¹⁷⁴ H. Raath, "Oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbees- of dakhuis" in *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19(2) November 2005, p. 174.

¹⁷⁵ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou (I)*, p. 91.

¹⁷⁶ GPA, PAM 1, Pioniermuseum, NKHM.

¹⁷⁷ E. Palmer, *The plains of the Camdeboo*, p. 14.

die derde fase sien ons die Victoriaanse invloed en tegnologiese vooruitgang op die gebied van lopende binnenshuise water en sanitasie.

Tydens die ontdekking van diamante (1867-1871) in Griekwaland-Wes en veral goud (1882-1886) aan die Witwatersrand in Transvaal, het stede ontstaan en verstedeliking van die landelike inwoners plaasgevind. Die blankes het grond besit en kaart en transport van die eiendom bekom. Hulle kon dus permanent vestig en 'n permanente woning oprig. Die grootskaalse invoer van sinkplaat het 'n doeltreffende, goedkoop en waterdigte boumateriaal vir buitelandse delwers en prospekteerders voorsien in die oprigting van hulle woonstrukture. Die Victoriaanse sinkplaatstyl,¹⁷⁸ wat ook in die nedersettings in Amerika, Australië en Nieu-Seeland voorgekom het, het ook die landelike woning op die Hoëveld beïnvloed. Dit was deftig, 'n statussimbool en ook besonder waterdig.

Die verskillende vorme van woonstrukture wat algemeen in hierdie fase voorgekom het, was hoofsaaklik muurhuise, soos die pioniershuis of reghoekige woning, hutte of die rondawelhuis, stoepkamerhuise, verandahuise, die Victoriaanse woning en platdakhuse. Hierdie strukture is soms aangebou of verbou om aan te pas by die tegnologiese ontwikkeling van watervoorsiening. Dit het 'n tipiese landelike Hoëveldse woning tot gevolg gehad. Vervolgens sal elkeen van hierdie strukture bespreek word.

4.1 Muurhuise

4.1.1 Die pioniershuis of reghoekige woning

Die fondament is die belangrikste deel van die woning, omdat dit die vogtigheid uit die grond van die mure en vloere af weghou. Fundamente het algemeen by permanente strukture voorgekom, terwyl tydelike strukture gewoonlik sonder fondasie opgerig is. By die pioniershuis is die mure van die fondament gewoonlik van klip gebou om te keer dat die grondwater in die mure optrek.¹⁷⁹ Soms is die fondament, soos op Diepkloof (Heidelberg), met 'n laag leiklip afgewerk wat 'n oop stoep gevorm het. Hierdie leiklip het ook 'n doeltreffende vogweerlaag gevorm.¹⁸⁰

¹⁷⁸ B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika, 'n beknopte oorsig van ons bouwyse*, pp. 88-89.

¹⁷⁹ R.C. Fisher en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 41.

¹⁸⁰ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou (I)*, p. 144.

Die mure van die pionierswoning was oorspronklik van klip of klei (*Illustrasie 33*), wat op leiklipvoetstukke rus. Klei is met strooi of beesmis gemeng en dan deur beeste getrap totdat die mengsel aan hulle hoewe vaskleef. Die eerste laag klei is op die voetstukke gegooi en gelaat om deeglik droog te word, voordat die volgende lae bygevoeg (opgeklei) is.¹⁸¹ Vir stewiger strukture is mure van lat-en-klei gebou. Hierdie mure het bestaan uit 'n paalraamwerk met horisontale latte waartussen nat klei gedruk is.¹⁸² Soms is mure ook, soos deur die inheemse bevolking, met sooië gebou. 'n Sooië is 'n reghoekige, uitgespitte stuk grasveld waarmee 'n muur gebou word.¹⁸³ Songebakte rou kleistene is ook gebruik om stewige mure te bou, soos op Middelspruit (Frankfort).¹⁸⁴ Die modder-, klei- en sooiemure het in die droër dele redelik stewige mure gevorm, maar in die dele met hoë reënval het dit maklik inmekaargestort. Ná 1852 is stewiger songebakte kleisteen- en klip-en-kleimure vir permanente wonings op die Vrystaatse Hoëveld gebruik.¹⁸⁵ Verskillende soorte klip, soos sandsteen, is in die onmiddellike omgewing gekry en stewige permanente strukture is daarmee gebou.

Teen 1870 het die voorheen primitiewe toestande op die boereplase stelselmatig plek gemaak vir moderne geriewe.¹⁸⁶ Sodoende is ondoeltreffende geboue deur stewige steengeboue vervang.¹⁸⁷ Soms is die buitemure van klip en die binnemure van baksteen gebou om die reën en vogtigheid uit te hou.¹⁸⁸ Reeds in 1850 is daar deur Jan Gabriel Marais op Diepkloof 'n vyfvertrek, reghoekige pioniershuis met mure van afgepleisterde, selfvervaardigde, onreëlmatige, songebakte rousteen (*Illustrasie 34*), gebou.¹⁸⁹ Op dieselfde werf net bokant die hoofopstal, staan die woonhuis wat vir die seun, Frans, in 1890 opgerig is. Hierdie drieventrek, reghoekige ongepleisterde pioniershuis is met songebakte rou rooikleisteen

¹⁸¹ J. Walton, *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje Vrystaat*, p. 14.

¹⁸² E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou (II)*, p. 52.

¹⁸³ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou (I)*, p. 153.

¹⁸⁴ Hierdie songebakte of roukleisteenhuise staan in die volksmond bekend as "Sooihuise," wat nie korrek is nie.

¹⁸⁵ K. Schoeman, *Boukuns van die Vrystaat*, p. 32.

¹⁸⁶ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967, p. 145.

¹⁸⁷ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967, p. 146.

¹⁸⁸ R.C. Fisher en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 42.

¹⁸⁹ GPA, MO I, P. Grobler, 2007-03-06.

gebou (*Illustrasie 35*). Die klei vir hierdie songebakte stene is in die kloof bokant die huis gevind.¹⁹⁰

Vensters was by die primitiewer woning, óf soms afwesig, óf klein (30 cm x 60 cm) en beperk tot een opening per vertrek.¹⁹¹ Die vensteropening is soms net deur hout- luike bedek.¹⁹² Soms was daar slegs glasruite¹⁹³ of beide glas en luike (Diepkloofhoofopstal) in die vensteropening. Die doel van die vensterbedekking was hoofsaaklik om die reën buite te hou, sodat die woning binne droog kan bly.

Deure is vervaardig uit inheemse hardehout en het die woning veilig en waterdig gemaak. Die deurdrumpel was van hout of yster (soos op Diepkloof) en effens gelig om te keer dat die wind die reën in die huis inwaai.

Indien 'n mens die konstruksie van enige tipe dak (plat of skuins) beskou, is dit voor-die-hand-liggend dat die primêre doel van die dak, beskutting is. Die dak behoort dan ook op so 'n manier gestruktureer te wees, dat die woning waterdig is, indien dit sou reën. Die oorspronklike pioniers op die Hoëveld het gras vir hul dakke gebruik, omdat dit beskikbaar was in die omgewing en waterdig. Tamboekiegras was volop in die landelike Hoëveld en is deur die pioniers vir die dek van die staandak pioniershuis gebruik.¹⁹⁴ Dekgras moes lank, skoon en droog wees wanneer dit gedek word, anders het die dak gevrot.¹⁹⁵

Die plek waar die grasdak die maklikste kon lek, was by die nok. By die pioniershuise (soos op Hartbeespoort en Diepkloof) is die boonste dekgras bo-oor die nok gebuig, voordat die kleimengsel opgesit is. Dit het gekeer dat die dak lek. Die gras-staandakhuis met tuitgewels aan die sykante se nok en kante is, óf met 'n kalk-en-kleimengsel wat afgewit is, óf met 'n beesmismengsel gepleister, om die dakke waterdig te maak.

As gevolg van die beskikbaarheid van sink sedert 1890 op die landelike Hoëveld, is die ou pionierswonings se grasdakke geleidelik met sink vervang, soos ook op Diepkloof die geval was. Soms is daar selfs 'n sinkdakkamer aangebou, terwyl die oorspronklike huis nog 'n grasdak gehad het.

¹⁹⁰ GPA, PAM 1, Diepkloof Farm Museum, g.p.

¹⁹¹ J. Walton, *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje Vrystaat*, pp. 14 en 18.

¹⁹² K. Schoeman, *Boukunsskatte van die Vrystaat*, p. 10.

¹⁹³ P.J. Nienaber (red.), *Die Vrystaat en bewaring*, p. 84.

¹⁹⁴ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou (I)*, p. 287.

¹⁹⁵ R.C. Fisher en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 44.

In hierdie pionierwoning was daar ook nog geen lopende water, badkamer of toiletgerief binne die huis nie. Teen 1956 (Warden)¹⁹⁶ en selfs in 1983 (Tonteldoos),¹⁹⁷ was 'n binnenshuise badkamer, spoeltoilet, lopende water en elektrisiteit in sommige landelike wonings nog 'n ongekende luukse.

Die saaldakhuis wat gedurende die pioniersfase op die landelike Hoëveld opgerig is, is met verbouings na 1890, in 'n verandahuis (*Illustrasie 36*) en later in 'n tipiese Victoriaanse boerehuis omskep. Eerstens is daar stoepe aan beide kante van die lang sye van die woning aangebou. Dit is gewoonlik saam met die vervanging van die grasdak aangebring. Tydens die volgende fase is die aangeboude stoep toegebou om 'n area vir die kombuis en soms ook 'n badkamer binne-in die huis te skep.¹⁹⁸ Die laaste verbouing was, onder die invloed van die Victoriaanse boukuns, die toevoeging van 'n syvleuel met 'n stoepkamer.

Van hierdie eenvoudige volksboustyl van die ou Boere republieke, het as gevolg van die vernietiging tydens die Tweede Vryheidsoorlog min bewaar gebly.¹⁹⁹

4.1.2 Die hut of rondawelhuis

Die pioniers het reeds in 1840, op plekke waar hulle vir meer as 'n jaar gebly het, soms 'n permanente hut of rondawelhuis (woon- en slaapvertrek) en 'n kookskerm opgerig.²⁰⁰ Teen die tyd dat die permanente woning voltooi is, is die hut soms as addisionele vertrek tot die woning (1871) gebruik.²⁰¹ Soms is die hut of rondawel as ekstra slaapvertrek, waar besoekers of gaste in kon oorslaap, ingerig.²⁰² Op die bosveldplaas waar daar oorwinter is, is die rondawel nog vroeg in die twintigste eeu as enigste woning gebruik.²⁰³

Die hut, as woonstruktuur, word algemeen geïdentifiseer met die argitektuur van die inheemse bevolking (veral die Sotho- en Tswanabevolking) op die Hoëveld,²⁰⁴ Die swart plaaswerkers op die landelike Hoëveldse plase, moes hul eie woonstrukture (strooise) oprig

¹⁹⁶ GPA, MO 1, T.G. Corver, 2005-12-01.

¹⁹⁷ GPA, MO 1, N.M. Prinsloo, 2005-12-04.

¹⁹⁸ GPA, KOR 1, T.G. Corver, 2005-02-17.

¹⁹⁹ H. Fransen, *Drie eeue kuns in Suid-Afrika: beeldende kuns, boukuns, toegepaste kuns*, pp. 105-106.

²⁰⁰ J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 95.

²⁰¹ J.B. De Vaal, "Die rol van João Albasini in die geskiedenis van die Transvaal" in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 16(1), p. 37.

²⁰² C. L. Leipoldt, *Bushveld doctor*, p. 25.

²⁰³ J. Van Bruggen, "In die Gramadoelas," in *Karakters op ons vlaktes (Keurverhale)*, p. 28.

²⁰⁴ R.C. Fisher, S. Le Roux en E. Maré, *Architecture of the Transvaal*, p. 9 en J. Walton, *African village*, p. 58.

en het soms hierdie tipe struktuur daarvoor aangewend. Die hut is ook as bediendekamer gebruik.²⁰⁵ Manlike plaasarbeiders het gehelp om 'n hut wat as seuns-, bad-, werks- (was en stryk), melk-, stoorkamer, of kookvertrek gedien het, op die plaas op te rig.

4.1.3 Die stoepkamer- en verandahuse

Sommige vroeë pionierswonings in verafgeleë dele het geen stoepe gehad nie.²⁰⁶ In die reël, waar hierdie toevoeging tot die struktuur gemaak is, is daar rondom die struktuur gewoonlik 'n stoep opgerig om die reënwater so vinnig moontlik van die gebou af te laat wegloop. Sommige huise het oop leiklipstoepe gehad, soos die twee pionierswonings op Diepkloof. Indien daar nie genoeg klip in die omgewing was om 'n fondasie by die vroeë huise mee te bou nie, is 'n veranda rondom die woning opgerig om te keer dat die mure en die grond by die fondament onnodig klam word.²⁰⁷

Die beskikbaarstelling van sink was die vernaamste enkele ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse boukuns van die negentiende eeu en daar is selfs van 'n "sinkplaatstyl" gepraat. Die aanwending van sinkplate het daartoe gelei dat oop stoepe voor (en agter) die huise oordek is, om 'n veranda te vorm. Die veranderinge aan die reghoekige pioniershuis het verskeie vorms aangeneem (*Illustrasie 37*). Soms is slegs 'n veranda voor aangebou soos op Rietfontein, Heidelberg (veldwerk 2007-11-22). In ander gevalle is die kombuis en badkamer agter, onder 'n plat sinkdakstoep, aangebou sonder 'n voorstoep. Waar die oop plat sinkdakveranda voor aangebou is en die kombuis en badvertrek agter onder 'n plat sinkdak, het die tipiese "verandahuis" sy kenmerkende vorm aangeneem. Hierdie kenmerkende verandahuse met die kombuis- en later ook die badkamervertrek agter onder die plat sinkdakstoep soos op Stryfontein, Heidelberg (veldwerk 2007-11-22), was algemeen op die landelike Hoëveld.²⁰⁸

Die wonings op Alma (die Corvers se pioniershuis in die Wardendistrik) en Midian (die Prinsloos se woning in die Middelburgdistrik), het soos die verandahuse 'n goed gedefinieerde voor- en agterstoep gehad, wat op die reeds genoemde wyse met 'n sinkdak bedek is. Die stoepe van hierdie twee wonings het voor en agter parallel met die lang-sy van

²⁰⁵ J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 102.

²⁰⁶ F. Slaughter (Ed.), *Storm and sunshine in South Africa*, p. 102.

²⁰⁷ R.C. Fisher en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 42.

²⁰⁸ P.J. Nienaber (red.), *Die Vrystaat en bewaring*, pp. 84-85.

die huis gestrek. Die veranda het die ingang van die woning (voor en agter) met 'n effense skuins platdak teen wind en weer beskerm.²⁰⁹ Dit is gebruik as stoorplek vir die mans se saals, tooms en swepe wat dag en nag byderhand moes wees. Die stoep het ook as skuiling teen 'n skielike reënbui of bloedige warm son gedien en gekeer dat die mans met hulle modder- of beesmisbesmeerde (van die kraal af) skoene in die huis kom.²¹⁰

'n Kenmerkende ontwikkeling van die sinkplaatstyl was, dat daar soms voor die tipiese verandahuis aan een of weerskante van die voordeur (of agterdeur) kamers aangebou is (*Illustrasie 38*), sodat die huis dan 'n L-, T-, of H-vorm aanneem. Die kamerdeure het op die geplaveide sinkdakstoep, wat tussenin was, uitgeloop. In die tydperk voor die Eerste en ná die Tweede Vryheidsoorlog [onderskeidelik 1880-1881 en 1899-1902] het hierdie H-vormige “stoepkamerwoning” in die stede en op die platteland 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse woningtipe geword.²¹¹ Die stoepvertrek is soms as 'n eetkamer, badkamer, toilet (agter), stoor of gastekamer (voor) aangewend soos op Middelspruit, Frankfort (veldwerk 2007-11-19). Hierdie woningtipe wat die “Victoriaanse boerewoning” genoem word, het veral in die landelike dele algemeen voorgekom.

As 'n mens kyk na die deftige Hoëveldse plaashuise in die Victoriaanse tradisie, het beide Zwartkoppies (1890) en De Rust (1906) 'n stoep met deure wat daarop uitloop, rondom die huis gehad. Stoepe rondom die woning is nie kenmerkend van die tipiese Victoriaanse huis nie en hoofsaaklik Suid-Afrikaans. Die stoep is elke oggend met water gewas, soos die gewoonte by die Karoo opstalle.²¹² Die water het die omgewing stofvry en koel gehou.²¹³ In beide die Karoo en op die Hoëveld, het die stoep 'n veelsydige doel gedien. Dit het die huis koel gehou omdat direkte sonlig uitgeblok is, en ook beskerming gebied indien 'n skielike reënbui uitgesak het. Stoepe rondom die huis het kenmerkend deel van die landelike woningbou op die Hoëveld geword.

²⁰⁹ GPA, KOR I, T.G. Corver, 2005-02-17, pp. 1 en 5 en MO I, N.M. Prinsloo, 2005-12-04.

²¹⁰ GPA, KOR I, T.G. Corver, 2005-02-17, p. 1.

²¹¹ P.J. Nienaber (red.), *Die Vrystaat en bewaring*, pp. 84-85.

²¹² E. Palmer, *The plains of the Camdeboo*, p. 15.

²¹³ GPA, MO I, M.L. De Villiers, 2006-09-21.

Afhangende van die ligging van die woning, kon die sinkveranda ook die hitte van die somer aan die noordekant van die woning ondraaglik maak, en die nodige son in die winter uitsluit.²¹⁴

4.1.4 Die Victoriaanse woning

In 1890 het die geleidelike ontwikkelingsproses van die landelike woning tot 'n einde gekom. Met die koms van die treinspoor na Johannesburg en Bloemfontein, en die opbloeï van die goudmynbedryf in Johannesburg, het 'n tyd van groeiende welvaart en gepaardgaande sofistikasie ingetree. Boumateriaal is (hoofsaaklik van Engeland) ingevoer en oorsese argitekte het hulle hier kom vestig. Die kenmerkende woning van hierdie tydperk was Victoriaans: asimmetries, oordadige versierings, verandas met houtsnwywerk, dakke met metaalwerk, skoorstene en torings.²¹⁵ Die tegnologie van binnenshuise lopende warm water, bad- en toiletgeriewe, sentrale verhitting en hidro-elektriese kragopwekking is enkele tegnologiese ontwikkelinge wat vanuit Engeland na die welgestelde landelike Hoëveldse woning oorgespoel het.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die Britte die boereplaashuise afgebrand en soms selfs met dinamiet opgeblaas, "sodat nie een steen op die ander" gelaat is nie.²¹⁶ Dit het die boere aangespoor om vir hul "moderne" permanente wonings op te rig. Die Victoriaanse plaasopstal op De Rust, net buite Heidelberg, wat in 1906 vir die Bezuidenhoutfamilie opgerig is, is 'n sprekende voorbeeld hiervan.²¹⁷ Hierdie rooi baksteenhuis, met 'n sinkdak, toring en stoepe reg rondom die huis, het 14 vertrekke. Die reënwater word vanaf die hoofdak na die stoepdak afgevoer en vandaar in geute na 'n aantal vangputte, watervore en die blombeddings reg rondom die huis (*Illustrasie 39*).²¹⁸

Die Europese tegnologie, met betrekking tot die verskaffing van warm water en dreineringsstelsels, het dit moontlik gemaak om lopende water na die privaatwoning se kombuis en badkamer aan te lê. Die kombuis, badkamer en toilet het hier as aparte vertrekke

²¹⁴ R.C. Fisher en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 42.

²¹⁵ P.J. Nienaber (red.), *Die Vrystaat en bewaring*, pp. 84-85.

²¹⁶ M. Van Bart, *Vir vryheid en reg: Anglo-Boere oorlog gedenkboek*, p. 316.

²¹⁷ BPA, "Victoriaanse woning en buitegeboue te De Rust, Distrik Heidelberg, Transvaal." p. 4.

²¹⁸ M. Naudé. "Architectural significance of the 1886 homestead on the farm Zwartkoppies (Pretoria)" in *Aspects of architectural conservation for the museologist, research by the National Cultural History Museum*, p. 153

binne die huis gefunksioneer. Die Victoriaanse plaasopstal op De Rust het goed bewaar gebly en is 'n goeie voorbeeld van watergebruik in die Victoriaanse plaashuis.

Voor die huis was, soos die gewoonte in die Victoriaanse tyd, 'n imposante gegote ysterfontein in die middel van 'n visdam. Die huis het, behalwe elektrisiteit, ook reeds in 1906 'n badkamer met lopende warm kraanwater en 'n binne spoeltoilet gehad. Water is vanaf 'n boorgat (later twee) na 'n watertenk bo-op die dak gepomp, wat genoeg druk verskaf het om die water in pype na die kombuis en badkamer te herlei. Vanaf die koolstoof in die kombuis is warm water met stoomdruk na die badkamer vervoer. In elke slaapvertrek was 'n wastafel met 'n waskomstel. Die binnenshuise spoeltoilet het met 'n sypelrioolstelsel (*French drain*) gewerk.

Dié huis is een van die volledigste Victoriaanse plaasopstalle wat nog in ons land behoue gebly het. Die hele huis en sy inhoud is, per katalogus met die hulp van 'n plaaslike prokureur vanuit Engeland, ingevoer.²¹⁹ Ossewaens het die vrag van Durban se hawe na Heidelberg vervoer saam met 'n binnenshuisversierder. Laasgenoemde moes toesig hou oor die “trek” en die hele interieur stuk vir stuk aanmekaarsit.

Die pionierswoning is reeds vanaf 1870 stelselmatig verbou en vervang met 'n permanente steenwonings en “moderne” geriewe.²²⁰ Ongepleisterde baksteenwonings, gebou van inheemse sandsteen en graniet is algemeen gebruik om 'n eiesoortige Victoriaanse boerewoning op die landelike Hoëveld te vestig.

4.1.5 Die platdakhuis

Indien 'n mens kyk na die blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, het beide staan- en platdakhuisse voorgekom. Die landelike woning se dakkonstruksie was meestal, soos aan die Kaap, 'n staandak, terwyl die platdak ná ongeveer 1860 veral op die dorpe voorgekom het.²²¹ Die platdakwoning was eerder deel van die dorpsargitektuur en van die inheemse bevolking, omdat oprigting goedkoop was en dit maklik opgepak kon word.

Die staandak op die landelike Hoëveld, waar die reënvalsyfer hoog was, was baie meer gewild, omdat dit meer waterdig was as die platdak. Sink was ook nie altyd in die afgeleë

²¹⁹ BPA, “Victoriaanse woning en buitegeboue te De Rust. Distrik Heidelberg, Transvaal,” p. 6.

²²⁰ A.P.J. Van Rensburg, “Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967, p. 146.

²²¹ E.C. Labuschagne, Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou (1), pp. 239-240.

gebiede op die Hoëveld beskikbaar nie. By die landelike woning in die Hoëveld is die tradisionele platdakkonstruksie wel gebruik op die vroeë plase in die Vrystaat. In 1857 is 'n reghoekige platdakwoning (*Illustrasie 40*) naby Winburg gebou, waarvan die buitemure van klip en die binnemure van rou bakstene was.²²² Hierdie eerste platdakwoning het die arbeiders se blyplek geword, nadat 'n permanente staandakwoning op die plaas gebou is. Platdakke is soms ook vir aangeboude stoepkamers gebruik, omdat dit 'n goedkoop opsie was.

In die Oos-Kaap het platdakhuise op die dorpe soos Graaff-Reinet, Fort Beaufort (1846), Colesberg (1845), Cradock (1848) en Grahamstad (1848) voorgekom.²²³ Latte of riete wat dig langs mekaar oor bindbalke geplaas is, is met 'n laag brakgrond bedek om 'n platdak te vorm. Die terme "brakdak" en "Karoo-argitektuur" verwys na hierdie platdakstruktuur.²²⁴ In die droë Noordwestelike dele van die Hoëveld, veral waar daar 'n skaarste aan dekgras was,²²⁵ het die trekboere uit die Oos-Kaap vir hulle brakdakwonings opgerig. Kleigrond is bo-op Spaanseriet (*Arundo donax*),²²⁶ 'n sterk rietsoort (3 cm dik en tot 6 m lank) as dakbedekking gelê. Die dak is gewoonlik met 'n val na agter ontwerp om reënwater te laat afloop. Soms is die dak met 'n trapsegewyse borsweringmuur omring. 'n Voegskort van lood of klip is aan die agterkant van hierdie borswering aangebring om die water van die muur af weg te lei.

Die grootskaalse invoer van sinkplaat het veroorsaak dat sink geleidelik die oorheersende dakmateriaal op die Hoëveld geword het, en gras- en brakdakke tot 'n groot mate verdring is.²²⁷ Sink het die platdak waterdig gemaak. Wonings het ook groter geword en huise kon maklik vergroot of aangebou word. Vir die inheemse bevolking was die grootste probleem van hierdie plat sinkdakwoning, om dit waterdig te kry. Die sinkplate is, of met gewigte bo-

²²² K. Schoeman, *Boukunskatte van die Vrystaat*, pp. 9-11.

²²³ P. Brooke Simons, *The life and works of Charles Bell*, pp. 66 en 80, en J. Carruthers and M. Arnold, *The life and work of Thomas Baines*, pp. 31 en 139.

²²⁴ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou* (I), p. 298.

²²⁵ K. Schoeman, *Boukunskatte van die Vrystaat*, p. 25.

²²⁶ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900 met spesiale verwysing na woningbou* (I), p. 298.

²²⁷ B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika. 'n beknopte oorsig van ons bouwyse*, p. 89.

op die mure gehou, òf met draad en houtpale bo-op die sink vasgeheg. Sodoende kon dit hergebruik word indien die familie moes trek.²²⁸

By die inheemse bevolking op die landelike Hoëveld het die platdakkonstruksie met 'n sinkdak groot byval gevind. Die aanbou- en uitbreidingsgeleenthede van hierdie struktuur was eenvoudig as die weersomstandighede dit toegelaat het.²²⁹ Die huise van die werkers op die Hoëveldse boereplaas (wat hulle self moes bou), en dié van die inheemse bevolking op die landelike Hoëveld rondom 1900, was hoofsaaklik reghoekige plat sinkdakhuise. Hierdie huise is gebou met songedroogde gepleisterde kleistene. Die kleimure het maklik gekraak en het 'n beperkte lewensduur van sewe tot tien jaar gehad.²³⁰ Die kleihuise van beide die Sothos en Ndebeles is deur die vrouens versier (*Illustrasie 40*). Patrone is, òf in die nat klei ingekerf, òf met 'n water-en-kleimengsel bo-op versier.²³¹

Die eenvoudige platdakwoning van die pioniers en die inheemse bevolking het geen gang gehad nie. Die vertrekke is een na die ander aangelas, soos dit benodig of bekostigbaar was. Die platdakwonings aan die Kaap het wel 'n gang gehad.²³²

5. Gevolgtrekking

As 'n mens na die landelike Hoëveldse wonings vanaf 1840-1910 kyk, kan drie fases geïdentifiseer word. Tydens die eerste fase van die pioniersvestiging (1836-1848) is woonstrukture opgerig wat, as gevolg van die mobiliteit van die trekkers, tydelik van aard was. Die tweede fase (1840-1870) word gekenmerk deur stewiger permanente pionierswonings. Die derde fase (1860-1910) word gekenmerk deur die vestiging van groot handels- en nywerheidsdorpe, die styging in grondpryse en die opbloeï van mynbou-aktiwiteite. Ná 1890 is daar 'n duidelike Victoriaanse (koloniale) invloed op die woningbou, wat met die heropbou van die plaashuise na die oorlog (1899-1902) tot en met Uniewording (1910), momentum gekry het.

²²⁸ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 103.

²²⁹ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 107.

²³⁰ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 102.

²³¹ K. Schoeman, *Boukunsskatte van die Vrystaat*, p. 140.

²³² M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 13.

Die Hoëveldse pioniers het, as gevolg van hulle nomadiese lewenswyse, lank in hul waens gewoon sonder om 'n permanente woonstruktuur op te rig. Die reënwater het tydens 'n storm maklik afgeloop en die binnekant van die wa het sodoende droog gebly. Hierdie tent was redelik waterdig, behalwe as dit vir dae aaneen gereën het en alles nat geword het.

Om die leefarea te vergroot en die kookruimte teen reën te beskerm, is soms 'n paal- en grasskerm by die wa en tent gevoeg.

Soms het die trekkers net 'n informele, tydelike grasskerm met of sonder enige matjies in 'n droë area opgerig as beskerming teen die wind. So 'n skerm was nie waterdig nie. 'n Riet- of biesieskerm, wat met dekgras gedek en met beesvelle oorgetrek en gepleister is, het beter beskerming teen die son, roofdiere en veral die reën gebied. Om die skerm binne droog te hou, is die onderste deel van die skerm gepleister en 'n sloot rondom gegrawe, sodat reënwater buite gehou kan word.

Die hutstruktuur met moddermure en 'n kegelvormige grasdak, is deur die trekkers en pioniers se werkers ná 1840 op die Hoëveld opgerig om as tydelike woning te dien. Rondom die hut is 'n stoep gebou om die water van die muur af weg te hou. Die grasdak se oorhang was dan ook ver genoeg om die reënwater weg van die struktuur te laat afloop, sodat die muur nie onnodig klam word en inmekaarstort nie.

Die kapstylhuis wat uit 'n reeks gedekte dakkappe bestaan het, is soms as tydelike struktuur opgerig. 'n Lae muurtjie is aan die onderkant gebou, om die struktuur waterdig en stewiger te maak.

Die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbeeshuis is op die Vrystaatse en Transvaalse Hoëveld deur trekboere opgerig. Dit het bestaan uit 'n reeks dakkappe wat op twee rye pale wat in die grond ingeplant is, gerus het en waarop 'n gras of riet dakbedekking vasgewerk is. Hierdie riet- en biesiewonings was nie net 'n beskerming teen die wind nie, maar ook teen reën. Die klammigheid van die reën het die biesies laat uitswel en 'n redelike waterdigte beskerming gebied. Soms is die struktuur met modder gepleister om dit stewiger en waterdigter te maak.

Die hartbeeshuis het ontwikkel in 'n spitsboogvormige of omgekeerde bootvormige saaldakhuis wat uit twee dakmure en twee sluitgewels bestaan het. Hierdie struktuur was die eerste permanente woning wat deur die pioniers gebou is, en staan as 'n pioniershuis bekend. Die huis se mure is van riet gebou en is soms ook gepleister met klei (tot 60 cm dik) om dit waterdig te maak. Daar was geen lopende water, badkamer of toilet binne hierdie

woonstruktuur nie. Water is daaglik, vanaf die waterbron, deur vrouens, kinders of bediendes aangedra.

Die fondament is die belangrikste deel van die woning omdat dit die vog uit die grond van die mure en vloere weghou. Tydelike strukture het nie fundamente gehad nie, terwyl permanente strukture oor stewige fondasie beskik het.

By die pioniershuis is die mure van die fondament gewoonlik van klip gebou om te keer dat die grondwater in die mure optrek. Soms is die fondament met 'n laag leiklip afgewerk, wat 'n oop stoep en ook 'n doeltreffende vogweerlaag gevorm het. Modder-, klei- en sooimure het in die droër dele redelike stewige mure gevorm, maar in die dele met hoë reënval het dit maklik inmekaargestort. Ná 1852 is stewiger songebakte kleisteen- en klip-en-kleimure vir permanente wonings op die Hoëveld gebruik. Soms is die buitemure van klip gebou en die binnemure van baksteen om die reën en vogtigheid uit te hou.

Vensters was soms by die primitiewer pionierswoning, óf afwesig, óf klein en beperk tot een opening per vertrek. Hierdie openinge is soms net deur houtluike óf net met glas óf met beide glas en luike bedek. Die deurdrumpel, van hout of yster, is effens gelig om te keer dat die wind die reën na binne waai.

Die oorspronklike pioniers op die Hoëveld het gras vir hul dakke gebruik, omdat dit vrylik beskikbaar was in die omgewing en redelik waterdig. Die grasstaandakhuise met tuitgewels aan die sykante, se nok en kante is met 'n kalk-en-kleimengsel wat afgewit is of met 'n beesmismengsel gepleister om die dakke waterdig te maak. As gevolg van die beskikbaarheid van sink op die landelike Hoëveld sedert 1890, is die ou pionierswoning se grasdakke geleidelik met sink vervang. In hierdie pionierswoning was daar 'n binnekombuis, maar nog geen lopende water of 'n badkamer of toilet binne die huis nie.

Die pioniers het teen 1840 'n permanente hut of rondawelhuis, as woon-en-slaapvertrek, en 'n kookskerm opgerig as hulle vir meer as 'n jaar op een plek gebly het. Teen die tyd dat die permanente woning voltooi is, is die hut soms as addisionele vertrek tot die woning (1871) gebruik. Op die Bosveldplaas waar daar oorwinter is, is 'n rondawelhuis (hut) gebou.

Die hut was meer waterdig as die tydelike strukture. Die grasdak se verlengde oorhang en 'n stoep rondom die hut het die reënwater van die muur af weg gehou. Hierdie strukture het aanvanklik mure van modder (klei), ongebakke of gebakte steen, klip en later ook sink gehad. Die dakbedekking was aanvanklik van gras, maar is later vervang met sink.

Sommige vroeë pionierswonings in die verafgeleë dele het geen stoepe gehad nie. Indien daar nie genoeg klip in die omgewing was om 'n fondasie by die vroeë huise te bou nie, is 'n veranda rondom die woning opgerig, om te keer dat die mure en die grond by die fondament onnodig klam word. 'n Stoep, hetsy oop of onder dak, rondom die struktuur, is hoofsaaklik opgerig om die reënwater so vinnig moontlik weg van die gebou te laat afloop.

Die pioniershuis wat uit 'n reghoekige vloerplan bestaan het, met die voorkamer sentraal geleë en die ander vertrekke wat daaruit loop, het nie gange gehad nie. Die badkamers is eers heelwat later agter, onder die sinkdakstoep, aangebou. Onder die invloed van die laat-Victoriaanse stedelike argitektuur is die reghoekige pioniershuis ombou in 'n veranda of 'n stoepkamerhuis, waar 'n badvertrek agter langs die kombuis ingerig is.

Die beskikbaarstelling van sink was die vernaamste enkele ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse boukuns van die negentiende eeu. Die kenmerkende Hoëveldse “verandahuise” het ontstaan as gevolg van die sinkplate wat oop stoepe voor (en agter) die huise oordek het om 'n veranda te vorm. Die stoepe het parallel met die lang sy van die huis gestrek, en die voor- en agterdeur met 'n effense skuins platdak teen reën en direkte sonlig beskerm. Die veranda met sy skuinsdak is soms toegebou om 'n ekstra vertrek te vorm.

'n Kenmerkende ontwikkeling van hierdie sinkplaatstyl was dat daar soms voor die reghoekige huisies aan een kant of aan weerskante van die voordeur (of agterdeur) kamers aangebou is, sodat die huis 'n L-, T-, of H-vorm aangeneem het. Die kamerdeure het op die geplaveide sinkdakstoep wat tussenin was, uitgeloop. Hierdie “stoepkamerhuise” het in die stede en op die platteland voorgekom en 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse woningtipe geword. Die stoepvertrekke is soms as 'n eet-, gaste- (voor), stoor-, of badkamer (agter) aangewend.

Op die Hoëveld is die stoep soms, soos by Karoo plaasopstalle, reg rondom die huis gebou. Hierdie stoep is elke oggend met water gewas, om die omgewing koel en stofvry te hou. Die stoep het die huis koel gehou, deurdat direkte sonlig uitgeblok is, en beskerming gebied teen skielike reënbuie.

Die kenmerkende woning van die tydperk ná 1890, was die Victoriaanse sinkdakwoning: asinmetrie, oordadige versierings, verandas met houtsnwywerk, dakke met metaalwerk, skoorsteue en torings. Die Europese tegnologie met betrekking tot die verskaffing van warm water en dreineringsstelsels, het dit moontlik gemaak om lopende warm water in die

privaatwoning se kombuis en badkamer aan te lê. Die kombuis, badkamer, met 'n stortbad en ingeboude wasbak, en later ook die spoeltoilet het as aparte vertrekke binne die huis begin funksioneer. In die welgestelde huis het die kombuis nie meer 'n veeldoelige gebruik gehad nie. Werk- of diensareas vir die bediendes, soos die kombuis, en privaatareas, soos die badkamer en toilet, is ook van mekaar geskei.

'n Visdam, met 'n spuitfontein voor die hoofingang van die huis en geute wat reënwater na die blombeddings afvoer, het ook deel van die Victoriaanse opstal in die landelike gebied geword. Die landelike bewoners sien die nuwe woningstyle, spoeltoilette en warmwaterstelsels tydens hul besoek aan die stede, en wil dit dan ook self besit.

Al die permanente landelike wonings in die tydperk 1880-1910 op die Hoëveld, was nie so luuks nie. Die gemiddelde huis het selde 'n badvertrek, 'n toilet of lopende water binnenshuis gehad. Die trae oorgang na binnenshuise water en sanitasie is hoofsaaklik as gevolg van die oorvloedige beskikbaarheid van huisbediendes.

Die Afrikaanssprekende landelike boeregemeenskap op die Hoëveld se huise was baie eenvoudig en hulle het vir lank nog in pioniersomstandighede gebly. Hulle het gewoonlik self die bouwerk met die minimum hulp aangepak en ook materiaal uit die onmiddellike omgewing gebruik. Finansies, afsondering, etniese groep en die blootstelling aan buitelandse katalogi wat saam met sosiale stand gegaan het, het beslis 'n rol in die ontwikkeling van watervoorsiening en sanitasie binne die woning, gespeel.


Die reghoekige platdakwoning was hoofsaaklik deel van die dorpsargitektuur en van die inheemse bevolking op die landelike dele. Dit was goedkoop om op te rig en maklik om op te pak. Die dak is gewoonlik met 'n val na agter ontwerp om reënwater te laat afloop. Die platdak is waterdig gemaak, wonings het groter geword en huise kon maklik vergroot of aangebou word.

Daar het in hierdie tydperk by die pioniers se woningbou 'n sigbare evolusie plaasgevind. Die dakhuis, wat prominent gefunksioneer het tydens die trekker- en pioniersfase (wa en tent, skerms, grashutte, kapstylhuis en hartbeeshuis), het tydens die pioniersfase oorgegaan in die muurhuis (saaldakhuis) en die daaropvolgende permanente fase (die pioniershuis, die hut of rondawelhuis, die veranda- en stoepkamerhuis en die laat-Victoriaanse woning).

As 'n mens kyk na die ontwikkeling van die woning van die inheemse bevolking in die landelike dele van die Hoëveld, is dit duidelik dat daar by hulle, op die gebied van

woningbou, ook 'n visuele evolusie plaasgevind het. Die verhouding van die dak tot die muur het, van die byekorfhutstruktuur, wat geen differensiasie tussen die twee getoon het nie, ontwikkel tot die Hoëveldse platdakwoning waar die muur dominant geword het en die dak visueel verdwyn het.

Die blankes het besitreg (kaart en transport) van grond bekom. Hulle kon hulle permanent daarop vestig en dienooreenkomstig 'n permanente woning oprig. Tussen 1840 en 1910 het die plaaswerkers en inheemse bevolking op die Hoëveldse geringe eiendomsreg op grond, gehad. Dit het meegebring dat hulle slegs tydelike een- tot drievertrekwonings, wat uit 'n slaap- en woongedeelte bestaan het, opgerig het. Die tydelikheid van die woning het ook 'n direkte invloed op die ontwikkeling van binnenshuise lopende water, kombuis- en wasgeriewe gehad, aangesien dit nooit 'n permanente binnenshuise ruimte beslaan het nie.




Ilustrasie 21 “On the Highveld before the gold discovery.”²³³ Gravure: ’n Pioniershuis op ’n hoogte, met ’n stroompie wat onder verbyloop.

²³³ D.G. Malan, et al. *Johannesburg one hundred years*, p. xii.




Illustrasie 22 “Klaas Smit’s River – wagon broke down, crossing the drift (1852).” Steendruk: Thomas Baines.²³⁴ Kyk ook hieronder: “Mzilikatsi sitting in his wagon, listening to praise-singers” (1835). Waterverf: Charles Bell.²³⁵




²³⁴ J. Carruthers and M. Arnold. *The Life and work of Thomas Baines*, p. 139.

²³⁵ N. Parsons, *The new history of Southern Africa*, p. 101.




Illustrasie 23 “Halt of a boer family” (ongeveer 1802). Pen en waterverf: S. Daniel.²³⁶ Let op die sytente wat die leefarea vergroot en ook beskerming bied teen die son, wind en weer.

²³⁶ J. Fisher, *The Afrikaners*, p. 78.



Illustrasie 24 Op die trekpad (1835) met vee.²³⁷ Tekenig: Charles Bell. Let op die waterbalie wat ook as sitplek dien. Vergelyk met die illustrasie hieronder. Vir hierdie familie (vroeg in die twintigste eeu) was die wa en tent die enigste woning.²³⁸ 'n Losstaande tent is saam met die wa en tent gebruik om die woonarea te vergroot. Let op die wasgoedbalie by die ingang van die tent.




²³⁷ P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (1) Mens en Land*, p. 147.

²³⁸ R.W. Wilcocks, *Die armblanke (2) Psychologiese verslag*, verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, p. 180.




Illustrasie 25 “Bloemfontein (1851).” Olieverf: Thomas Baines.²³⁹ ’n Hutvormige grasskerm van matjies word deur die reisigers as beskerming gebruik. Vergelyk met onderstaande illustrasie. ’n Sotho grasgedekte spitsdak byekorfstruktuur met ’n tonnelingang en binne kleimuur, wat die struktuur waterdig maak.²⁴⁰



²³⁹ J. Carruthers en M. Arnold, *The life and work of Thomas Baines*, p. 143.

²⁴⁰ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 37.



Illustrasie 26 a Sotho (San) byekorfhutraamwerk. b Zulu (Swazi/Kora/Khoikhoi) byekorfhutraamwerk. c Xhosa byekorfhutraamwerk.²⁴¹

²⁴¹ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa. a survey of the architecture. house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 39.




Illustrasie 27 Matjieshuis: Kora-kraal, Oranjerivier.²⁴² Vergelyk dit met die onderstaande illustrasie. Die Matjieshuis is in die negentiende eeu tot in die vroeë twintigste eeu (hierbo) deur die trekkers en veeboere as tydelike woning gebruik.²⁴³



²⁴² N. Parsons, *The new history of Southern Africa*, p. 11.

²⁴³ R.W. Wilcocks, *Die armblanke (II) Psychologiese verslag*, verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, p. 180.



Illustrasie 28 Korbeelhutte van klip naby die Sandrivier op die Potchefstroompad.²⁴⁴ Kyk ook hieronder. Vroeë klipbouwerk in die vorm van die tradisionele koepel- of byekorfvorm op die Vrystaatse Hoëveld.²⁴⁵




²⁴⁴ J. Walton, *Early Ghoja settlement in the Orange Free State*, p. 11.

²⁴⁵ K. Schoeman, *Boukunskatte van die Vrystaat*, p. 1.



Illustrasie 29 'n Moddergrasdakhut (1879) was deel van hierdie reisigers se kampplek.²⁴⁶ Vergelyk dit met die illustrasie hieronder. Die hutstruktuur wat as tydelike woning opgerig is, het later as addisionele vertrek tot die permanente woning gedien.²⁴⁷




²⁴⁶ O.J.O. Ferreira, "Serpa Pinto (1846-1900) in Transvaal in 1879" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 20(1), Junie 2006, p. 10.

²⁴⁷ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, illustration p. 61.


EARLY HOMES OF THE VOORTREKKERS



a. Rondavel



c. Hardbieshuis




e. Framework of Kapsteilhuis




b. Skerm



d. Kapsteilhuis
Kranskop, Natal.



f. Kapsteilhuis
Platberg, O.F.S.



g. Early Transvaal House


Illustrasie 30 "Early homes of the Voortrekkers." Penskets: J. Walton.²⁴⁸

²⁴⁸

J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 96.




Illustrasie 31 Die pionierswoning (± 1848) Hartbeespoort.²⁴⁹ Let op die bootvormige saaldakhuiskonstruksie. Die drievertek 1-plan, hieronder, bestaan uit 'n sentrale woonvertrek (voorhuis) en twee slaapvertreke aan weerskante. Skets: C. Gouws.




²⁴⁹

C. Pretorius, *Pretoria se pioniershuis sy tyd en sy mense*, p. 11.



Illustrasie 32 Pionierswonings: (1)Rondawel-, (2)plattendak-, (3)reghoekige saaldak-, (4) sygewel- en (5) die tuitgewelpioniershuis.²⁵⁰ Skets: M. Naudé. Sien ook hieronder. Beskilderde plattendak en reghoekige saaldakhuse van die inheemse bevolking op die landelike Hoëveld, in navolging van die reghoekige pioniershuisplan.²⁵¹



²⁵⁰ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 143.

²⁵¹ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, stofomslag.



Illustrasie 33 Oorblyfsels van 'n klip-en-klei reghoekige pioniershuis (\pm 1862) op Rietfontein, Heidelberg. Let op die vensteropening wat later met steen toegebou is, om as waenhuis te dien.²⁵² Hieronder: 'n reghoekige pioniershuis met songebakte kleisteenmure en 'n sinkdak op Middelspruit, Frankfort.²⁵³




²⁵² GPA. Foto's 1, Rietfontein, Heidelberg, 2007-10-22.


²⁵³ GPA. Foto's 1, Middelspruit, Frankfort, 2007-10-19.




Illustrasie 34 Diepkloofplaasopstal (±1850).²⁵⁴ Let op die klipfondament met die oop noordelike leiklipstoep en die witgekalkte mure. Die tuitgewels en nok is met 'n klei-en-kalkmengsel waterdig gemaak. Die huis bestaan uit 'n vyfvertrekgrondplan (onder) met 'n sentrale voorbuis, drie slaapvertreke en 'n kombuis met 'n vuurherd en binnebakoond. Skets: C. Gouws.



²⁵⁴ GPA, Foto's 1, Diepkloof, Heidelberg, 2007-03-06.




Illustrasie 35 Frans se huis op Diepkloof (1890).²⁵⁵ Let op die klipfondament met die oop noordelike leiklipstoep en die mure van rou kleisteen. Die tuitgewels en nok is met 'n klei-en-beesmismengsel waterdig gemaak.²⁵⁶ Hierdie drievertrekhuus (sien hieronder) bestaan uit 'n sentrale voorhuis met 'n slaapvertrek en kombuis met 'n vuurherd. Skets: C. Gouws.



²⁵⁵ GPA, Foto's 1, Diepkloof, Heidelberg, 2007-03-06.

²⁵⁶ GPA, MO 1, P. Grobler, 2007-03-06.




Illustrasie 36 Die ontwikkeling van (1) die saaldakhuis na (2) die verandahuis tot (3) 'n tipiese Victoriaanse boerehuis op die landelike Hoëveld.²⁵⁷ Skets: M. Naudé. Hieronder: die reghoekige saaldakpioniershuis is in 'n verandahuis op Stryfontein, Heidelberg, omskep. Die agterstoep is toegebou om 'n ruimte vir die kombuis en later die badkamer te skep. Die geute is onlangs aangeblyng.²⁵⁸




²⁵⁷ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 144.

²⁵⁸ GPA. Foto's 1, Stryfontein, Heidelberg, 2007-10-22.




Illustrasie 37 Die veranderinge aan (1) die reghoekige pioniershuis. (2) 'n Veranda is voor aangebou, (3) die kombuis en badkamer is agter aangebou sonder 'n voorstoep en laastens (4) die tipiese verandahuis.²⁵⁹ Skets: M. Naudé. Vergelyk hieronder: 'n Verandahuis op die Vrystaatse Hoëveld.²⁶⁰ Die stoep het ook gedien as skuiling teen 'n skielike reënbuie.



²⁵⁹ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 295.

²⁶⁰ K. Schoeman, *Boukunskatte van die Vrystaat*, p. 30.



Illustrasie 38 (1) 'n Reghoekige pioniershuis met stoepe voor en agter, bekend as die sogenaamde "verandahuis." (2) Die stoepe word toegebou om onder andere ruimte vir die kombuis en badkamer te skep. (3) Die H-vormige "stoepkamerwoning" en (4) die Victoriaanse boerewoning.²⁶¹ Skets: M. Naudé. Hieronder: 'n Victoriaanse boerewoning op Stryfontein, Vereeniging.²⁶²




²⁶¹ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 279.

²⁶² GPA. Foto's 1, Stryfontein, Vereeniging, 2007-10-22.



Illustrasie 39 Die suidelike stoep van die Victoriaanse plaasopstal op De Rust (1906).²⁶³ Let op die geute wat die dak se reënwater na die blombeddings afvoer en die inheemse sandsteenfondamente.

²⁶³ BPA. CD, "De Rust foto's."



Illustrasie 40 'n Reghoekige platdakwoning (1857), Winburg. Die buitemure is van klip en die binnemure van roustene gebou.²⁶⁴ Kyk hieronder. 'n Versierde arbeidershuis²⁶⁵ op die reghoekige pioniershuis se vloerplan, op Runnymede, Frankfort. Die muurdekorasies is met 'n water-en-kleimengsel beskilder.



²⁶⁴ K. Schoeman, *Boukunskatte van die Vrystaat*, p. 11.

²⁶⁵ GPA. Foto's 1, Runnymede, Frankfort, 2007-10-19.

Hoofstuk 4

Die tegnologie van watervoorsiening en sanitasie in die kombuis

1. Inleiding

Na die ontdekking van goud en die gepaardgaande proklamasie van Johannesburg in 1886, was daar 'n konstante toestroming van mense, veral uitlanders, na die goudvelde op die Hoëveld. Stede en dorpe het tot stand gekom en water het 'n onmisbare element in die publieke area en privaatwoning geword. Europese tegnologie, met betrekking tot die verskaffing van warm water en dreineringsstelsels, het dit moontlik gemaak om lopende water in die boerewoning se kombuis en badkamer aan te lê. In die stedelike woning van die hoër middelklas het die kombuis, badkamer en later ook die toilet as aparte vertrekke binne die huis begin funksioneer. In die welgestelde huis het die kombuis nie meer 'n veeldoelige gebruik gehad nie. Werk- en/of diensareas vir die bediendes, soos die kombuis, en privaatareas, soos die badkamer en toilet, is ook van mekaar geskei.²⁶⁶

Die verandering in die stedelike woning het na die landelike dele oorgespoel. Inwoners op die platteland is beïnvloed as hulle in die stede gaan kuier of aankope gedoen het. Inligting met betrekking tot die kombuis en badkamer is in die advertensiekolomme van koerante en in katalogi bekom. Diegene wat dit kon bekostig, het die nuwigheid oor die pos bestel,²⁶⁷ en dan in hulle huise op die platteland gebruik.

2. Opvang van water

Vanaf 1840 tot 1910 het die opvang van water vir drink- en kookdoeleindes op die landelike Hoëveld progressiewe verandering ondergaan. Die opvangplekke sal aan die hand van die onderskeie fases bespreek word.

2.1 Rivier

Die trekboer het, soos die inheemse bevolking, gewoonlik teenaan 'n waterbron (verkieslik 'n rivier) uitgespan of kamp opgeslaan. 'n Paal- en grasskerm is soms by die wa en tent gevoeg

²⁶⁶ J.P. Goubert, *The conquest of water: the advent of health in the industrial age*, p. 68.

²⁶⁷ Advertisement, "Southern's Auction Mart" in *The Star*, 1889-04-17.

om die leefarea te vergroot en die kookruimte teen reën te beskerm. By die inheemse bevolking was dit die vroue se taak om water vir kook- of wasdoeleindes te gaan skep, hetsy in 'n rivier, stroompie of by 'n fontein.²⁶⁸

Gedurende 1840 tot 1875 was die grootste persentasie inwoners in Transvaal pioniers wat hoofsaaklik veeboere was.²⁶⁹ Tydens die Trekker-, pioniers-, en permanente vestigingsfase, voordat daar lopende water in die kombuis aangelê is, is water in emmers vanaf die rivier, spruit, voor, put of fontein aangedra huis toe. Dit was gewoonlik die kinders se taak om vir die watervoorraad te sorg.²⁷⁰ Emmers met water is gewoonlik twee-twee aan 'n skouerstuk (*Illustrasie 41*) na die kookarea of kombuis gedra.²⁷¹ In die hoofopstal op Diepkloof se kombuis is 'n soortgelyke skouerstuk en houtwateremmers. Drinkwater op die Hoëveldse boereplaas is deur swart vroulike werkers met emmers vanaf die rivier aangedra.²⁷²

Die watervoorraad vir huuslike gebruik is soms besoedel met uitwerpsels van menslike en dierlike oorsprong. Dit is een van die faktore wat aanleiding gegee het vir die groot aantal kindersterftes (meestal as gevolg van diarree- en ingewandsiektes) in die Hoëveld.²⁷³

2.2 Put of fontein

Die pionier het tydens die pioniervestigingsfase sy woning naby 'n standhoudende fontein of put, wat water vir huishoudelike verbruik en vir die vrugte- en groentetuin voorsien het, opgerig.²⁷⁴ Die put was, soos op Hartbeespoort, gerieflikheidshalwe naby die kombuis of kookarea. By die permanente opstal op Diepkloof (1850), was daar aan die kant van die huis 'n put met 'n rolputmeganisme, waar water vir kook- en ander doeleindes geskep is. Gedurende die negentiende eeu is 'n handpomp (*Illustrasie 42*) van hout of yster²⁷⁵ bo-op die put geplaas om die water bogronds te pomp. Sommige Hoëveldse huise,²⁷⁶ soos in

²⁶⁸ H. Ashton, *The Basuto, a social study of traditional and modern Lesotho*, p. 29.

²⁶⁹ W. Aukema, Opname van bewaringswaardige strukture in Transvaal met die oog op die aanlê van 'n nasionale opelugmuseum, Februarie-April 1983, p. 26.

²⁷⁰ A. Le Roux, "'n Waterbank" in *Overvaal Musea Nuus*, 10(2) Junie 1983, p. 7

²⁷¹ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis. 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebereiding*, p. 76

²⁷² E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 60.

²⁷³ W.A. Murray, *Die fisieke toestand van die armblanke (IV) Mediese verslag*, verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, pp. 73 en 75.

²⁷⁴ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), p. 145.

²⁷⁵ J. Seymour, *The National Trust book of forgotten household crafts*, p. 87.

²⁷⁶ GPA, MO 1, N.M. Prinsloo, 2005-12-04.

Engeland²⁷⁷ en Duitsland,²⁷⁸ is so beplan dat die put binne-in die kombuis gegrawe is, met 'n handpomp om water binne-in die opwasbak te pomp.

2.3 Reënwater

Op die Hoëveld is reënwater gewoonlik opgevang vir 'n spesifieke doel. Die vrou het gesorg dat haar linnegoed wit bly deur dit in reënwater te was.²⁷⁹ Meisies het reënwater in emmers opgevang, en gebruik om hulle hare te was, omdat dit die hare glo sag gemaak het.²⁸⁰

Reënwater is soms in 'n watertenk bewaar. Hierdie reënwater is hoofsaaklik vir drinkwater geberg, "where it kept sweet and pure for months".²⁸¹ Daar is later jare dikwels by die sinkdakhuse met geute, water vanaf die dak opgevang en na 'n sink watertenk, wat op pale reg langs die huis gestaan het, gelei.²⁸²

Die inheemse bevolking het ook reënwater opgevang. Reënwater is van die woonhut se dak in kleipotte opgevang en gebruik vir kookdoeleindes.²⁸³

2.4 Boorgat

Teen die negentigerjare van die negentiende eeu het die meeste landelike bewoners op die Vrystaatse en Transvaalse Hoëveld een of meer boorgate op hulle werf gesink. Windpompe het die boorgatwater in 'n dam gepomp, wat dan weer water aan die veekrale en huishouding voorsien het.²⁸⁴ Indien die een boorgat opgedroog het, soos op De Rust (Heidelberg 1906),²⁸⁵ is 'n volgende een gesink.

3. Berging van water

Die berging van water in die kookarea of kombuis, bring ons vanselfsprekend by die verskillende soorte houtbalies en emmers wat gebruik is.

²⁷⁷ J. Seymour, *The National Trust book of forgotten household crafts*, p. 87.

²⁷⁸ T. Kluge, *Wasser Nöte, zur Geschichte des Trinkwassers*, p. 17.

²⁷⁹ M. Crafford, "Dockies omdraai" in *Rooi Rose*, 64(3) Maart 2006, p. 147.

²⁸⁰ GPA, MO 1, L. Minnaar, 2005-10-26.

²⁸¹ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 97.

²⁸² P.J. Nienaber, en C.J.P. Le Roux, *Vrystaat-fokus*, illustrasie p. 69.

²⁸³ GPA, MO 1, A Mokwena, 2005-09-28.

²⁸⁴ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967, p. 145.

²⁸⁵ GPA, MO 1, L. Minnaar, 2005-10-26.

Die trekboer wat hoofsaaklik uit die Oos-Kaap gekom het, het altyd met emmers, ketels, balies en vaatjies, waarin water opgevang, gekook en geberg is, getrek. Wanneer daar met die wa getrek is, moes 'n voorraad drinkwater saamgeneem word. Die watervat met drinkwater het aan die wa gehang.²⁸⁶

In die permanente woning het wateremmers in die kombuis of op die agterstoep op 'n bankie, bekend as die water- of die emmerbank (*Illustrasie 43*), gestaan.²⁸⁷ Sink- of houtemmers, wat met 'n doekie bedek is,²⁸⁸ het vars water vir huishoudelike gebruik geberg. Teen 1900 was daar nog min plaashuise op die Hoëveld met lopende water en is die emmerbankie algemeen gebruik.

Die teegoedbalie (*Illustrasie 44*) was gewoonlik ovaalvormig met opstaande ore en 'n gat daarin vir opteldoeleindes. Hierdie balie was ongeveer 35 cm x 28 cm wyd en 17 cm diep.²⁸⁹ Teegoed is in hierdie balie gewas of in skoon water hierin gebêre, met 'n doekie (weg van vlië) bedek, gereed om weer gebruik te word.

Die voetbalie was 'n ronde balie met ore waaraan dit rondgedra kon word. Die vader van die huis se voete is voor ete, of na die dag se buitewerk, in die voetbalie gewas.²⁹⁰ President Paul Kruger het gereeld 'n warm voetbad met bloekomblare (*Eucalyptus globulus*) vir die verligting van sy rumatiek, geneem.²⁹¹ Dit was 'n algemene gebruik om die hele gesin se voete voor ete, deur 'n bediende in die voetbalie wat permanent in die kombuis gestaan het, te was.²⁹² Besoekers se stowwerige voete is ook voor ete gewas.²⁹³ Die voetwas-seremonie was nie net ter wille van die verligting van pyn en om te reinig nie, maar ook 'n teken van gasvryheid.

²⁸⁶ C. Pretorius, C. *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika. 'n studie van Westerse volkskuns in Suid-Afrika*, p. 52.

²⁸⁷ A. Le Roux, "'n Waterbank" in *Overvaal Musea News*, 10(2) Junie 1983, p. 7.

²⁸⁸ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum. 'n vergelykende kultureel-historiese studie*, p. 125.

²⁸⁹ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 76.

²⁹⁰ GPA, MO I, M.L. De Villiers, 2006-09-21.

²⁹¹ VFA, T.N. Leslie, "Diary: Casual Memories of an Octogenarian", p. 86.

²⁹² T. Pringle, *Narrative of a residence in South Africa (I)*, p. 49.

²⁹³ C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*, p. 82.

Die vroeë negentiende-eeuse drinkwateremmer was van hout met 'n geelkoper kraan, hoepels en 'n deksel.²⁹⁴ Hierdie houtemmer het gewoonlik op 'n tafel gestaan. In die seun, Frans. se huis op Diepkloof is 'n bruin geglasuurde erdewerk drinkvaatjie met 'n houtdeksel (*Illustrasie 45*), wat uit die middel van die negentiende eeu dateer. In die plek van 'n kraan is hier 'n wigvormige stokkie gebruik.

Die grootste balie was die watervat (*Illustrasie 46*), wat gewoonlik op 'n driepootstaander gestaan het. Hierdie watervat het 'n deksel gehad, waarvan die helfte (of soms meer as die helfte) kon opklap, met 'n geelkoperkraan onder aan die voorkant van die balie.²⁹⁵ Die watervat (soos in die pionierskombuis op Hartbeespoort) waarin water vir kook- en drinkdoeleindes geberg is, het teen 1900 algemeen in die kombuis van die boerewoning op die Hoëveld voorgekom.²⁹⁶

Waterbekers uit die laat negentiende eeu, was gemaak van tin, koper, ongeglasuurde- of geglasuurde erdeware, Oosterse porselein of silwer.²⁹⁷

Die Trekkers het, tydens die trek, water op die oop vuur verhit in ketels, gemaak van potyster, rooi- en geelkoper. Hierdie ketels, wat in die Kaapse kombuis gebruik is, het saamgetrek en is ook in die landelike Hoëveldse pionierskombuis (*Illustrasie 47*) gebruik. Koperware is altyd aan die binnekant vertin,²⁹⁸ om die nate te seël en die toksiese effek van die koper te stuit.

Gedurende die permanente vestigingsfase was breekware uit erdewerk, veral die ingevoerde Japannese Imari-werk met die kenmerkende blou ontwerp, gewild.²⁹⁹ Drinkwaterbekers en drinkglase van glas is in die boerewoning op Diepkloof en in Zwartkoppies gebruik. Glasware was algemeen in die handel beskikbaar, veral na die stigting van dorpe en stede.³⁰⁰

In sommige kookareas (van die inheemse bevolking, sowel as die gevestigde pionier) het die inwoners hulle water in kleipotte geberg. Die kleipot wat poreus is, het die water altyd koud

²⁹⁴ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 79.

²⁹⁵ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 79.

²⁹⁶ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 93.

²⁹⁷ J. Scymour, *The National Trust book of forgotten household crafts*, p. 52.

²⁹⁸ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 43.

²⁹⁹ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), p. 146.

³⁰⁰ Advertensie, "R. Winstanley" in *De Volksstem*, 1873-10-17.

gehou. Die kleipot, met of sonder 'n deksel, voorsien van 'n skepbeker, bakkie of lepel, het, óf op die waterbankie, óf buite die agterdeur onder 'n boom, óf op 'n staander gestaan.³⁰¹

Teen 1910 is daar op die Prinsloowerf op Kaalfontein 'n watertenk vir kombuisgebruik op 'n tafel naby die agterdeur aangebring. Die tenk is uit 'n put met behulp van 'n handpomp vol water gepomp.³⁰²

Nadat lopende water in die kombuis aangelê is, het die houtwatervaatjies en later ook die yster- en koperware in onbruik geraak.

4. Benutting en besparing van water

Reisigers en trekkers het hulle kookaktiwiteite oop en onbeskut in die veld gedoen. Klein hoeveelhede water is, soos benodig, vanaf die waterbron naby die uitspanplek, aangedra en benut. Om die dors op die trekpad te les, is water in 'n watervaatjie aan die wa vasgemaak.³⁰³

As gevolg van toenemende besoedeling van waterbronne gedurende die middel van die negentiende-eeu, is drink- of tafelwater op die platteland eers gekook of gefiltreer voordat dit gebruik is.³⁰⁴ In die negentiende-eeuse kombuise was waterfilters wat aan 'n kraan gemonteer is, of losstaande erdeware eenhede wat drinkwater geberg en gesuiwer het, algemeen op die landelike Hoëveld. Filtrasieprosesse was eenvoudig. Water is gefiltreer deur 'n laag sand op gruis, en daaronder 'n laag klipskerwe.³⁰⁵ In Frans se kombuis op Diepkloof vind ons 'n waterfilter (*Illustrasie 48*) van beskuitkleurige geglasuurde erdewerk, met 'n deksel bo-op en 'n kraantjie aan die voet. Soms is swart inskripsies, met die vervaardiger se besonderhede op die voorkant van die filter, ingeglasuur. In 1873 is waterfilters, glasprodukte en kleipype (*Illustrasie 49*), algemeen in koerante geadvertiseer.³⁰⁶ Dit bewys dat suiwer drinkwater toe reeds belangrik geag is. In 1899 is daar geskryf dat die Boere krygsgevangenes in die konsentrasiekampe, water waarin wurms ronddryf, gedrink

³⁰¹ A. Le Roux, "'n Waterbank" in *Overvaal musea nuus*, 10(2), Junie 1983, p. 7.

³⁰² A. Carelsen, Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum. 'n vergelykende kultuurhistoriese studie, p. 183.

³⁰³ C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika, 'n studie van Westerse volkskuns in Suid-Afrika*, p. 52.

³⁰⁴ J. Seymour, *The National Trust book of forgotten household crafts*, p. 52.

³⁰⁵ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 93.

³⁰⁶ Advertensie. "R. Winstanley" op voorblad in *De Volksstem*, 1873-10-17.

het.³⁰⁷ Indien dit die waarheid is, is dit eerder 'n bewys van die haglike omstandighede waarin hulle gebly het, as 'n gebrek aan kennis in verband met die suiwering van drinkwater.

Kookwater is hoofsaaklik gebruik vir die voorbereiding van kos, maar is soms soggens en saans gedrink soos duidelik blyk uit volgende dieet: Genezing voor zwaarlijwigheid (te dik worden).

*De enigste genezing die er is, voor te dik worden, is zich zelf onthouden, in eten en drinken, verenigd met genoeg oefening. Iedereen kan zijn of haar gewicht verminderen, bij het nalaten van alle stijselaghtige voedsel, zoals brood, aartappels, melige eten, boter, melk, eiers, taart of pastij, room en alle zoete spijzen. Drink een kopje kookwater, 's morgens en 's avonds. Ontbijt moet wezen: een kopje slauw tee en grof brood. Als er appels zijn dan ook een appel. Middagmaal: vis, hoender of twee stukjes mager vlees. Groenten en vruchten zonder suiker. Een kopje tee achtermiddag met grof brood. Avondeten: vis, appels en grof brood. Een kelkje goede wijn kan achter de middagmaal genomen worden. Somnige mensen zullen zeker liever een kopje koffie nemen inplaats van wijn.*³⁰⁸

Die landelike boervrou het graag tee gedrink; 'n gewoonte wat hulle uit die Kaap saamgebring het. 'n Tessie en konfoor, waaruit sy heeldag tee geskink het, is permanent op 'n tafeltjie in die voorkamer gehou.³⁰⁹ Vir olikheid het die ou mense net twee rate voorgeskryf: jy moes goeie opelyf hê en jy moes sweet. Sterk aftreksels en konkoksies, in die vorm van tee, is as medikasie ingegec. 'n Voorbeeld hiervan is ouma Alet Moolman se “resep no.3 vir hoes”, gedateer Februarie 1905.

*1 handvol boegoe, 1 handvol hottentots kooigoed, 1 handvol kattekruid en 1 teelepel Anys, laat dit sterk trek soos te drink 2 of 3 maal op en dag.*³¹⁰

In die wintermaande is daar saans in die landelike woning, stene op die warm koolstoof geplaas. Met die stene toegedraai in koerantpapier, is die beddens dan voor slapenstyd verhit.³¹¹ Koper warmwaterbottels is ook gebruik om die beddens in die hoër middelklas woning te verhit.³¹²

³⁰⁷ J. Ploeger, “Die lotgevalle van mej. Wytse Sybrandi 'n Nederlandse Onderwyseres en Verpleegster, in die ‘Zuid-Afrikaansche Republiek’ (1899-1900)” in *Hertog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, (9) Desember 1962, p. 91.

³⁰⁸ N. Moolman, *Kuier in 'n plaaskombuis*, p. 29.

³⁰⁹ G. Thompson en V.S. Forbes (Ed.), *Travels and Adventures in South Africa (I)*, p. 46.

³¹⁰ N. Moolman, *Kuier in 'n plaaskombuis*, p. 30.

³¹¹ GPA, MO 1, T.G. Corver, 2005-12-01.

³¹² J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 34.

Die kombuistafel, met 'n houtblad wat weekliks met seep, water en 'n skropborsel skoon geskrop is,³¹³ was die middelpunt van aksie in die huishouding.

Die skottelgoed en strykwerk is gewoonlik in 'n losstaande skottel op die tafel, óf in die kombuis, óf op die agterstoep, óf in 'n afsonderlike vertrek direk langs die kombuis gedoen.³¹⁴ Die stryksters is eers op die koolstoof warmgemaak. Gocie linne is gestysel en as dit van die draad afkom, natgespat en met 'n warm yster gestryk.³¹⁵

Reeds in 1900 is 'n houtyskas (*Illustrasie 50*), waarin voedsel tussen blokke ys verkoel en bewaar is, in die kombuis op Swartkoppies, gebruik.³¹⁶ In die landelike kombuisarea is eerder die handgemaakte sif- of kolekas gebruik. Die sifkas (*Illustrasie 51*), waarin vleis of bederfbare produkte gewoonlik koel gehou is, is algemeen op die plase gebruik. Dit het op 'n koel plek op die werf, gewoonlik aan die suidekant van die stoep, reg langs die agterdeur of onder 'n boom, gestaan.³¹⁷ Dit was 'n regop kas met 'n houtraamwerk op pootjies. Tussen twee digte gaasdraad-rame, wat die kas se buitekant was, is houtskool ingepers. Bo-op die kas het permanent 'n waterhouer vol water gestaan. Die water is gereeld oor die kole gegooi, ten einde die inhoud binne-in die kas deur middel van verdamping, koud te hou.³¹⁸

'n Goed geventileerde houthuisie onder 'n boom, of 'n uitgeholde boomstam wat klam gehou is,³¹⁹ is ook gebruik om bederfbare produkte in te bewaar.

5. Afvalwater en dreinerings

Die trekboer het die afvalwater sommer op die grond uitgegooi, waar dit in die grond in gedreineer het.

Gedurende die pioniersvestigingsfase is beskutte skerms en strukture vir kookdoeleindes opgerig. Afvalwater is nog steeds eenkant op die grond uitgegooi. Daar was 'n sloot om die struktuur gegrawe om reënwater vinnig van die kleimure te laat aflow. Teen 1850 was daar

³¹³ N. Moolman, *Kuier in 'n plaaskombuis*, p. 13.

³¹⁴ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, pp. 90 en 125.

³¹⁵ M. Crafford, "Doekies omdraai" in *Rooi Rose*, 64(3), Maart 2006, p. 147.

³¹⁶ GPA, MO I, A. Carelsen, 2006-03-17.

³¹⁷ N. Moolman, *Kuier in 'n plaaskombuis*, p. 85.

³¹⁸ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 318.

³¹⁹ G. Van der Waal-Braaksma, "Die Kokerboom, van natuur tot kultuur" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 1(1) Januarie 1984, pp. 26-27.

in opstalle soos op Diepkloof, nog nie lopende water in die landelike kombuis nie. Die tegnologiese ontwikkeling van lopende water en dreinerings is wel toegepas in die laat-Victoriaanse kombuis soos op De Rust (1906). Die loodafvoerpype, met die nodige dreineringsstelsel, het die afvalwater met afvoerpype weg van die huis in die tuin laat uitloop.³²⁰

Die reghoekige waskuip was aanvanklik van hout gewees (*Illustrasie 52*). Dit het op 'n houtbankie of -raamwerk buite die huis, waar daar gewas is, gestaan.³²¹ Later is emalje- of sinkskottels gebruik om die wasgoed in te was en te spoel.

Die opwasbak in die permanente woning (*Illustrasie 53*) was van steen of emalje met 'n houtafdroograk om die water te laat afloop.³²² Daar was net 'n enkel kraan en die skottelgoed is in 'n balie binne-in die opwasbak gewas. Die afvoer- of uitlaatpyp vir die vuil water het reg langs die huis uitgeloop. Die eerste pype in die landelike woning was van hout,³²³ terwyl die Victoriaanse boerewoning koper- waterpype en lood-afvoerpype gehad het.³²⁴

Onder die inheemse bevolking was dit, in ooreenstemming met die sosiale funksies van die primitiewe vrou, haar verantwoordelikheid om na ete water te gaan skep en op te was.³²⁵ Op die werf by die kookhut is 'n vuur gemaak, waar die vrou die gesin se maaltyd tydens mooiweer voorberei het. Die hut het geen lopende water gehad nie en die afvalwater is op die werf om die kookhut uitgegooi.³²⁶

6. Probleme rondom water en die kookruimte

Die trekboer se enigste probleem was om 'n waterbron te lokaliseer, sodat sy vee kon suip en die trekgeselskap genoeg drinkwater kon bekom.³²⁷ Swart werkers wat saam getrek het, se werk was om 'n vuurtjie te maak en water te kook³²⁸ vir koffie, tee en kosvoorbereiding. Die

³²⁰ GPA, MO 1, L. Minnaar, 2005-10-26.

³²¹ E.E.K. Lowndes. *Every-day life in South Africa*, illustration p. 61.

³²² J. Seymour, *The National Trust book of forgotten household crafts*, p. 51.

³²³ GPA, MO 1, A. Carlsen, 2006-03-17.

³²⁴ GPA, MO 1, L. Minnaar, 2005-10-26.

³²⁵ H. Ashton, *The Basuto, a social study of traditional and modern Lesotho*, pp. 29 en 89.

³²⁶ GPA, MO 1, A. Mokwena, 2005-09-28.

³²⁷ G S. Preller, *Joernaal van 'n trek: uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 86.

³²⁸ I.J. du Toit Spies, "Reisbriewe van dr. Hendrik P. N. Muller, 1898" in *Hertog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 4(2) Desember 1955, p. 141.

trekkers (1836-1848) het water spaarsamig gebruik en geglo dat 'n siek persoon nie te veel water moes drink nie, omdat dit koors veroorsaak het.³²⁹

Die pionier het naby 'n waterbron gevestig en buitenshuis gekook. Hierdie buitenshuise kookruimte was uitgelewer aan die wind en weer, soos die Hoëveldse donderbuie, aanhoudende reën en hitte. 'n Kookskerm moes die nodige beskutting buite bied, voordat daar binne die huis 'n ruimte vir die kombuis ingerig is.

Daar is in hierdie tydperk selde of ooit iets weggegooi. Daar was nie blikkieskoshouers of plastieksakkies nie. Vir voedselbewaring is glashouers met deksels gebruik. Hierdie houers is in kookwater gewas, voordat die voedsel ingelê is. Die voedsel is met kerswas of vet verseël en op 'n koel plek geberg totdat dit benodig is. Organiese afval en as is in 'n gat gegooi om te verrot, en naalde is in die putlatrine gegooi.³³⁰

Die wonings van die inheemse bevolking op die landelike Hoëveld (ná 1900) was in baie gevalle in ooreenstemming met die reghoekige pionierswoningen – ook sonder lopende water. Waar die kookaktiwiteit buitenshuis plaasgevind het, is die huise soms gegroepeer om 'n beskutte binneplein te vorm.³³¹

6.1 Buitenshuis

Die trekboer het in die oop veld sy kos op 'n oop vuur langs die wa en tent voorberei. Wanneer daar op die trekpad 'n paar dae uitgespan is, is daar dikwels 'n eenvoudige kookskerm van gras of riet vir beskerming teen wind, opgerig.

Die pioniers het nie binne die kapstyl- of hartbeeshuis gekook nie. 'n Spesifieke ruimte buitenshuis, soms onbeskut (*Illustrasie 54*), of 'n afsonderlike kookskerm³³² van gras of riet, is as beskerming opgerig.³³³ In die Vrystaat het die vroegste huise nie vuurmaakplekke gehad nie. Om die huis skoon en vry van roet te hou, is die kookwerk steeds buite of onder skerms gedoen.³³⁴ Potte en panne is deur swart werkers by 'n watervoor naby die agterdeur

³²⁹ T.H. Le Roux, *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 183.

³³⁰ GPA, MO I, M.L. De Villiers, 2006-09-21.

³³¹ F. Frescura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*, p. 103.

³³² J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 95.

³³³ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 92.

³³⁴ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou* (I), p. 393.

met as geskuur.³³⁵ Die driepootysterpotte met deksels is, nadat dit gebruik is, met 'n mengsel van fyn as en water gesmeer. Die roet het dan daaraan vasgesit, 'n kors gevorm en is later afgekrap.³³⁶

Daar was in 1882 in sekere huishoudings op die landelike Hoëveld, nog 'n skeiding tussen die kook- en woonareas gewees. Die *Woonhuis van Klip gebouwd onder Zink dak, Kombuis apart, ook van Klip onder Zink Dak*,³³⁷ is 'n beskrywing van die strukture op 'n plaas wat te koop was. 'n Losstaande beskutte ruimte is meestal geskep vir kook- en opwas en om water te bewaar. Water is altyd spaarsamig gebruik, omdat dit per hand vanaf die nabygeleë waterbron aangedra moes word.

Die gebruik van die inheemse bevolking om buitenshuis te kook, swart bediendes wat die kookwerk vir die boere gedoen het, die tydelikheid van omstandighede en die warm klimaat op die Hoëveld, is alles faktore wat 'n rol gespeel het in die gebruik om in die opelug te kook.³³⁸

Uit die bronne wat geraadpleeg is, blyk dit dat daar nie juis ná 1860 nog buitenshuis gekook is nie. Met die verandering van die reghoekige pioniershuis in die verandahuis, het die kombuisaktiwiteite tot onder die plat sinkdakstoep geskuif. As gevolg van die onbestendigheid van die klimaat op die Hoëveld, was hierdie verandering noodsaaklik. Die somermaande was warm met onverwagse donderbuie wat kookwerk belemmer het. In die wintermaande was dit koud buite. Die vuurherd in die binnekombuis het sommer die woning verhit, terwyl daar ook by die kombuistafel geëet, gesels en huisgodsdienis gehou is.³³⁹ Hierdie binnekombuise het nog nie lopende water gehad nie.

Op sommige plaaswerwe het kookaktiwiteite in 'n rondawel, net buite die kombuis, plaasgevind. Dit was heel moontlik die geval waar die kook- en voorbereiding van voedsel deur swart bediendes gedoen is. Voor die Anglo-Boercoorlog is die kook- aktiwiteite van die Prinsloo-familie op die plaas Kaalfontein, hoofsaaklik deur 'n manlike swart werker verrig.³⁴⁰

³³⁵ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 94.

³³⁶ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, utleg en toebehore*, p. 43.

³³⁷ Advertensie, "Uit de Hand te Koop" in *De Volksstem*, 1882-04-05.

³³⁸ E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900*, met spesiale verwysing na woningbou (I), p. 398.

³³⁹ GPA, MO I, T G. Corver, 2005-12-01.

³⁴⁰ Huurarbeid: Manlike swart werkers het vir die reg om op die plaas te mag woon, vee aan te hou en 'n stukkie grond te bewerk, drie maande voltyds diens op die plaas verrig.

Dit was deel van sy werk om vuur in die stoof en bakoond te maak, die huis skoon te maak en te help met die voedselvoorbereiding en opwaswerk daarna.³⁴¹

Die was- en strykkamer is hoofsaaklik deur die wasvrou³⁴² buitenshuis gedoen. Aanvanklik is dit op 'n wasklip by die waterbron gedoen, maar later het dit verskuif na 'n sinkemmer wat op 'n tafel op die agterstoep gestaan het.³⁴³ 'n Rondawel reg langs die agterdeur is ook soms as was- en strykkamer ingerig.

Die nat wasgoed is op die gras geplaas of aan 'n draad opgehang om droog te word. Soms is klam wasgoed, voordat dit buite in die son opgehang is, in 'n kombes toegemaak en getrap tot dit amper droog is.³⁴⁴ Gedurende die laat negentiende eeu is wasgoed wekluks, in 'n area waar water verhit kon word, gewas.³⁴⁵ Soms is daar by die agterdeur van die woning water in 'n konfytpot op 'n vuurtjie verhit, sodat wasgoed daarin gewas kon word.³⁴⁶ Sommige huishoudings het 'n warmwatertoestel buitenshuis gebruik. Dit was 'n silindervormige sinkhouer (ook 'n donkie genoem) wat op 'n muur of raam gerus het. Daaronder is vuur gemaak sodat 'n groot hoeveelheid water warm gemaak kon word om wasgoed in te was.³⁴⁷ Hierdie "donkie" was die voorloper van die warmwatergeiser gewees. 'n Warmwatertoestel van sink is bo-op die bakoond, op die agterstoep van die kombuis op Zwartkoppies, gebou. Hierdie warmwater in op die agterstoep gebruik om wasgoed en skottelgoed te was.

6.2 Binnenshuis

Vanaf 1860 het die kookaktiwiteit van buite na 'n beskutte permanente ruimte binnenshuis verskuif. 'n Kombuis, soos reeds genoem, is gewoonlik agter aan die huis bygevoeg. By die reghoekige saaldakpioniershuis (drie vertrekke) op Hartbeespoort, is daar gedurende 1860 'n kombuis (*Illustrasie 55*) aangebou. Hierdie aanbouing het die huis in 'n T-vorm verander.³⁴⁸

³⁴¹ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum*, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie, p. 58.

³⁴² A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum*, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie, p. 58.

³⁴³ GPA, MO 1, A. Carelsen, 2006-03-17.

³⁴⁴ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 95.

³⁴⁵ J. Fearn, *Domestic bygone*, p. 3.

³⁴⁶ GPA, MO 1, M.L. De Villiers, 2006-09-21.

³⁴⁷ J. Seymour, *The National Trust book of forgotten household crafts*, p. 92.

³⁴⁸ C. Pretorius, *Pretoria se pioniershuis sy tyd en sy mense*, pp. 19-20.

Die bewoners van die landelike Hoëveld was hoofsaaklik 'n Hollandse-Afrikaanse boerebevolking wat vanuit die oostelike Kaapkolonie getrek het.³⁴⁹ As 'n mens kyk na die posisie van die kombuis op die grondplanne van die ou Kaapse huis (*Illustrasie 56*), is daar beslis ooreenkomste met die eerste permanente wonings op die landelike Hoëveld. In die ou Kaapse huis, ongeag die grondplan, is die kombuis altyd aan die einde van 'n vleuel geplaas, met die vuurherd teen die buitemuur³⁵⁰ en 'n agterdeur. Diepkloof se twee permanente wonings is op hierdie wyse gebou. Die bakoond is, soos by die hoofopstal op Diepkloof, soms binne-in die vuurherd in die kombuis gebou, of buitenshuis naby die agterdeur, soos by die seun, Frans, se huis (Diepkloof). Die woonvertrek, wat gewoonlik karig gemeubileerd was, het soms ook as kombuis gedien, met die vuurherd teen die buitemuur.³⁵¹ 'n Oop modder- watervoor het soms reg langs die agterdeur verbygegaan om die kombuis konstant van water te voorsien.³⁵² Afvalwater is na gebruik weer in hierdie voor uitgeskiet.

In hierdie tyd was daar nog geen lopende water binne-in die huis nie. Water is binne loopafstand van die agterdeur, uit die fontein en later uit die put, per hand geskep, en aangedra.

Die water wat na die kombuis aangedra is, is hoofsaaklik vir drink-, kook- en wasdoeleindes gebruik.³⁵³ By die gesinne met bediendes, was daar een wat daaglik die drinkwatervoorraad moes aandra.³⁵⁴ Daar was, naas die algemene bediende, ook van die inheemse vrouens vir spesifieke take gebruik gemaak. Hulle het daaglik water aangedra en skottelgoed gewas, en weekliks wasgoed gewas, gestryk en vloere geskrop.³⁵⁵

Die kombuisvloer was, soortgelyk aan dié van die inheemse bevolking, moddervloer wat met beesmis gesmeer is.³⁵⁶ Die grond van mierneste is fyn gekap, natgemaak en laag vir laag vasgestamp om die basis van die vloer kraakvry te maak. Hierna is gedroogde beesmis

³⁴⁹ J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating (I) Ekonomiese verslag*, verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, p. 3.

³⁵⁰ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis. 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 11.

³⁵¹ F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhuuld*, p. 419.

³⁵² E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, illustration p. 61.

³⁵³ A. Le Roux, "'n Waterbank" in *Overvaal Musea Nuus*, 10(2) Junie 1983, p. 7.

³⁵⁴ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 93.

³⁵⁵ GPA, MO 1, A. Carelsen, 2006-03-17.

³⁵⁶ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 95.

natgemaak en gemeng tot 'n dik pasta, wat met die hand egalig en dun oor die vloer gesmeer is.³⁵⁷

Gedurende die voorspoedige jare van 1862 en 1863, toe wol en trekosse duur geword het, is huise van gekapte klip, bewerkte hout en sinkdakke opgerig.³⁵⁸ Die reghoekige pionierswoning het 'n voor- en agterstoep (met of sonder 'n dak op pilare) gehad. Die bestaande stoepdakke is soms met mure toegebou om die kombuis, bad- en later ook 'n stoepkamer te skep. Die kombuis is meestal agter aan die pionierswoning, onder die plat sinkdakstoep aangebou (*Illustrasie 57*). Die tipiese verandaboerehuis het só ontstaan. Hierdie aangeboude woning het gewoonlik geen gange gehad nie. Losstaande platdakvertrekke sonder 'n stoep, wat as kombuis, badkamer of ekstra slaapvertrekke³⁵⁹ gedien het, is soms agter aan die langsy van die reghoekige pioniershuis aangebou (*Illustrasie 58*).

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) is die meeste plaashuise op die Hoëveld afgebrand en vernietig. Diegene wat dit kon bekostig of lenings kon aangaan, het met die herbou van die woonhuis, volgens die nuutste tegnologie van daardie jare, die grasdak vervang met 'n sinkdak wat meer waterdig was.³⁶⁰ By die pioniershuis is 'n kombuis, badkamer, stoepe, stoepkamers en sygewels aangebou. Die Hoëveldse reghoekige pionierswoning het ontwikkel in 'n omgekeerde T- of 'n H-vorm wat op sy sy lê. Die H-vorm het ontwikkel namate die gesin groter geword het. Twee systoepkamers op 'n reghoek aan die einde van die T-been is aangebou.³⁶¹ Verder was daar ook wonings met 'n L-vormige grondplan waar die L-been die kombuis en spens uitmaak wat later aangebou is.³⁶² Hierdie verbouingsfase, onder die invloed van die Victoriaanse boustyl, op die landelike Hoëveld ontwikkel tot 'n tipiese Victoriaanse boerewoning met L-vormige (*Illustrasie 59*) en U-

³⁵⁷ E.E.K. Lowndes, *Every-day life in South Africa*, p. 95.

³⁵⁸ F.J. Potgieter, "Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing" in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 21(2), p. 78.

³⁵⁹ K. Schoeman, *Boukunsskatte van die Vrystaat*, p. 14.

³⁶⁰ K. Schoeman, *Boukunsskatte van die Vrystaat*, p. 33-34.

³⁶¹ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967, p. 145.

³⁶² A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967, p. 146.

vormige stoepe.³⁶³ Die veranda- en stoepkamerhuise het nog nie lopende water in die binnekombuis gehad nie.

Ná 1910 was die kombuis die eerste vertrek waar lopende water aangelê is.³⁶⁴ Hierdie omwenteling het grotendeels die probleem rondom die beskikbaarheid van water in die kookruimte opgelos.

Die vuurherd in die landelike kombuis is mettertyd vervang met 'n kool- (*Illustrasie 60*) of houtstoof, wat reeds sedert 1802 in die handel beskikbaar was.³⁶⁵ Swart manlike arbeiders (vanaf die Bosvelds plaas) is soos die Britse koloniale gebruik, in welaf huishoudings op die landelike Hoëveld in die kombuis gebruik.³⁶⁶ Die koolstoof het warmwater aan die huishouding verskaf. Die stoompot of warmwatertenk het water op die stoof verhit. Warmwater is dan, soos benodig, geskep en aangedra. Sommige koolstowe, soos op De Rust, het 'n "boiler" gehad (1906). Hierdie sisteem het lopende warm water aan die badkamer verskaf. Alle wasbakke het nie lopende warm water gehad nie en dit is gewoonlik van die warmwatertenk op die stoof af aangedra.³⁶⁷

Die Victoriaanse huis is, volgens 'n standaardgrondplan, met 'n hoë voorkoms van industriële produkte gebou.³⁶⁸ Dit het lopende warm water in beide die kombuis en badkamer ingesluit. Die kombuis met lopende warmwater was deel van die diensarea wat hoofsaaklik deur bediendes gebruik is.³⁶⁹

³⁶³ R.C. Fisher en S. Le Roux. *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 43.

³⁶⁴ GPA, MO I, T.G. Corver, 2005-12-01.

³⁶⁵ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 88.

³⁶⁶ GPA, MO I, L. Minnaar, 2005-10-26. Mevrouw Minnaar se oupa het sy kok en bediendes van die plaas Leeuwknif by Hammanskraal (noord van Pretoria) gebring om as arbeiders op De Rust te kom werk.

³⁶⁷ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 90.

³⁶⁸ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 140.

³⁶⁹ Die kombuis op Zwartkoppies is in die vorm van 'n annex in 1890 aangebou. Dit bestaan uit: 'n Groot kombuisarea met 'n Smith & Wellstood Ltd. koolstoof in die middel van die vertrek wat lopende warm water aan die badkamers voorsien het. 'n kluis vir silwerware, 'n spens vir glasware (met 'n opwasbak en kraan), 'n porselein kamer (met 'n wasbak en lopende water), 'n vertrek vir die voedsel voorbereiding, 'n stoorkamer, 'n linnekas, 'n teekamer vir die personeel, 'n onderdak-agterstoep met porselein opwasbakke met lopende warm water vanaf 'n warmwatertoestel wat bo-op 'n bakoond gemonteer is en vier slaapvertreke vir die kombuispersoneel en huiskneg (*butler*).

7. Gevolgtrekking

Vanaf 1840 tot 1910 het die tegnologie van sanitasie in die kombuis en die opvang van water vir drink- en kookdoeleindes op die landelike Hoëveld, progressief verander.

Die Hoëveldse pioniers het, as gevolg van hulle nomadiese lewenswyse, lank in hul waens gewoon. Geen permanente woonstruktuur is opgerig nie. Hoewel die trekkersfase tussen twee en tien jaar geduur het, het die skaap- en beesboere teen die einde van die negentiende eeu gedurende die wintermaande, as die gras begin doodryp op die suidelike Hoëveld, met hulle vee noordwaarts getrek na die sogenaamde Bosveld (of die Laeveld). Hier het hulle in tydelike strukture gewoon en in pioniers- omstandighede water opgevang, geberg en benut. Die kookaktiwiteit het onbeskermd buite, of onder 'n paal-en-grasskerm langs die wa plaasgevind.

Die trekboer het, soos die inheemse bevolking, gewoonlik teenaan 'n waterbron uitgespan of kamp opgeslaan. Voordat daar in die kombuis lopende water aangelê is, is water vir kookdoeleindes in emmers van die rivier, spruit, voor, put of fontein aangedra. Dit was gewoonlik die vrouens, kinders of vroulike bediendes se taak om vir die watervoorraad te sorg. Die watervoorraad vir huishoudelike gebruik is soms besoedel met uitwerpsels van menslike en dierlike oorsprong. Die gevolg was diarree- en ingewandsiektes wat 'n groot oorsaak van kindersterftes was.

Die pionier het sy woning in die nabyheid van 'n standhoudende fontein of put opgerig. Die water is vir huishoudelike gebruik (was en kook) aangewend en om die vrugte- en groentetuin te besproei. 'n Katrol of handpomp is bo-op die put geplaas om water bogronds te kry.

Reënwater is gewoonlik opgevang vir 'n spesifieke doel. Fyn linnegoed wat wit moes bly, is hiermee gewas, en dogters het hulle hare met reënwater gewas om dit sag te kry. Reënwater is ook vir drink-, kook- en bakdoeleindes aangewend. Teen 1890 het die meeste landelike bewoners op die Vrystaatse en Transvaalse Hoëveld een of meer boorgat op hulle werf gesink met waterpompe om water aan die vee en die huishouding te voorsien.

Verskillende soorte houtbalies en -emmers is gebruik vir die berging van water op die wa, in die kookarea of in die kombuis. Sink- of houtemmers wat met 'n doekie bedek is, het vars water geberg. Dit het op die waterbankie in die kombuis of op die agterstoep gestaan. Die teegoedbalie, voetbalie, drinkwateremmer en die watervat (wat gewoonlik op 'n

driepootstaander gestaan het) was van hout met koper- of ysterringe. Waterbekers van tin, koper, ongeglasuurde- of geglasuurde erdeware, Oosterse porselein of silwer, is gebruik. Ketels om water in te verhit, was van potyster, rooi- of geelkoper. Erdewerk, veral die ingevoerde Japannese Imari-werk met die kenmerkende blou ontwerp, glasdrinkwaterbekers en drinkglase is saamgebring uit die Kaap, of later in die bineland by die rondreisende smouse geruil. In sommige kookareas (van die inheemse bevolking, en die gevestigde pionier) het die inwoners hulle water in kleipotte geberg om dit koud te hou. 'n Losstaande watertenk, waarin water vir kombuisgebruik geberg is, is soms op 'n tafel naby die agterdeur aangebring. Waterfilters, gemaak van beskuitkleurige geglasuurde erdewerk, met 'n deksel bo-op en 'n kraantjie aan die voet, het drinkwater gesuiwer en geberg.

Water is, soos benodig, in klein hoeveelhede vanaf die waterbron aangedra en spaarsamig gebruik. Water is hoofsaaklik in die kookarea gebruik vir die voorbereiding van kos en die skoonmaak daarna. Koffie, tee, afreksels en konkoksies (boerate of medikasie), in die vorm van tee, is die hele dag lank gedrink. Bederfbare produkte is in 'n handgemaakte sifkas (wat met water koud gehou is) op die stoep, of in 'n goed geventileerde houthuisie onder 'n boom geberg. Afvalwater is in 'n slootjie of sommer op die grond uitgegooi. Die skottelgoed is gewoonlik in 'n losstaande skottel op die tafel buite, in die kombuis, op die agterstoep, of in 'n afsonderlike vertrek direk langs die kombuis, gewas. Die eerste opwasbakke in die permanente woning was van steen of emalje, met 'n skuinsvlak om die water te laat uitloop, en 'n afvoerpyp vir die vuil water. Die Victoriaanse wonings (vanaf 1890) het koperwaterpype vir warmwater en yster-, lood- of geglasuurde klei-afvoerpype vir dreinerings aangelê. Die water is altyd weg van die woonstruktuur af gelei.

Die woonstrukture, soos die wa en tent, skerms, hutte, kapstylhuis en hartbeeshuis, was net tydelike wonings. Die kookaktiwiteit het buite in die opelug of agter 'n grasskerm plaasgevind. As dit gereën het, kon daar nie gekook word nie.

Die saaldak- en reghoekige pioniershuis het nie 'n kombuis of lopende water binnenshuis gehad nie. Die watervoorraad moes daaglik aangedra word. Die waterbron kon, vanweë droogtetoestande, opdroog of besmet raak.

Die hut, wat aanvanklik as woonstruktuur opgerig is, is na die voltooiing van die permanente woning, soms as kook-, was- en strykvertrek ingerig. Die kookaktiwiteit het dan van buite na binne 'n permanente struktuur verskuif, wat meer beskut en waterdig was. 'n Sloot is om die


woon- en kookarea gegrawe om reënwaterso gou moontlik weg van die kleimure te laat afloop.

Tydens die permanente vestigingsfase in die landelike Hoëveld, het die kombuis 'n spesifieke ruimte binne die huis gekry. 'n Kombuis met 'n agterdeur is gewoonlik agter aan die huis aangebou (±1855). Die huis het, na die aanbouing, 'n T-vorm aangeneem. Die bakwerk, voorbereiding van voedsel (vuilwerk) en opwaswerk is egter nog in die opelug of op die agterstoep gedoen. Soms is die kombuis binne die reghoekige pionierswoning, aan die einde van 'n vleuel gebou, soos by die twee pioniershuise op Diepkloof (1850 en 1890). In die Kaapse woning is die vuurherd teen die buitemuur gebou, met of sonder 'n binnebakkoord.

Die aanwending van sinkplate het daartoe gelei dat oop stoepe voor en/of agter die reghoekige pionierswoning (sonder 'n binnekombuis) oordek is om 'n veranda te vorm. Die bestaande stoepdakke is dan met mure toegebou om die kombuis (sonder lopende water) en later ook die bad- en toilet te skep. 'n Kenmerkende ontwikkeling was, dat daar soms voor die tipiese verandahuis aan een of aan weerskante van die voordeur (of agterdeur) 'n kombuis, badkamer, stoepe, stoepkamers en sygewels aangebou is. Die huis het dus 'n H-vorm aangeneem. Namate die gesin groter geword het, is twee systoepkamers op 'n reghoek aan die einde van die T-teen aangebou. 'n L-vormige grondplan is gevorm wanneer die kombuis en spens aangebou is.


Na 1890 het die verbouingsfase van die pioniershuis op die landelike Hoëveld, onder die invloed van die laat-Victoriaanse boustyl, ontwikkel tot 'n tipiese Victoriaanse boerewoning (1890), met L-vormige en U-vormige stoepe. Die vuurherd in die kombuis is vervang met 'n kool- of 'n houtstoof met warm water. Die kombuis was die eerste vertrek waar lopende water (ná 1910) aangelê is.

Die Victoriaanse huis (soos die opstal op De Rust) is volgens 'n standaardgrondplan met 'n hoë voorkoms van industriële produkte gebou. Lopende warm water is na die kombuis en badkamer aangelê. Die kombuis se **veeldoeligheid** het verval, en is nou uitsluitlik deur die bediendes gebruik.




Illustrasie 41 'n Stinkhoutjuk om waterremmers te dra in die laat-agtiende eeu.³⁷⁰

³⁷⁰ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uilleg en toebehore*, pp. 80-81.




Illustrasie 42 Hout- en gegote ysterpompe uit die negentiende-eeu.³⁷¹

³⁷¹ J. Seymour, *The National Trust book of forgotten household crafts*, p. 87.




Illustrasie 43 'n Water- of emmerbankie.³⁷²

³⁷² M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toehore*, p. 74.



Illustrasie 44 'n Ry balies: 'n pekelbalie sonder sy deksel, 'n waterremmer, 'n waterbalie sonder 'n kraan of staander, 'n klein ophangwaterbalie en 'n balie vir algemene gebruik met ysterhoepels en handvatsel.³⁷³ Kyk ook hieronder. 'n Teegoodbalie- en 'n watervat.³⁷⁴



³⁷³ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis. 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 82.

³⁷⁴ C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika, 'n studie van Westerse volkskuns in Suid-Afrika*, p. 52.




Illustrasie 45 In die seun, Frans se kombuis op Diepkloof is 'n bruin geglasuurde erdewaredrinkvaatjie met 'n houtdeksel en houtproppie in die opening onder.³⁷⁵

³⁷⁵ GPA, Foto's 1, Diepkloof, Heidelberg, 2007-03-06.



Illustrasie 46 'n Drinkwateremmer met 'n deksel, geelkoperkraan en -hoepels.³⁷⁶ Hieronder: 'n Waterbalie uit die negentiende eeu. Let op die geelkoperkraan en -hoepels, die driepootstaander, die koperketel bo-op en die teegoedbalie op die vloer.³⁷⁷



³⁷⁶ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 79.

³⁷⁷ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 86.



Illustrasie 47 'n Koperwaterketel aan 'n haak op die vuur in die pionierskombuis op Hartbeespoort.¹⁷⁸
Let op die emmerbankie (regs) en die versameling waterbalies in die kombuis.

¹⁷⁸ GPA, PAM 1, Pioniermuseum, Hartbeespoort, Pretoria.



Illustrasie 48 'n Geglasuurde erdewarewaterfilter in Frans se kombuis op Diepkloof.³⁷⁹

³⁷⁹ GPA, Foto's 1, Diepkloof, Heidelberg, 2007-03-06.

R. WINSTANLEY,
CHURCH-SQUARE, PRETORIA,
Is now daily expecting a large and varied assortment of
Merchandise.

CONSISTING OF —

MUSLINS	BRILLIANTS
PRINTS	GRENADES
COSTUMES	TARLATANS
BABY LINEN	MUSLIN ROBES
Mens', Boys', and Ladies' Hats.	
PIANOS, SOFAS,	WATNOTS
ROCKING, LEATHER-SEATED	MUSICAL BOXES
& FOLDING CHAIRS	COIR & INDIAN MATTINGS
CHESTS OF DRAWERS	DRUGGET,
MAHOGANY & SOUTHERLAND	&c., &c.
TABLES	
GLASS JUGS,	CELEBRITIES, TUMBLERS,
BUTTER PLATES, OVAL &	WINE GLASSES,
SQUARE PRESERVE DISHES,	DECANTERS,
CASTORS, CRUETS,	&c., &c., &c.
SUGAR BASINS,	

Also a Large Assortment of

MENS' WATERTIGHT BOOTS, NAPOLEON RIDING ditto.
 YOUTHS' SIDE-SPRING & BUCHER BOOTS
 LADIES' SIDE-SPRING BOOTS, GIRLS' ditto, Ditto BUTTON,
 BOYS' LACE-UP ditto, Ditto SIDE-SPRINGS.

Pipes, in Meerschaum, Briar, & Clay. Cigars, Cigarettes, English Cut Tobacco,
 Ladies' and Mens' Saddles and Bridles, Whips, &c.

Water Filters (large.)

Chutney, Jams, Sauces, Preserved Fish, Hams, &c.

Paraffine.

Powder, Lead, Caps, Guns, Gun Furniture, &c.
 A. F. Grease, Stockholm Tar, Red & White Lead, Assorted Paints,
 Pots, American Axes, Hatchets, Galvanized Buckets, &c.

Champagne, Claret, Foreign Sherry, Vin, French Brandy, Ale, Stout, &c.

The highest price given for PRODUCE of all kinds, either in Cash or
 Barter.
 Pretoria.


Illustrasie 49 Waterfilters, glasprodukte en kleipype is algemeen in die koerante geadverteer, soos hierdie advertensie van die handelaar R. Winstanley, 17 Oktober 1873 in *De Volksstem* getuig.³⁸⁰

³⁸⁰ Advertensie, "R. Winstanley" in *De Volksstem*, 1873-10-17.




Illustrasie 50 Die houtyskas in die kombuis op Zwartkoppies.³⁸¹ Ysblokke is op die boonste rak geplaas om voedsel koud te hou. Die water wat smelt is onder in die laaitjie opgevang.

³⁸¹ GPA, Foto's 1, Zwartkoppies, Pretoria, 2006-03-17.




Illustrasie 51 'n Sifkas of kolekas. Die kole is met water natgehou om vleis of bederfbare voedsel te bewaar.³⁸²

³⁸² A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 271.




Illustrasie 52 'n Reghoekige houtwaskuip met 'n handpomp en watertuit, wat lopende water by die waskuip verskaf het.³⁸³



Illustrasie 53 'n Steenopwasbak.³⁸⁴ Let op die skuinste van die houtafdroograk, die enkelkraan, die skottelgoedbalie binne in die opwasbak en die afvoerpyl vir die water.

³⁸³ J. Seymour, *The National Trust book of forgotten household crafts*, p. 51.

³⁸⁴ J. Seymour, *The National Trust book of forgotten household crafts*, p. 51.



Illustrasie 54 Opelug veldkombuis tydens die pioniersvestigingsfase.³⁸⁵ Kyk ook hieronder. 'n Beskutte veldkombuis, 'n losstaande eenheid.³⁸⁶




³⁸⁵ SA TA fotoversameling, Pretoria, 26422. Veldkombuis.


³⁸⁶ SA TA fotoversameling, Pretoria, 24972. Feldküche bei Laingsburg (Capland).



Illustrasie 55 Die pioniershuis op Hartbeespoort, nadat die kombuis aangebou is. Skets: J.H. Pierneef (1919).³⁸⁷ Die vloerplan van hierdie huis(onder). Skets: C. Gouws.




³⁸⁷ R. C. Fisher, en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 7.



Illustrasie 56 Tipiese grondplanne van ou Kaapse huise, sonder binnenshuise lopende water, 1-4 is skuinsdakhuise en 5-6 is platdakhuise. Let op die plasing van die herd en oond teen die buitemuur.³⁸⁸

³⁸⁸ M.A. Cook, *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*, p. 12.




Illustrasie 57 Die bestaande stoepdakke is met mure toegebou om die kombuis te skep. Skets: M. Naudé.³⁸⁹ Kyk ook hieronder. Die stoep van hierdie boerewoning in die Transvaal is toegebou en verleng om 'n ruimte vir 'n binnekombuis te skep.³⁹⁰



³⁸⁹ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 294.

³⁹⁰ R.C. Fisher en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerewoning (1919-1931)*, p. 7.




Illustrasie 58 Losstaande vertrekke, wat as kombuis en badkamer gedien het, is soms met 'n plat dakkie teen die langsy van die pioniershuis, aangebou. Skets: M. Naudé.³⁹¹ Hieronder: Die ruïne van die plaasopstal (±1880) van die Rademeyers, Pretoria.³⁹² Let op die losstaande kombuis en badvertrekke aan die suidekant, wat later aangebou is.




³⁹¹ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 283.

³⁹² GPA, PAM I, *Rademeyers restaurant, chapel and venue centre*, g.p.



Illustrasie 59 Die verbouingsfase ná 1890, toon die invloed van die laat-Victoriaanse boustyl op die pioniershuis op Middelspruit. Die reghoekige pioniershuis (bo) met rou kleisteenmure, is in fases met klip aangebou, om 'n tipiese Victoriaanse boerewoning (onder) met stoepkamers reg rondom die huis, te skep. Die kombuis en badvertrek, sonder lopende water, is langs mekaar geplaas.³⁹³ Skets: C. Gouws.

³⁹³ GPA, MO I, P.S. Kruger, Frankfort, 2007-10-19.



Illustrasie 60 'n Tipiese koolstoof met 'n manlike kok.³⁹⁴ Manlike huiswerkers, gewoonlik huurarbeiders, is 'n kenmerkende Britse koloniale gebruik wat nie net (hierbo) in die stede nie, maar ook in die welaf huishoudings op die landelike Hoëveld gebruik is.

³⁹⁴ L. Callhnicos, *Working life, factories, townships, and popular culture on the Rand 1886-1940 (II)*, p. 199.

Hoofstuk 5

Die tegnologie van watervoorsiening en sanitasie in die badkamer

1. Inleiding

Water word nie net vir drink, kook, opwas en wasgoedwas benodig nie; dit is ook essensieel vir daaglikse reiniging en persoonlike higiëne. Die opvang en berging van skoon drinkwater en die noodsaaklikheid van gereelde bad en hande was, het die beskikbaarheid van lopende water binne die woning genoodsaak. Daar het vanaf 1840 tot 1910 'n evolusie ten opsigte van watervoorsiening en die noodsaaklikheid van persoonlike higiëne gekom, veral ten opsigte van die hantering en verwydering van menslike ekskresies en die vestiging van die bad- en toiletgebruike.

Vanaf 1886 tot 1890 het ingewandskoors endemiese afmetings³⁹⁵ onder die inwoners van Pretoria aangeneem. Putte vir drinkwater is op dorpsere langs putlatrines gegrawe en “the doctors were then ignorant of the cause or the remedy.”³⁹⁶ In 1899 het 'n maagkoorspidemie grootskaalse sterftes onder die Britse leër in Transvaal, veroorsaak.³⁹⁷ Dr. Leslie het dit die “mysterious disease” genoem in sy dagboek, want dit het, ten spyte van voorsorg om drinkwater uit 'n fontein met vars water te verkry en die afval te verbrand, dood onder die Britte in die Vereenigingse kamp, gesaai.³⁹⁸ Ongewaste hande by die voorbereiding van voedsel, blyk die oorsaak van die probleem te wees.

Sanitasie het eers begin toe die besef posgevat het, dat drinkwater bokant die plek waar skreel wegspoel, geskep moet word. Daar is ook aanvaar dat hande gewas moet word voordat kos voorberei en/of geëet. Vervolgens sal elkeen van hierdie areas bespreek word.

³⁹⁵ Tussen 1817 en 1875 was daar gereeld cholera-epidemies in Nederland, veral waar mense put en oppervlakte water gebruik het, K.W.H. Leeftang, *Ons drinkwater in de stroom van de tijd*, p. 11.

³⁹⁶ VTA, T.N. Leslie, “Diary, casual memories of an Octogenarian”, p. 62.

³⁹⁷ M. Van Bant en L. Scholtz (red.), *Vir vryheid en reg: Anglo-Boere oorlog gedenkboek*, p.137.

³⁹⁸ VTA, T.N. Leslie, “Diary, casual Memories of an Octogenarian”, pp. 139 and 140.

2. Daaglikse reiniging

2.1 Die waskom

Die trekkers en reisigers het, met hulle houtemmers en -balies op die wa, die binneland ingetrek. Waar daar in die nabyheid van 'n waterbron uitgespan is, kon die vee behoorlik suip, en is water aangedra vir kook en wasdoeleindes. Die gewoonte om jou hande en voete te was voordat daar geëet is, en jou gesig soggens te was wanneer jy opstaan, het uit die Kaap saamgetrek.³⁹⁹

Tot lank ná 1900 was daar in die pionierswoning selde 'n badkamer wat as afsonderlike ruimte gefunksioneer het. In elke slaapkamer was 'n wastafel met 'n waskomstel, bestaande uit 'n waterbeker vir skoon warm water, 'n vlak skottel, 'n slopemmer vir afvalwater en 'n seepbakkie met 'n linnedoekie vir afdroog.⁴⁰⁰

Die seep is tuisgemaak en het as “boerseep” bekend gestaan. Hier volg een van vele resepte:

7 lb (3,15 kg) vet

1lb (0,45 kg) seepsoda (bytsoda, Natriumhidroksied)

3 pinte (1,7 l) koue water

3 bottels (3 l) water

Los die seepsoda op in drie pinte koue water (seepsoda los nie op in warm water nie). Plaas die vet saam met drie bottels water en cenderde van die seepsoda oplossing in die seepot op die vuur en kook. Voeg die helfte van die orige seepsoda oplossing by en kook vir 40 minute. Voeg res van die seepsoda oplossing by. Dit behoort nou te skei- so nie voeg nog 'n bietjie seepsoda by. Die seepsoda (sterk basis) reageer met die vetsure in die vet om 'n sout van die vetsuur te vorm, wat seep is. Laat afkoel tot die volgende oggend en dan word die seep skuins gedruk in die seepot en uitgehaal, gesny in boerseep stukke en mooi getrim.⁴⁰¹

Die familie het soggens en saans hulself in 'n waskom, in die privaatheid van die slaapvertrek, gewas. Die mans het hulle gesigte gewas, geskeer en tande geborsel by die

³⁹⁹ GPA, MO 1, M.L. De Villiers, 2006-09-21.

⁴⁰⁰ GPA, MO 1, A. Carlsen, 2006-03-17.

⁴⁰¹ BPA, H. Nolte, *Oupa het gesê, die nageslag en geskiedenis van Mathys Michiel Nolte 1845-1999*, p. 104.

wastafel in die slaapkamer. Warm water om mee te was, is vanaf die kombuis aangedra en in die waskom gegooi. Daarna is dit in die slopemmer gegooi en buite weggegooi.⁴⁰²

Daar was in die klaskamer op Diepkloof se plaasskool, 'n ysterstaander met drie pote waarin 'n smal waskom en lampetbeker gepas het, met plek vir seep en 'n handdoek (*Illustrasie 61*). Die kinders moes hulle hande was, voordat hulle kon skoolgaan. Dit was heel moontlik eerder 'n praktiese reëling, as om higiëniese redes. In die gastekamer, wat deel was van die buitegeboue van die pionierswoning op Hartbeespoort, en waar reisigers oornag het, was ook 'n waskomstel wat op 'n opvoubare ysterstaander met vier pote gepas het (*Illustrasie 62*). Die seunskamer se waskomstel was gewoonlik ouer en eenvoudiger as die stel in die hoofslaapkamer (*Illustrasie 63*). Sommige waskomstelle was van sink met geglasuurde emalje afwerking aan die binnekant en ander was van erdeware.

Ná 1860 was daar, soos in die pionierswoning op Hartbeespoort en in altwee wonings op Diepkloof, in die meeste slaapvertreke van die boerewoning 'n houtwastafel met 'n dekoratiewe erdewarewasomstel gewees. Die stel het uit 'n skottel, waterbeker, scepbakkie met 'n deksel, drinkbeker en 'n bypassende emmer bestaan. Warm water is soggens uit 'n pot op die koolstoof in die kombuis geskep, en na die waskom in die slaapvertrek geneem om in te was. Die vuilwater is in die slopemmer in die kamer gegooi en na buite gedra, waar dit in die blombedding of tuin gestort is.

Voor die Anglo-Boercoorlog was daar in die hoofslaapkamer van 'n permanente boerewoning reeds 'n houtwastafel met 'n marmarblad en twee onderdeurtjies, waarop 'n eenvoudig versierde emalje wasomstel ('n waskom, lampetbeker, bypassende kamerpot en slopemmer) gestaan het.⁴⁰³ In Johannesburg is daar op 'n publieke veiling huishoudelike meubels verkoop, onder meer 'n *marble top washing stand*.⁴⁰⁴ Dit spreek dus vanself dat dit moontlik was om, tydens 'n besoek aan Johannesburg, 'n wastafel met 'n marmarblad, aan te koop. Dié wat algemeen in die handel beskikbaar was, het soos die wastafels in die

⁴⁰² GPA, MO 1, T.G. Corver, 2005-12-01.

⁴⁰³ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 175.

⁴⁰⁴ Advertisement, "Sale of household furniture" in *The Star*, 1889-04-13.

slaapvertrekke op Zwartkoppies (*Illustrasie 64*) gelyk. Die wastafel het gewoonlik, óf agter die deur,⁴⁰⁵ óf in die hoek van die slaapkamer gestaan.⁴⁰⁶

Nadat die badkamer as afsonderlike ruimte beslag gekry het, en veral nadat lopende water aangelê is, het die nodigheid van die wastafel in die slaapvertrek afgeneem. Dit is nog in die gastekamer gebruik.⁴⁰⁷

Die inheemse bevolking het ook soggens as hulle opgestaan het, hulle gesigte en koppe en soms ook hulle liggame, in koue water gewas.⁴⁰⁸ Die vrou het eerste opgestaan en in 'n kalbas met water gewas. Daarna het sy die man se klei-wasskottel na sy woonhut geneem sodat hy ook kon was.⁴⁰⁹ Hulle “waskom” was dus 'n handgemaakte kleikalbas.

2.2 Die badseremonie

Die badseremonie en higiëne was reeds deel van die antieke Westerse tradisie. Dit was oorspronklik 'n groepsaktiwiteit wat in koue water plaasgevind het, en met liggaamlike oefeninge, ontspanning, verkwikking en gesondwees gepaard gegaan het. Die reiniging van die liggaam was bloot toevallig.⁴¹⁰ Soms is die bad of onderdompeling met water ook as 'n simboliese plegtigheid of geestelike doop (teken) gebruik. Volgens die bronne wat geraadpleeg is, was laasgenoemde nie 'n gebruik op die landelike Hoëveld in die tydperk tussen 1840 en 1910 nie. Die landelike boere was protestants en het hulle kinders in die kerk gedoop, deur hulle net met water te besprinkel.

Vanaf 1840 tot 1910 was dit 'n algemene gewoonte onder die mans en seuns om in die rivier te bad. Die vrouens en klein kindertjies het net een maal per week in 'n losstaande heupbad, óf in die slaapkamer, óf voor die stoof in die kombuis gebad. In 1873 was heupbaddens nog

⁴⁰⁵ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 194.

⁴⁰⁶ Om in die slaapvertrek te was, is 'n baie ou tradisie in Europa. 'n Waterhouer in 'n nis teen die muur, met 'n kraantjie en 'n waterkom, is reeds in 1509 in 'n gravure van Albrecht Dürer getitel “St. Anne’s wash stand” uitgebeeld. in L. Wright, *Clean and decent: the fascinating history of the bathroom & the water closet and of sundry habits, fashions & accessories of the toilet principally in Great Britain, France, & America*, p. 38.

⁴⁰⁷ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 274.

⁴⁰⁸ H. Ashton, *The Basuto, a social study of traditional and modern Lesotho*, p. 88.

⁴⁰⁹ GPA, MO 1, A, Mokwena, 2005-09-28.

⁴¹⁰ L. Wright, *Clean and decent: the fascinating history of the bathroom & the water closet and of sundry habits, fashions & accessories of the toilet principally in Great Britain, France, & America*, p. 2.

algemeen in die handel beskikbaar en onder *niewe goederen* van die groothandelaar R. Winstanley in Pretoria, geadverteer.⁴¹¹

Die beskikbaarheid van lopende warmwater in die woning op die landelike dele van die Hoëveld, het die doel van die badseremonie verander. Die aktiwiteit was nie net vir liggaamlike reiniging nie, maar ook 'n geleentheid om in privaatheid te ontspan en te geniet.⁴¹² Die badkamer, as afsonderlike ruimte binne die huis, was die uiteindelijke gevolg daarvan.

2.3 Die swemtradisie

Reisigers, trekkers asook *diegene* wat in die bosveld oorwinter het,⁴¹³ vroeë pioniers en gevestigde inwoners op die landelike Hoëveld, het in die namiddag, nadat die dagtake voltooi is, in die rivier geswem.⁴¹⁴ Daar is gewoonlik daagliks op 'n spesifieke plek in die rivier, gewoonlik 'n kuil of by 'n waterval, geswem. Dit blyk dat die doel van hierdie swem- en badaktiwiteit gedurende die pioniersvestigingsfase op die landelike Hoëveld, grootliks oorvleuel het. Die seuns het, met 'n koekie seep, afgestap na die water om te gaan swem (sonder klere) en terselfdertyd ook te was. Swem was nie net daar vir ontspanning nie, maar ook om te speel.⁴¹⁵ Hierdie swem- of badaktiwiteit in die rivier het gewoonlik in 'n groep plaasgevind, byvoorbeeld 'n klomp seuns of 'n pa saam met sy seuns.⁴¹⁶

Meisies het nie geswem nie, maar in die rivier gaan bad. Gewoonlik is 'n geskikte plek geïdentifiseer, waarna 'n riet- of grasskerm vir privaatheid opgerig is. Vir die manlike geslag was hierdie area natuurlik taboe.⁴¹⁷

In Europa was daar ook 'n gewoonte om in die rivier te “baai”, wat bad of swem kon impliseer. Dit is dan ook in die skilderkuns vasgevang.⁴¹⁸ Die landelike inwoners in die onderhawige streek was dus nie “agterlik” omdat hulle in die rivier geswem of gebad het nie.

⁴¹¹ Advertensie, “Nieuwe goederen” op die voorblad in *De Volksstem*, 1873-08-29.

⁴¹² L. Wright, *Clean and decent: the fascinating History of the Bathroom & the Water Closet and of sundry habits, fashions & accessories of the Toilet principally in Great Britain, France, & America*, p. 2.

⁴¹³ J. Van Bruggen, “In die Gramadoelas” in *Karakters op ons vlaktes*, p. 31.

⁴¹⁴ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 45.

⁴¹⁵ T.A.P. Van Leeuwen, *The springboard in the pond: an intimate history of the swimming pool*, p. 2.

⁴¹⁶ GPA, MO 1, T.G. Corver, 2005-12-01.

⁴¹⁷ GPA, MO 1, T.G. Corver, 2005-12-01.

Daar was ook minerale bronne met publieke swem- en badfasiliteite op die Hoëveld, soos die *geneeskrachtige zwavelbadplaas* op Geluk.⁴¹⁹ Die besoekers het in warm water, waaraan genesende eienskappe toegeskryf is, gebaad.

Ná 1890, met die daarstelling van die badkamer as afsonderlike ruimte binne die huis by die meer gegoede inwoners op die Hoëveld (Zwartkoppies), het daar 'n definitiewe skeiding gekom tussen die bad- en die swemaktiwiteit. Die huisbewoners het in die huis gebad om hulself te reinig en in die rivier of dam geswem (meestal die jong seuns) vir ontspanning. Verder was daar ook reeds in 1889 publieke swembaddens net buite die stede, soos blyk uit die volgende koerantadvertensie:

*To those seeking health and recreation, Willow Grove Hotel & Gardens, Langlaagte 3 miles (4,8 km) from Johannesburg..... the swimming bath is 100 feet (30,5 m) long and 35 feet (10,7 m) broad, and is from 3 feet to 9 feet (91,5 cm – 2,7 m) deep, with clear spring water continually flowing in and out and percolating through the finest pot clay, making the water soft and healthful.*⁴²⁰

Uit hierdie advertensie blyk dit, dat die noodsaaklikheid om swembadwater te filtreer sodat dit kon skoon bly, reeds in daardie jare beseef is. Daar is egter geen dokumentasie oor swembaddens as deel van die privaatwoning op die landelike Hoëveld nie.

Die inheemse bevolking langs die groot riviere in die suidelike dele van Afrika, kon swem, kano ry en het gewoet waar en wanneer dit veilig was om die rivier oor te steek⁴²¹. Dit was asof hulle kennis van die water aan hulle vryheid verleen het om te kan kom en gaan wanneer hulle wou. Hulle was onafhanklike individue, maar geëtiketteer deur ander groepe as *the*

⁴¹⁸ Kyk die ouer vrou in Rembrandt se "Hendrickje baaiend in die stroom" (1654), jong meisies in Jean-Honoré Fragonard se "Bathers" (1765) en jong seuns in Georges Seurat se "Bathers" 1884, in H.W. Janson, *A history of art*, pp. 535 en 621, Edvard Munch "Bathing boys" (1904) in R. Rosenblum, *Modern painting and the northern Romantic tradition, Friedrich to Rothko*, p. 113 en Pablo Picasso se vroue "Les Femmes d'Alger" (1907) in L. Gardner, *Art through the ages*, p. 818.

⁴¹⁹ Advertensie, "Station Geluk, Elandsspruit" in *De Volksstem*, 1898-08-23.

⁴²⁰ Advertisement, "Willow Grove Hotel & Garden" in *The Star*, 1889-04-23.

⁴²¹ J. McGregor, "Living with the river: landscape and memory in the Zambezi Valley Northwest Zimbabwe" in W. Beinart and J. McGregor (Ed), *Social history & African environments*, pp. 90, 91 and 102.

dirty ones.⁴²² Dit blyk algemeen uit die bronne wat geraadpleeg is, dat die inheemse bevolking op die Hoëveld kon swem⁴²³ en ook in die rivier gespeel en gewas het.

3. Die badkamer as afsonderlike ruimte

Tydens die trekkersfase het die mans en seuns in 'n waskom in die buitelug of in die rivier of spruit gewas. Die duiwel en sy trawante is gebruik om kinders, wat steeks was om te bad, die skrik op die lyf te jaag. Volgens oorlewering is hy swart en harig met bokkloutjies, horings en 'n lang bloedrooi tong wat die kinders, wat nie bad nie, in die nag kom aflek.⁴²⁴

By sommige wonings is daar onder pioniersomstandighede, wat soms tot ná 1900 geduur het, 'n buitenshuise riet- en graskonstruksie vir die badaktiwiteit opgerig. Water vir die losstaande sinkbad is in 'n emmer of balie van die kombuis en/of fontein na die bad aangedra.⁴²⁵ Die vuilwater is weer met emmers uitgeskep en in die veld uitgegooi.

Tydens die onderhawige periode, het die meeste boerewonings, weens die afwesigheid van lopende water en gevestigde badgewoontes, nie 'n badkamer in die huis gehad nie.⁴²⁶ Water is ook eers na die kombuis, en later na 'n badvertrek aangelê.

Vrouens en kinders het benewens hulle daaglikse reiniging in die wasskottel, net een maal per week in 'n losstaande sinkbad gebad. Die bad is met warmwater van die stoof of es in die kombuis gevul.⁴²⁷ Gewoonlik is daar op 'n Saterdagmiddag gebad, sodat die inwoners skoon in die kerk of vir die Sabbatdag (die dag van die Here) kon wees.⁴²⁸ Daar is reg langs die stoof in die kombuis of soms ook in die slaapkamer in 'n sit- of heupdiepte sinkbad gebad (*Illustrasie 65*). Oud en jonk het almal in dieselfde water gebad.⁴²⁹ Die jongste het dus in koue water en die seepskuim van die ouer lede van die gesin, gebad. Die vuilwater is weer

⁴²² J. McGregor, "Living with the river: landscape and memory in the Zambezi Valley Northwest Zimbabwe" in W. Beinart and J. McGregor (Ed), *Social history & African environments*, pp. 89, 90.

⁴²³ GPA, MO 2, A. Hlahane, 2007-03-29. As jong seun het hy en sy maats in die namiddag, vanaf die Vrystaat na die Transvaal se kant van die Vaalrivier geswem, om by die Indiërwinkel lekkers te koop.

⁴²⁴ P.W. Grobelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (IV) Boerewysheid*, p. 69.

⁴²⁵ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 127.

⁴²⁶ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 127.

⁴²⁷ GPA, MO 1, A. Carelsen, 2006-03-17.

⁴²⁸ GPA, MO 1, L. Minnaar, 2005-10-26.

⁴²⁹ N. Moolman, *Kuier in 'n pluaskombuis*, pp. 14-15.

met emmers uitgeskep en buite op die beddings rondom die huis gegooi. Die water is van die lyf afgedroog met *Turksche en andere Handdoeken* wat in 1874 in die handel geadverteer is.⁴³⁰ Dit was dun linnelappe met 'n kant randjie aan die een kant.⁴³¹

Die watervoorsiening en sanitasie van die woonstruktuur tydens die pioniersfase het in die gemiddelde huishouding hoofsaaklik uit 'n binne kookruimte sonder lopende water en die was van die liggaam in 'n wasskottel of los jeupbad bestaan.⁴³²

Teen 1902 was daar by uitsondering in plaaswonings 'n vertrek wat met, óf 'n losstaande yster-, koper- of sinksitbad, óf 'n middelslag porseleinbad,⁴³³ vir baddoeleindes ingeruim is. Die opbou van die plaashuise na die Anglo-Boere-oorlog het egter vernuwing in die woning meegebring. 'n Ruimte is ingerig om as badvertrek te dien. Lopende water het aanvanklik selde in die badkamer van hierdie boerewonings voorgekom en warmwater is vanaf die kombuis na die badkamer aangedra.⁴³⁴ In die badkamer was daar 'n groot en klein sinkbad, kis, tuisgemaakte wastafel met waskom, 'n bankie en 'n blik⁴³⁵ (sloepemmer vir afvalwater). Die sinkbad met 'n uitloop, is later vervang met 'n meer moderne bad met aangelegde water. In die literatuur oor interieurinrigting (ná 1900), is die noodsaaklikheid van 'n badkamer as afsonderlike ruimte binne die huis, benadruk. Dit blyk egter dat die meeste huise uit die tydperk voor 1920, *selfs groot huise wat deur gegoede mense gebou was*, selde oor 'n badkamer beskik het.⁴³⁶

Soms is 'n losstaande vertrek, wat as badkamer gedien het, met 'n plat dakkie teen die syneer aangebou. Dit het 'n aangepaste voorkoms aan die tipiese boerehuis verleen (*Illustrasie 66*). Die badkamer was ook soms deel van die buitegeboue op die kleinwerf.⁴³⁷

⁴³⁰ Advertensie, "H. Russell" op die voorblad in *De Volksstem*, 1874-06-02.

⁴³¹ GPA, MO 1, A. Carelsen, 2006-03-17.

⁴³² Hierdie woonstruktuur en leefwyse stem grootliks ooreen met die gemiddelde viervertrek lokasihuis wat sedert 1950 (voor 1994) gebou is. Die formele wonings wat sedert 2001 in Evaton-wes en elders gebou is, met 'n binne spoeltoilet en lopende water in 'n binnekombuis toegerus. T.D. Mokoena, A critical analysis of community-driven development projects aimed at poverty alleviation in Evaton west.

⁴³³ A.P.J. Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907". in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967, p. 146.

⁴³⁴ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum*, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie, p. 92.

⁴³⁵ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum*, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie, p. 140.

⁴³⁶ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 45.

⁴³⁷ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum*, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie, p. 369.

Soms is 'n stoepkamer, gewoonlik aan die suidelike kant van die boerewoning, ingerig om as badkamer te dien. Hierdie, badvertrek sonder aangelegde water, is reg langs die kombuis geplaas (*Illustrasie 67*). Die warmwater is vanaf die stoof na die bad aangedra. Hierdie vertrek was karig gemeubileer met 'n sinkbad, groot genoeg om in te lê, 'n stoel en 'n ysterwaskomstaander met 'n waskomstel daarin.⁴³⁸

By die Victoriaanse huisplanne wat voorsiening gemaak het vir 'n badkamer binne die woning, is die vertrek gerieflikheidshalwe tussen die slaapkamers (*Illustrasie 68*), geplaas.⁴³⁹ 'n Voorbeeld hiervan vind ons op De Rust. Die posisie van die badkamer het, van reg langs die kombuis op die agterstoep na die area tussen die slaapkamers, geskuif. Dit is opvallend dat net die bad in hierdie badvertrek ingebou was. Die ander meublement was moontlik nog losstaande eenhede. Die posisie van die bad was gewoonlik, óf voor die venster, óf teen die binnemuur (*Illustrasie 69*).

Die badvertrek was aanvanklik klein, met net genoeg ruimte vir 'n vaste bad en waskom of ingeboude wasbak. Die bad op pote was gewild, juis vanweë die feit dat 'n mens deeglik daaronder kon skoonmaak. Die growwe teëlvloer het na die middel van die vertrek afgeloop. Die badwater het sommer buitekant op die grond uitgeloop en 'n groot gemors afgegee, veral as die badkamer aan die suidekant van die woning was en selde son gekry het. In 1921 het Gerard Moerdyk geskryf dat daar 'n vierkantige sementbak met 'n rooster aan die bokant (vangput), onder die uitloopplek gemaak moet word. Verder stel hy voor dat erdewarepype die water na 'n groot sloot in die grond afvoer, wat met klippe en bakstene gevul en met sinkplate en 'n laag bo-grond bedek word, sodat die vetterige bad- en kombuiswater tussen die klippe kon deurloop en onder die grond wegsyfer.⁴⁴⁰ Die afvoer van gebruikte water is óf op hierdie sytel rioolstelsel (*French Drain*) met 'n septiese tenk, óf op die sinkputstelsel (*Cess Pool*) in die landelike dele, gedoen.⁴⁴¹

Onder invloed van die laat-Victoriaanse wonings, is op De Rust en Zwartkoppies lopende water in die badkamer aangelê. In 1889 is die Europese en stedelike interieurtendense in die

⁴³⁸ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum. 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 199.

⁴³⁹ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, pp. 2, 3 en p. 43. M. Keath, *Herbert Baker: architecture and idealism 1892-1913 the South African years*, p. 97.

⁴⁴⁰ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 45.

⁴⁴¹ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 45.

advertensiekolomme van die Suid-Afrikaanse Republiek se koerante gepubliseer. Dit is volgens katalogi uit Engeland bestel en dienooreenkomstig ingevoer.⁴⁴² Alhoewel die wastafel en waskomstel nog in die slaapvertreke gebruik is, is daar in sommige wonings, soos op De Rust, 'n ingeboude wasbak (*Illustrasie 70*) met krane in die badkamer, aangebring. Hierdie wasbak het aanvanklik net kouewater gehad, omdat warmwater slegs vir die badgebruiker aangelê is.⁴⁴³ Bokant die wasbak wat op 'n voetstuk gestaan het, is 'n spieël, omraam in 'n wit geverfde neo-Klassieke styl houtraam, aangebring met vier bruin-en-wit geblonde teëls onderaan.⁴⁴⁴ Daar was nie handdoekrelings teen die muur nie, wel 'n losstaande opvoubare houtraam.⁴⁴⁵

In die luukse wonings op die Hoëveld, soos ook op De Rust, is die stortbad soggens gebruik.⁴⁴⁶ Hierdie stortbad het 'n spuitstorkop met 'n kraan gehad wat alle liggaamsdele met water besprinkel het. Die stortbad kon op *spray, shower* of *lunge gestel* (*Illustrasie 71*) word. Hierdie emaljebad wat nog vandag in gebruik is, staan op vier pote. Die stortgedeelte het 'n soliede halfmaanvormige skerm wat op die bad pas. Die bad is in 'n posisie geplaas, dat die stortskerm privaatheid aan die persoon in die bad kon verleen. Die wit emaljebad en -skerm is aan die buitekant afgewerk met 'n sogenaamde *transfer* of *aftrektegniek* wat die oppervlak na rooshout laat lyk (*Illustrasie 72*) het. Hierdie eenheid is saam met die inhoud van die huis, in kratte regstreeks vanuit Engeland ingevoer.⁴⁴⁷

Die eerste badkamers met lopende water se waterpype was, net soos in Engeland, buite die muur sigbaar.⁴⁴⁸ Die warmwaterpyp was van koper (*Illustrasie 73*), en die afleipyp vir vuilwater van lood.⁴⁴⁹ Omdat die mure van die veranda- en stoepkamerhuise so dik was,⁴⁵⁰ is die eerste waterpype wat in die badkamers van die landelike huise aangelê is, ook binne die vertrek al langs die mure geplaas. Op Swartkoppies is teëls teen die muur by die bad en op die vloer reg onder die bad se pote as teenvoeter vir die spat van water, aangebring. By De

⁴⁴² BPA, "Victoriaanse woning en buitegeboue te De Rust, distrik Heidelberg", p. 4. en J. Bezuidenhout, "De Rust en sy mense", p. 8.

⁴⁴³ GPA, MO 1, L. Minnaar, 2005-10-26.

⁴⁴⁴ GPA, MO 1, L. Minnaar, bygewerkte inligting, 2005-11-03.

⁴⁴⁵ GPA, MO 1, L. Minnaar, 2005-10-26.

⁴⁴⁶ F.J. du T. Spiess, "Briewe uit Transvaal van G.A.A. Middelberg (1896-1899)" in *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 1(2) Julie 1953, p106.

⁴⁴⁷ BPA, F.J. Bezuidenhout, "De Rust en sy mense", p. 2.

⁴⁴⁸ E. Dickson, M. Colvin, D. Hall and P. Collenette, *The Laura Ashley book of home decorating*, p. 79.

⁴⁴⁹ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 47.

⁴⁵⁰ GPA, MO 1, N.M. Prinsloo, 2005-12-04.

Rust (1906) is die badkamer se hele vloeroppervlakte en die mure tot op ooghoogte, geteël.⁴⁵¹ Dit was ongewoon op die landelike Hoëveld om teëls op hierdie wyse aan te wend. In die landelike badkamer was die mure ongeteëde klei- of gepleisterde steenmure. In 1893 is linoleum⁴⁵² en later kurk lino in bruin of groen⁴⁵³ op die kleivloere aangebring.

Die badwater is deur die koolstoof met 'n warmwaterinstallasie, *boiler*, vanaf die kombuis verhit.⁴⁵⁴ Soms is die badwater in 'n sinkdrom (*Illustrasie 74*), die sogenaamde donkie, verhit. Eers heelwat later, teen ongeveer 1925, is 'n kopergeiser (warmwatertoestel) vir verhitting gebruik.⁴⁵⁵

By die inheemse bevolkingsgroepe het die jong seuns in die rivier gewas, en die ouers en kleiner kinders in 'n waskom.⁴⁵⁶ Vanaf 1840 tot 1910 was die gebruik van 'n badkamer of vertrek as afsonderlike ruimte om in te bad, vir hulle onbekend. Dit was hoofsaaklik vanweë hulle armoede, die afwesigheid van lopende water in hulle woonstrukture, en die feit dat hulle nog lank na 1910 in pioniersomstandighede in twee- tot drievertrek huisies gebly het.

4. Die toilet

Inligting oor die toilet is baie skaars, omdat dit nie juis 'n onderwerp is waaroor daar gepraat of geskryf word nie.

4.1 Buitenshuis

Die reisigers, trekkers en die vroeë pioniers het sommer hulle besigheid in privaatheid agter 'n bossie gaan doen. Snags het die vroue en kinders 'n kamerpot gebruik en bedags die veld. Die mans het altyd "'n draai" geloop in die veld of 'n spesifieke plek, soos agter die

⁴⁵¹ J. Bezuidenhout en F.J. Bezuidenhout, "'n Kort oorsig oor die Bezuidenhouts van Doornfontein." p. 24.

⁴⁵² Advertensie, "I.W. Beckett & Co. Bpk." in *De Volksstem*, 1893-07-01.

⁴⁵³ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 47.

⁴⁵⁴ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 45.

⁴⁵⁵ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, p. 47.

⁴⁵⁶ GPA, MO 1, A. Mokwena, 2005-09-28.

waghuis.⁴⁵⁷ Daar was in daardie stadium nog nie toiletpapier beskikbaar nie. Gevolglik is gras, klippe, blare en mieliestronke gebruik om skoon te vee.⁴⁵⁸

Sodra daar permanent op 'n plek gevestig is, is 'n putlatrine op die werf opgerig. 'n Gat of put van ongeveer 3 meter diep, is gewoonlik onderkant die vlak vanwaar die drinkwater geskep word, gegrawe sodat die afvalstowwe nie die drinkwater kon besoedel nie.⁴⁵⁹ Die gat is bedek met 'n struktuur of huisie, as beskerming teen wind en weer. Die huisie is vanaf die sestigerjare van die negentiende eeu hoofsaaklik van sink gebou. Hierdie sinkdakgeboutjie het drie tipe style gehad: 'n Skuinsdak na agter, 'n skuinsdak na voor of 'n spitsdakkie (in die laat-Victoriaanse tradisie).⁴⁶⁰

Die ligging van die kleinhuise (ook 'n putlatrine, sekreet, privaat, priewie, toilet of *longdrop* genoem) is sorgvuldig beplan, met die windrigting en werfbome in ag genome. Dit was nie te ver van die agterdeur nie, maar nie te naby om opvallend vir besoekers te wees nie. Soms was dit op die kleinwerf of net buite die kleinwerf op die grootwerf geleë. Die mans het die kleinhuise net vir hulle nommer twee gebruik, en nog steeds in die veld agter die waghuis of die turksvybos gaan water.⁴⁶¹

'n Platdak, skuins na agter, is op Hartbeespoort gebruik. 'n Platdak, skuins na voor, is selde gebruik, omdat al die reënwater van die dakkie op jou sou stort as jy die deur oopmaak terwyl dit reën. 'n Victoriaanse spitsdakkleinhuise (*Illustrasie 75*) is op die buitewerf op Swartkoppies gebruik. 'n Deur met 'n draadringhak of goiingsakgordyn voor die opening het die nodige privaatheid gegee. 'n Klein opening of ventilasie-rooster agter die bankie, het die lug laat sirkuleer. Die putlatrine het bestaan uit 'n planksitbankie of twee,⁴⁶² met 'n gat en deksel wat oor die oop put geplaas is. Onder die bankie was 'n gat, sinkput⁴⁶³ of 'n emmer. Die emmerstelsel is veral in die stede en dorpe gebruik, omdat dit gereeld leeggemaak moes

⁴⁵⁷ GPA, MO 1, A. Carelsen, 2006-03-17.

⁴⁵⁸ GPA, KOR 1, T.G. Corver, 2005-02-17.

⁴⁵⁹ GPA, MO 1, M.L. De Villiers, 2006-09-21.

⁴⁶⁰ M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, p. 172.

⁴⁶¹ N. Moolman, *Kuier in 'n plaaskombuis*, p. 32.

⁴⁶² P. Van Heerden, *Kerssnuitsels*, p. 19.

⁴⁶³ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 94.

word, terwyl die putstelsel op die landelike dele verkies is.⁴⁶⁴ Indien die gat te vol sou raak, is dit opgevul, gelyk gemaak en die toilet elders opgerig.

Daar was teen 1900 nog nie toiletpapier beskikbaar nie. Vierkantige stukkie papier, wat aan 'n spyker hang, is in die toilet geplaas.⁴⁶⁵

Dit is vreemd en histories foutief, dat daar geen toiletfasiliteit op die Diepkloof se werf was nie. Hierdie gesin was tog welaf en die wonings was permanente strukture. Dit gaan hier om die basiese beginsels van higiëniese bewusheid. Die Europese pioniers en die inheemse bevolking het in hierdie tydperk (1840-1910) 'n spesifieke terrein afgebaken wat as toilet gedien het. Soms was dit 'n vlak gat met 'n grasskerm wat soos 'n drukgang gelyk het, ander kere selfs die area agter die waenhuis.⁴⁶⁶ 'n Kamerpot, of 'n kommode en 'n sinkdakgeboutjie sou beslis op hierdie werf beskikbaar moes gewees het.

Die inheemse bevolking het 'n donga (*place of the flat stones*), bos of 'n kom naby 'n stat, maar tog privaat, as toilet gebruik.⁴⁶⁷ Klippe, gras en blare is gebruik om hulle skoon te vee, waarna die hande gewas is.⁴⁶⁸ Daar is 'n oorgelewerde gesegde onder die Sotho bevolking (*O senyele sediba*) wat beteken: Moenie die rivier as toilet gebruik nie, want jy mag eendag dors word en hierdie water as drinkwater benodig, dan het jy dit reeds besoedel.⁴⁶⁹ Dit plaas 'n verantwoordelikheid op elke individu om nie water te besoedel nie.

4.2 Binnenshuis

Die gebruik van die kamerpot dateer reeds uit die Middeleeue.⁴⁷⁰ Dit is vir gerief en privaatheid onder die bed, of in 'n toe potkas in die slaapvertrek gebêre. Gedurende die pioniers- en permanente vestigingsfase is 'n kamerpot snags binnenshuis in die hoof- en dogters se slaapkamer gebruik. Die pot was van geglasuurde emalje, erdewerk (*Illustrasie 76*) of porselein gemaak. Slegs die dames het 'n kamerpot gebruik.

⁴⁶⁴ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 276.

⁴⁶⁵ P. Van Heerden, *Kerssnuitsels*, p. 20.

⁴⁶⁶ GPA, KOR I, T.G. Corver, 2005-02-17.

⁴⁶⁷ H. Ashton, *The Basuto a social study of traditional and modern Lesotho*, p. 88.

⁴⁶⁸ GPA, MO I, A. Mokwena, 2005-09-28.

⁴⁶⁹ GPA, MO I, T.J. Schanka, 2005-09-28.

⁴⁷⁰ L. Wright, *Clean and decent: the fascinating history of the bathroom & the water closet and of sundry habits, fashions & accessories of the toilet principally in Great Britain, France, & America*, p. 121.

Ná 1890 is 'n nagstoel of *commode* in die slaapvertreke van die landelike boere-woning,⁴⁷¹ en 'n draagbare houtstoeltoilet, met 'n koperspoelbak, emmer en water, in deftiger wonings, soos op Zwartkoppies, gebruik (*Illustrasie 77*). By laasgenoemde was daar 'n houertjie langs die spoelbak vir stukkies papier om mee af te vee.

In die laat-Victoriaanse wonings het lopende warmwater in die kombuis en badkamer, dit moontlik gemaak om 'n binneshuise spoeltoilet aan te lê.

Indien die vertrek vir die binnespoeltoilet aangebou moes word, is dit gewoonlik op die agterstoep langs die kombuis, waar die water reeds aangelê is, gedoen. Dit was 'n tendens wat hoofsaaklik op die dorpe posgevat het en is selde of ooit voor 1900 in die landelike woning toegepas.

In die landelike welgestelde Victoriaanse plaasopstalle en – herehuise, soos op De Rust (1906) – waar die toilet deel van die standaardhuisplan was, is die toilet in 'n aparte vertrek tussen die slaapkamers en langs die badkamer (*Illustrasie 78*) geplaas. Die massavervaardigde dekoratiewe spoelbak met 'n Victoriaanse *Chrysanthemum*-ontwerp in blou⁴⁷² (*Illustrasie 79*), is met behulp van katalogi, uit die buiteland bestel. Hierdie spoeltoilet wat met 'n kettingsisteen werk (*Illustrasie 80*), is vandag nog in gebruik.

Gedurende 1840 tot 1910 is die spoeltoiletstelsel, waar water die toilet skoonspoel deur die trek van 'n ketting en die afvalwater met 'n pyp weggevoer word na 'n put, selde of ooit in die landelike boerewoning op die Hoëveld, gevind. Die kleinhuise, weg van die woning, die veld of agterkant van die wachhuis, was die "toiletstelsel" wat algemeen deur die landelike Hoëveldse inwoners gebruik is.

5. Gevolgtrekking

Water word nie net vir drink-, kook-, opwas- en wasgoedwas benodig nie; dit is ook absoluut essensieel vir daaglikse reiniging en higiëne. Die opvang en berging van skoon drinkwater, die noodsaaklikheid om jou gesig soggens te was wanneer jy opstaan, en jou hande en voete te was voordat jy voedsel gebruik, is gewoontes wat saam met die pioniers uit die Kaap gekom het.

⁴⁷¹ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*, p. 94.

⁴⁷² R. Palmer, *The water closet: a new history*, p. 70.

Tot lank ná 1900 was daar in die pionierswoning selde 'n badkamer wat as afsonderlike ruimte gefunksioneer het. In elke slaapkamer was 'n wastafel met 'n waskomstel ('n waskom, lampetbeker, bypassende kamerpot en slopemmer), waar daar soggens en saans gewas is. Warmwater is vanaf die kombuis aangedra en in die waskom gegooi, waarna dit weer in die slopemmer gegooi en buitenshuis uitgegooi is. Sommige vroeë waskomstelle was van sink met 'n geglasuurde emalje-afwerking aan die binnekant. Latere stelle was van erdeware en porselein. Die ysterwaskomstaander is deur die selfgemaakte houttafel, en ná 1890 met wastafels met 'n marmerblad, vervang.

In die tydperk 1840 tot 1910 was dit 'n algemene gewoonte onder die mans en seuns om in die rivier te bad. Die reisigers, trekkers, diegene wat in die bosveld oorwinter het, en die vroeë pioniers en gevestigde inwoners op die landelike Hoëveld, het in die namiddag, nadat die dagtake voltooi is, in die rivier geswem. Dit blyk dat die doel van hierdie swem- en badaktiwiteit grootliks oorvleuel het. Meisies het nie in die rivier geswem nie, maar soms daar in privaatheid gaan bad.

Die vrouens en klein kindertjies het net een maal per week in 'n losstaande sit- of heupdiepte sinkbad, gebad. Die lyf is met boerseep, wat self vervaardig is, gewas. Water vir hierdie losstaande sinkbad is in 'n emmer of balie van die kombuis en/of die fontein na die bad aangedra. Die vuilwater is weer met emmers uitgeskep en in die veld uitgegooi. Gewoonlik is daar op 'n Saterdagavond gebad, sodat die inwoners skoon kon wees as hulle kerk toe gaan. Daar is óf in die slaapkamer, óf voor die stoof in die kombuis gebad. Oud en jonk het in dieselfde water gebad. Die landelike wonings uit die tydperk voor 1920, het selde 'n badkamer gehad.

Teen 1902, tydens die opbou van die plaashuise ná die Anglo-Boere oorlog, is daar in die plaaswonings 'n vertrek, spesifiek vir baddoeleindes, ingeruim. Die vertrek was gewoonlik 'n stoepkamer of 'n buitekamer naby die kombuis. Daar was nog nie lopende water in hierdie badkamer nie. Warmwater is vanaf die kombuis na die badkamer aangedra en na die badaktiwiteit weer per hand uitgeskep. Hierdie vertrek was karig ingerig, met 'n losstaande yster-, koper-, sit-, sink of 'n middelslag porseleinbad (groot genoeg om in te lê), 'n stoel en 'n ysterwaskomstaander met 'n waskomstel daarin. Gedurende die tydperk 1890 tot 1910 het die ingeboude wasbak met 'n kouewaterkraan net in die luukse wonings voorgekom.

By die huisplanne (soos op De Rust) wat voorsiening gemaak het vir 'n badkamer binne die woning, is die vertrek gerieflikheidshalwe tussen die slaapkamers geplaas. Nadat water na die badkamer aangelê is, het die posisie van die badkamer geskuif. Die bad wat in die vertrek direk langs die kombuis op die agterstoep was, is per hand, met warm water wat in potte op die koolstoof verhit is, volgemaak. As gevolg van die tegnologiese verbetering van die funksies van die koolstoof, kon 'n warmwater- installasie *boiler*, warmwater deur middel van stoomdruk in pype na die bad vervoer.

Die losstaande heupbad is met 'n sink lêbad vervang. Vanaf 1890 is die stortbad, 'n yster-emaljebad op pote of stutte met of sonder 'n skerm, in die luukse badkamers op die landelike Hoëveld gebruik. Die ingeboude, toegeboude en gesonke bad het hoofsaaklik in die luuksste wonings in die stede en op die dorpe voorgekom. Die bad se vuilwater is per hand met emmers uitgeskep en buite, op die blombeddings rondom die huis, gegooi. Die eerste badkamers met lopende water se waterpype was sigbaar buite langs die muur. Die mure was ongeteëlde klei- of gepleisterde steenmure, en op die kleivloere is linoleum (1893) en later kurk lino aangebring. Die warmwaterpyp was van koper en die afleipyp, vir vuilwater, van yster of lood. Die badwater het somer buitekant op die grond uitgeloop en 'n groot gemors afgegee. Erdewarepype het soms die afvalwater na 'n groot sloot met 'n sinkput of na 'n sypel rioolstelsel weggevoer.

Die toilet het in die onderhawige periode 'n omwenteling ondergaan, van "'n draai" buite in die veld loop, tot 'n binnenshuise vertrek met 'n waterspoeltoilet.

Die reisigers, trekkers en die vroeë pioniers het somer hulle besigheid in privaatheid agter 'n bossie gaan doen. Snags het die vroue en kinders 'n kamerpot gebruik en bedags die veld. Daar was op hierdie stadium nog geen toiletpapier beskikbaar nie, en gras, klippe, blare en mieliestronke is gebruik om mee skoon te vec.

Sodra daar permanent op 'n plek gevestig is, is 'n gat of put vir die toilet gegrawe. Die gat is bedek met 'n struktuur of huisie wat 'n kleinhuisie, putlatrine, sekreet, priewie, toilet of *longdrop* genoem is. Die put is altyd op 'n plek geposisioneer waar afvalstowwe nie die drinkwater kon besoedel nie. Gewoonlik is dit dus onderkant die vlak vanwaar die drinkwater geskep word, gegrawe.


Ná 1890 is 'n nagstoel (met 'n emmer, sonder water) in die slaapvertreke van die landelike boerewoning gebruik. In die deftiger woning is 'n draagbare houtstoeltoilet met 'n koperspoelbak, emmer en water gebruik.

Die laat-Victoriaanse tegnologie van watervoorsiening in die kombuis en badkamer, het die aanlê van die binnenshuise spoeltoilet moontlik gemaak. In welgestelde landelike Victoriaanse plaasopstalle en -herehuise, soos op De Rust (1906), waar die spoeltoilet deel was van die standaardhuisplan, is die toilet in 'n aparte vertrek tussen die slaapkamers, maar langs die badkamer geplaas. Gedurende 1840 tot 1910 is hierdie spoeltoiletstelsel, waar water die toilet skoonspoel met die trek van 'n ketting, en die afvalwater met 'n pyp weggevoer word na 'n septiese tenk, selde in die landelike boerewoning op die Hoëveld aangetref. Die kleinhuise, weg van die woning, die veld of agterkant van die waenhuis, was die "toiletstelsel" wat algemeen deur die landelike Hoëveldse inwoners gebruik is.




Illustrasie 61 'n Driepoot ysterwaskomstaander met 'n emaljewaskom, lampetbeker en seepbakkie, in die skool op Diepkloof.⁴⁷³ Let op die houtwateremmer in die agtergrond.

⁴⁷³ GPA, Foto's 1, Diepkloof, Heidelberg, 2007-03-06.



Illustrasie 62 'n Vierpoot ysterwaskomstaander met 'n emaljewaskomstel op Hartbeespoort.⁴⁷⁴

⁴⁷⁴ GPA, Foto's 1, Hartbeespoort, Pretoria, 2006-03-17.



Illustrasie 63 Die erdewarewaskomstel in die pioniershuis op Hartbeespoort se hoofslaapkamer.⁴⁷⁵
Hieronder is die emaljewaskomstel in die pioniershuis op Hartbeespoort se seunskamer.⁴⁷⁶



⁴⁷⁵ GPA, Foto's 1, Hartbeespoort, Pretoria, 2006-03-17.

⁴⁷⁶ GPA, Foto's 1, Hartbeespoort, Pretoria, 2006-03-17.



Illustrasie 64 'n Porseleinwaskomstel op 'n wastafel met 'n marmmerblad in een van die slaapkamers op Zwartkoppies.⁴⁷⁷

⁴⁷⁷ GPA, Foto's 1, Zwartkoppies, Pretoria, 2006-03-17.




Illustrasie 65 'n Losstaande heupbad in die hoofslaapkamer van die permanente woning op Diepkloof.⁴⁷⁸

⁴⁷⁸ GPA, Foto's 1, Diepkloof, Heidelberg, 2007-03-06.




Illustrasie 66 Die pioniershuis op Brakspruit, met 'n aangeboude badkamer onder 'n plat sinkdak.⁴⁷⁹



⁴⁷⁹ GPA, Foto's 1, Brakspruit, Frankfort, 2007-10-19.



Illustrasie 67 Die H-vormige boerewoning en sy vloerplan (hieronder). Die kombuis en badkamer is agter, langs mekaar. Skets: G. Moerdyk.⁴⁸⁰




⁴⁸⁰ R.C. Fisher en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, pp. 20-21.



Illustrasie 68 'n Plan en skets van 'n plaashuis met die badkamer as afsonderlike ruimte binne die huis tussen die slaapvertreke. Skets: J.R. Burg (1920).⁴⁸¹

⁴⁸¹ R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, pp. 2-3.



Illustrasie 69 Die badkameruitleg van die boerewoning. (1) Die bad is in die middel van die vertrek geplaas. (2) Die ingeboude bad staan teen die buite muur. (3) Die stortbad is teen die binnemuur. (4) Die stortbad is onder die vloervlak ingesink.⁴⁸²

⁴⁸² R.C. Fischer en S. Le Roux, *Die Afrikaanse woning, herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*, pp. 45 en 46.



Illustrasie 70 'n Ingeboude wasbak met krane op De Rust.⁴⁸³

⁴⁸³ GPA, Foto's 1, De Rust, Heidelberg, 2005-11-03.



Illustratie 71 Die ingeboude stortbad, met lopende warmwater en verstellings: “Spray”, “lunge” en “shower” (1906), op De Rust.⁴⁸⁴

⁴⁸⁴ GPA, Foto's I, De Rust, Heidelberg, 2005-11-03.



Illustrasie 72 Die stortbad se skerm. Let op die koperwaterpyp van die stortgedeelte.⁴⁸⁵

⁴⁸⁵ GPA, Foto's 1, De Rust, Heidelberg, 2005-11-03.



Illustrasie 73 Die warmwaterpyp was van koper. Al die waterpype is sigbaar en loop langs die muur.⁴⁸⁶

⁴⁸⁶ GPA. Foto's 1, De Rust, Heidelberg, 2005-11-03.




Illustrasie 74 'n Warmwatertoestel bo-op die buitebakoond op die agterstoep, Zwartkoppies.⁴⁸⁷

⁴⁸⁷ GPA, Foto's 1, Zwartkoppies, Pretoria, 2006-03-17.



Illustrasie 75 'n Kleinhuisie met 'n emmerstelsel. Let op die skarniere (bo) waar die deurtjie was en die staandak hieronder (1.55 m x 1.58 m x 3.60 m).⁴⁸⁸



⁴⁸⁸ GPA, Foto's 1, Zwartkoppies, Pretoria, 2007-04-23.



Illustrasie 76 'u Geglasuurde erdewarekamerpot in die pioniershuis op Hartbeespoort.⁴⁸⁹


⁴⁸⁹ GPA, Foto's 1, Hartbeespoort, Pretoria, 2006-03-17.



Illustrasie 77 Die draagbare emmertoeilet wat met water gespoel het op Zwartkoppies.⁴⁹⁰



⁴⁹⁰ GPA, Foto's 1, Zwartkoppies, Pretoria, 2006-03-17.



Illustrasie 78 Die vloerplan van De Rust se opstal met stoepe reg rondom. Die kombuis (14), en badkamer (Bk) het reeds in 1906 lopende warm water en 'n binnespoeltoilet (T) by die kamers, gehad.⁴⁹¹ Let op die plasing van die toilet tussen die slaapvertreкке.

⁴⁹¹ BPA, Victoriaanse woning en buitegeboue te De Rust, Distrik Heidelberg, Transvaal, g.p.



Illustratie 79 Die dekoratieve spoelbak (1906) van die spoeltoilet op De Rust.⁴⁹²



⁴⁹² GPA, Foto's 1, De Rust, Heidelberg, 2005-11-03.



Illustrasie 80 Die kettingspoelstelsel, wat na 100 jaar, nog in gebruik is op De Rust.⁴⁹³

⁴⁹³ GPA, Foto's 1, De Rust, Heidelberg, 2005-11-03.

Hoofstuk 6

Gevolgtrekking

Die bestaande historiografie dui daarop dat goeie navorsingswerk gedoen is oor die tydperk 1840 tot 1950 ten opsigte van huishoudelike strukture en huisvesting in Suid-Afrika.⁴⁹⁴ Die groot leemte is dat daar min aandag gegee is aan die element van watervoorsiening en sanitasie. Dit is tog betreklik maklik om inligting uit die landelike omgewing te onttrek, omdat baie herinneringe vasseburger gebly het en veranderinge hier stadiger plaasgevind het as byvoorbeeld in die stede.

Die veranderinge wat plaasgevind het met betrekking tot watervoorsiening en sanitasie in die landelike Hoëveldse wonings, vanaf 1840 tot en met die eerste dekade van die twintigste eeu, kan ons in drie fases indeel. Tydens die eerste fase van die pioniersvestiging (1836-1848) is tydelike woonstrukture opgerig. Die tweede fase (1840-1870) word gekenmerk deur stewiger permanente wonings. Die derde fase (1860-1910), veral ná 1890, toon duidelike die invloed van die laat-Victoriaanse (koloniale) tegnologie ten opsigte van watervoorsiening binne die woning.

Die Hoëveldse pioniers het, as gevolg van hulle nomadiese lewenswyse, lank in waens gewoon sonder om 'n permanente woonstruktuur op te rig. Hoewel die trekkersfase tussen twee en tien jaar geduur het, het die beesboere teen die einde van die negentiende eeu, gedurende die wintermaande as die gras begin doodryp op die suidelike Hoëveld, met hulle vee noordwaarts getrek na die sogenaamde Bosveld (of na die Laeveld). Hier het hulle in tydelike strukture in pioniersomstandighede gewoon, water opgevang, geberg en dienooreenkomstig benut. Tydens die permanente vestigingsfase in die landelike Hoëveld (1850-1910) het die kombuis, sonder lopende water, 'n spesifieke ruimte binne die huis gekry. Tot lank na 1900 was daar selde 'n badkamer, wat as afsonderlike ruimte

⁴⁹⁴ A. Carelsen, *Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum, 'n vergelykende kultuurhistoriese studie*; F. Freseura, *Rural shelter in South Africa, a survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa*; E. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou*; M. Naudé, *Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal*, uittreksels uit die verslag oor volksboukuns in Transvaal aan die RGN; P.J. Nienaber, *Vrystaatse argitektuur, historiese argitektoniese ontwikkeling van die Vrystaatse boukuns: 'n oorsig* en J. Walton, *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje Vrystaat*.

gefunksioneer het. Die trae ontwikkeling van watervoorsiening binne die landelike woning is hoofsaaklik beïnvloed deur die oorvloedige beskikbaarheid van huisbediendes, afsondering, geografiese area, etniese groep, die gebrek aan finansies veral ná die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), sosiale stand en elektrisiteitsvoorsiening.

In die tydperk 1840 tot 1910 het daar by die pioniers se woningbou 'n sigbare evolusie plaasgevind. Tydens die pioniers- en trekkersfase het die dakhuis (wa en tent, skerms, grashutte, kapstyl- en hartbeeshuis) oorgegaan in die muurhuis (saaldakhuis). In die daaropvolgende permanente fase het die saaldak- en die pioniershuis, weer verander in, die veranda- stoepkamerhuis en die Victoriaanse boerewoning. Die platdakhuis het hierteenoor hoofsaaklik uit mure bestaan en die dak het visueel feitlik verdwyn. As 'n mens kyk na die ontwikkeling van die woning van die inheemse bevolking in die landelike dele van die Hoëveld, sien jy dat daar by hulle, op die gebied van woningbou, ook 'n visuele evolusie plaasgevind het. Die byekorfhut as woonstruktuur wat geen differensiasie tussen die dak en mure getoon het nie, het ontwikkel tot die Hoëveldse platdakwoning waar die muur dominant en die dak skaars sigbaar is.

Daar was 'n sigbare ontwikkeling in die huishoudelike watergebruik en sanitasie van die pioniershuis in die vroeë- 1840's na dié van die plattelandse huis rondom 1910. Die trekboer het, net soos die inheemse bevolking, gewoonlik teenaan 'n waterbron uitgespan of kamp opgeslaan, waar water vir kookdoeleindes in emmers van die rivier, spruit, voor, put of fontein aangedra is. Die mans en seuns het daagliks in die rivier gebad. Die vrouens en klein kindertjies het net een maal per week binnenshuis gebad. 'n Losstaande sinkbad is gevul met water wat in 'n emmer of balie van die kombuis en/of fontein na die bad aangedra is. Die vuilwater is weer met emmers uitgeskep en in die veld uitgegooi.

Vanaf 1870 is die ou reghoekige pionierswonings se grasdakke, danksy die beskikbaarheid van sink op die landelike Hoëveld, met sink vervang. Die kenmerkende Hoëveldse "verandahuisse" het ontstaan as gevolg van die aanwending van sinkplate wat oop stoepe voor (en agter) die huise oordek het om 'n veranda te vorm. Die bestaande stoepdakke is soms met mure toegebou om die kombuis (sonder water) en later ook die bad- en toiletruimte te skep. Soms is 'n losstaande vertrek, wat as kombuis gedien het, met 'n plat dakkie teen die sypmuur aangebou. Dit het 'n aangelapte voorkoms aan die tipiese boerhuis verleen.

'n Kenmerkende ontwikkeling van die sinkplaatstyl was dat daar soms voor die verandahuis aan een of weerskante van die voordeur (of agterdeur) stoepkamers aangebou is, sodat die huis 'n L-, T-, of H-vorm aangeneem het. Hierdie "stoepkamerhuise" het in die stede sowel as op die platteland 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse woningtipe geword. Hierdie stoepvertrek is soms as kombuis, spens, badkamer, toilet (agter), stoor of gastekamer (voor) gebruik. Die badvertrek is gewoonlik naby die kombuis ingerig. Daar was nog nie lopende water in hierdie badkamer nie en warmwater is vanaf die kombuis na die badkamer aangedra en na die badaktiwiteit weer per hand uitgeskep.

Sedert 1890 het 'n verbouingsfase, onder invloed van die Victoriaanse boustyl, plaasgevind wat 'n tipiese Victoriaanse boerewoning sonder gange, met L- en U-vormige stoepe, op die landelike Hoëveld geskep het. 'n Verandering ten opsigte van die tegnologie van watervoorsiening het gekom as gevolg van boorgat- en pomptegnologie op die landelike Hoëveld. Die stoor van water op 'n hoë punt, waterdruk en die beskikbare pypmateriaal het die verspreiding van water binne die woning moontlik gemaak. Die kombuis was die eerste vertrek waar daar lopende water aangelê is. Die vuurherd in die kombuis is vervang met 'n kool- of 'n houtstoof met 'n warmwater *boiler*. Lopende water is ná 1910 ook na die badvertrek, gewoonlik in die stoepkamer langs die kombuis, aangelê.

Dit is opmerklik dat al die permanente landelike wonings (1860-1910) op die Hoëveld nie só luuks was nie. Die gemiddelde huis het selde 'n badvertrek, toilet of lopende water binnenshuis gehad. Die Afrikaanssprekende landelike boereregemeenskap op die Hoëveld se huise was veral baie eenvoudig en hulle het lank nog in pioniersomstandighede gebly.

In skerp teenstelling met die landelike boerewoning is daar teen die laat negentiende eeu verskeie welgestelde landelike wonings, in navolging van die laat-Victoriaanse woningstyl gebou. Die huis is volgens 'n standaard grondplan gebou en is as statussimbool in die landelike dele opgerig. Die Europese tegnologie met betrekking tot die verskaffing van warmwater en dreineringsstelsels het dit moontlik gemaak om lopende warmwater in hierdie kombuisse en badkamers aan te lê. Die kombuis, badkamer met 'n stortbad en ingeboude wasbak, en later ook die spoeltoilet, het as aparte vertrekke binne die huis begin funksioneer. Die kombuis het nie meer 'n veeldoelige gebruik gehad nie. Werk- of diensareas vir die bediendes, (kombuis) en privaatareas soos die badkamer en toilet, is van mekaar geskei. Die landelike bewoners het die nuwe woningstyle, spoeltoilette en warmwaterstelsels gesien tydens hul besoek aan die stede, en wou dit dan ook self besit.

As gevolg van die tegnologiese verbetering van die funksies van die koolstoof, het 'n warmwater- installasie (*boiler*), warmwater, deur middel van stoomdruk in pype, na die bad vervoer. Die posisie van die badkamer het van reg langs die kombuis, vir die inwoners se gerief en hul privaatheid na 'n vertrek by die slaappedeelte van die huis, geskuif.

Die eerste badkamers met lopende water se waterpype was sigbaar buite langs die muur. Die warmwaterpyp was van koper en die afleipyp vir vuilwater van yster of lood. Die badwater het aanvanklik somer buitekant op die grond uitgeloop en 'n groot gemors afgegee, dit is vervang met 'n vierkantige vangput met 'n rooster daaroor, wat onder die uitlooplek geplaas is. Hiervandaan het erdewarepype die vuilwater na 'n groot sloot in die grond weg van die woonstruktuur gelei. Die afvoer van die gebruikte water in die landelike dele is hoofsaaklik op die sogenaamde *Cess Pool* of sinkput- en die *French Drain* of sypel rioolstelsel gedoen.

Die toiletgeriewe het in die onderhawige periode 'n omwenteling ondergaan, van "'n draai" buite in die veld loop, tot 'n binnenshuise vertrek met 'n waterspoeltoilet en toiletpapier. Die reisigers, trekkers en die vroeë pioniers het somer hulle besigheid in privaatheid agter 'n bossie gaan doen. Snags het die vroue en kinders 'n kamerpot gebruik en bedags die veld. Water is nie tydens hierdie aktiwiteit benodig of gebruik nie. Sodra daar permanent op 'n plek gevestig is, is 'n gat of put vir die toilet gegrawe. Die gat is bedek met 'n struktuur of huisie wat 'n kleinhuise, putlatrine, sekreet, priewie, toilet of *longdrop* genoem is. Die put is altyd so geë-posisioneer dat afvalstowwe nie die drinkwater kon besoedel nie; dus is dit gewoonlik onderkant die vlak vanwaar die drinkwater geskep is, geplaas.

Ná 1890 is 'n nagstoel (met 'n emmer, sonder water) in die slaapvertreke van die landelike boerewoning gebruik. Die deftiger wonings was toegerus met 'n draagbare houtstoeltoilet met 'n koperspoelbak, emmer en water. Die laat-Victoriaanse tegnologie van watervoorsiening in die kombuis en badkamer, het in 1906 'n binnenshuise spoeltoilet in welgestelde landelike Victoriaanse plaasopstalle moontlik gemaak.

Die kleinhuise, weg van die woning en die veld of agterkant van die waenhuis, was egter die "toiletstelsel" wat algemeen deur die landelike Hoëveldse inwoners gebruik is.

Oor die latrine of toilet is min geskrewe dokumentasie, die mense ignoreer dit net, of laat dit uit. Vandag sit ons as gevolg van hierdie kultuur van verskuiling en onthouding met 'n gebrek aan visuele en tekstuele materiaal wat ons kan gebruik. Dit is baie belangrik dat

hierdie aspek verder belig word, aangesien dit 'n leemte vir die generiese voorstelling van die toilet laat.

By Diepkloof plaasmuseum is daar geen spoor van 'n putlatrine nie en niemand weet waar die inwoners 'n put gegrawe het en of daar ooit 'n put was, nie. Ook in ander lande of wêrelddele het mense alles wat met riool te make het, verswyg. Dit was deel van die karaktereenskappe van Victoriaanse hoogkultuur wat 'n impak op alle vlakke van die samelewing gehad het.

Die keuse van vestiging van die pionier was soos reeds genoem, altyd hidrografies georiënteerd; dus in die nabyheid van 'n rivier, spruit, of 'n fontein. Naas die ligging van die waterbron het die plaaslike topografie, soos die helling en egaligheid van die grondoppervlak, 'n groot invloed op die keuse van die posisie van die plaaswerf gehad. Die werwe wat teen 'n berg of rant geleë is, kon mikroklimaatsfaktore ten volle kon benut. Die berg of rant het die werf teen wind aan die noordekant, of direkte noordeson indien die werf teen die suidelike hang van 'n berg geleë was, beskerm. 'n Mikroklimaat is ook geskep deur die aanplant van bome wat windbrekers en sonfilters gedien het.

Die uitleg van die plaaswerf, wat tot omtrent 1890 deur topografie en die posisie van die waterbron bepaal was, is ná die koms van die boorgat en windpomp op die Vrystaatse en Transvaalse Hoëveld deur ander faktore bepaal. Die nabyheid van paaie, uitsig oor die plaasaktiwiteite, wind- en sonrigtings het die plaasuitleg en posisie van die woning beïnvloed.

Ons kan die teorie van Johann von Thünen op die landelike Hoëveldse plaaswerf toepas. Die werf kan opgedeel word in kleiner homogene identifiseerbare areas, naamlik die kleinwerf, grootwerf en buitewerf. Die woonhuis en buitegeboue vorm dienooreenkomstig die hogenoemde teorie, die fokuspunt van die plaasboer se aktiwiteite, vanwaar hy na buite beweeg om na sy plaasaktiwiteite om te sien. Sekere plaasaktiwiteite, soos weiding vir die vee en landerye vind gewoonlik in sirkelvormige areas of ringe rondom die woning plaas. Die teorie kan ook toegepas word op die ligging van spesifieke plaasaktiwiteite, in verhouding tot die woning en die verwerking en berging van produkte in die skuur, wat die kern van alle aktiwiteite vorm.

Ek het 'n seleksie van woonstrukture en terreine, sowel as geskrewe literatuur gebruik, met die doel om 'n watergeskiedenis van die landelike woning en werf daar te stel. Die


aangehegte templaar (*Illustrasie 81*) is 'n model van die landelike plaaswerf (1840-1910) en die plek van water in en rondom die werf op die Hoëveld.

As 'n mens kyk na die landelike Hoëveld in die tydperk onder bespreking, is dit duidelik dat daar 'n inheemse Afrika-kultuur en argitektuur sowel as 'n ingevoerde Westerse kultuur en argitektuur (vanaf die Noordelike halfrond ingevoer) was. Albei het naas mekaar bestaan en mekaar oor en weer beïnvloed. 'n Proses van akkulturasie het plaasgevind. Die pioniers het inheemse kleipotte gebruik om hulle watervoorraad te berg en koud te hou, grasdakskerms as tydelike verblyf en kookskerms, en die modderhutstruktuur met 'n kegelvormige grasdak as tydelike woning en later as addisionele buitevertrek. Hierteenoor het die inheemse bevolking die reghoekige pionierswoning met 'n grasstaandak nagevolg en selfs die nok met 'n klei-en-beesmismengsel waterdig gemaak. Verder is die reghoekige tweevertrek platdakwoning, deur die inheemse bevolking met kleiverf beskilder en het soos die sink kleinhuise agter die woning, sinoniem met die landelike Hoëveldse arbeider geword. Die Westerse bad-handewas- en kookgewoontes, soos ook die kleredrag en Christelike geloof is ook deur die inheemse bevolkingsgroepe nagevolg.

Daar is 'n subtile tussenspel tussen die Westerse gewoontes wat die pioniers na die Hoëveld gebring het, die blootstelling aan die inheemse bevolking se gebruikte rondom woningbou en die berging van water, die gebrek aan tegnologie as gevolg van isolasie, die vernietigende landelike effek van die oorlog (1899-1902) en grondbesit.

Die pioniers het besitreg (kaart en transport) van die eiendom, waarop hulle permanent kon vestig, bekom. Hulle het dan daar 'n permanente woning opgerig. Tussen 1840 en 1910 het die plaaswerkers en inheemse bevolking geringe eiendomsreg op grond in die Hoëveldse streek gehad. Hulle was hoofsaaklik huurarbeiders of trekarbeiders wat veroorsaak het dat hulle slegs tydelike een- tot-drievertrekwonings, bestaande uit 'n slaap- en woongedeelte, opgerig het. Die tydelikheid van die woning het ook 'n direkte invloed op die ontwikkeling van binnenshuise lopende water, die kombuis en wasgeriewe gehad, omdat hulle nooit 'n permanente binnenshuise ruimte daarvoor gehad het nie. Die inheemse bevolking het, soos die gemiddelde landelike Afrikaner, baie lank in pioniersomstandighede gebly. Hoewel die kookarea na die binnekant van die huis verskuif het, het die badkamer as permanente ruimte nog nie sy beslag gekry nie. Die mense het hulself daagliks in 'n wasskottel, of in die rivier gereinig. Die toilet was 'n afgebakende spasie eenkant, weg van die woning. Daar is ook daadwerklike ooreenkomste tussen dit wat op die landelike proto-nedersettingsfase gebruik is

en vandag nog in nedersettingspatrone in die lokasie gebruik word. Navorsing in die vakgebied Geskiedenis soos blyk uit die bronne wat geraadpleeg is, is hoofsaaklik Eurosentries. Daar behoort na regte navorsing vanuit beide die inheemse Afrika-kultuur en die Westerse kultuur gedoen te word, om 'n geheelpatroon daar te stel. Dit is 'n projék wat vir die toekoms oorstaan.



Illustrasie 81 'n Model van water en watervoorsiening rondom die landelike werf. Skets: C. Gouws
 Sleutel: 'n Model van water en watervoorsiening rondom die landelike werf.

1. Hoofopstal
2. Watervoor
3. Draadheining
4. Bloekomlaning

5. Grondpad
6. Buitekamers en koelkamer
7. Bad- en strykhut
8. Put met handpomp
9. Fontein
10. Stroom
11. Wasklip
12. Eendedam met Wilgerbome
13. Windpomp op boorgat
14. Kruie- en groentetuin
15. Vruchteboord
16. Bakoond
17. Granaat- en kweperlaning
18. Hoenderneste
19. Varkhokke
20. Melkkamer
21. Druwe pricel
22. Ashoop
23. Kuilvoer
24. stookplek
25. Perskeboord
26. Bediendekamer
27. Sipresbome
28. Watermeul onder damwal
29. Meul
30. Putlatrine
31. Bywonershuis
32. Waerhuis
33. Stalle
34. Kraie
35. dipkraal
36. Drukgang
37. Looikuip en breiplek
38. Dorsvloer
39. Populierbos
40. Dam
41. Landerye
42. Truksvylaning
43. Weivelde
44. Strooise

Bibliografie

1 Primêre bronne

1.1 Owerheidsargiefbewaarplekke

1.1.1 Sentrale argief bewaarplek, Pretoria (SA) Transvaalse argiefbewaarplek (TA)

Argief v/d munisipaliteit van Pretoria (MPA)

SA TA MPA, Pretoria, 3/4/1235 92. Laundry and washing by-laws, August, 1913.

SA TA MPA, Pretoria, 3/3/123 16. Note on Health, advertising the city of Pretoria. 1910.

Argief v/d munisipaliteit van Brakpan (MBP)

SA TA MBP, Pretoria, 2/1/194 S 1/29. Council meeting of the Municipality of Brakpan, Sanitation, 1929-02-25.

SA TA fotoversameling, Pretoria, 20599. A Transvaal Laundry.

SA TA fotoversameling, Pretoria, 24972. Feldküche bei Laingsburg (Capland).

SA TA fotoversameling, Pretoria, 26422. Veldkombuis.

SA TA fotoversameling, Pretoria, 22342. Waterkar.

1.1.2 Vaal Teknorama museum argief, Vereeniging (VTA)

Gepubliseerde dokumentasie

Leigh, R.L. *Vereeniging 1892-1967: Ter Herdenking van die 75ste verjaarsdag van Vereeniging*. (Courier-Gazette, Johannesburg, 1968).

Ongepubliseerde dokumentasie

Rosenthal, E. "The Vereeniging Estates Story." (g.n., Vereeniging, 1957).

Leslie, T.N. "Diary: Casual Memories of an Octogenarian." (g.n., g.p., 1939).

1.2 Private argiefversamelings

1.2.1 Bezuidenhout Persoonlike Argief, De Rust, Heidelberg (BPA)

Gepubliseerde dokumentasie

De Rust, Heidelberg, Nolte, M.M. *Oupa het gesê...: Die nageslag en geskiedenis van Mathys Michiel Nolte 1845-1999*. (g.p., 2000).

Ongepubliseerde dokumentasie

Bezuidenhout, F.J. "De Rust en sy mense." (Heidelberg, 1990).

Bezuidenhout, J. en F.J. "n Kort oorsig oor die Bezuidenhouts van Doornfontein." (Heidelberg, 1988).

De Rust, Heidelberg, "Victoriaanse woning en buite geboue te De Rust, Distrik Heidelberg, Transvaal." TPA-museumdiens projekinligting. (g.p., 1985).

Elektroniese dokumentasie

CD, "De Rust foto's."

1.2.2 Gouws Persoonlike Argief, Drie Riviere Oos, Vereniging (GPA)

Gepubliseerde dokumentasie

Pamflet lêer. (PAM 1)

Pioniermuseum, Silverton (Hartbeespoort), Pretoria: NKHM.

Diepkloof Farm Museum, Heidelberg.

Rademeyers restaurant, chapel and venue centre.

Ongepubliseerde dokumentasie

Korrespondensie lêer (KOR 1)

Mondelinge onderhoude lêer (MO 1)

Mokwena, A. (76) Sharpeville, 2005-09-28.

Sehanka, T.J. (38) Sebokeng, 2005-09-28.
Minnaar, L. (75) Heidelberg, 2005-10-26.
Corver, T.G. (77) Vereeniging, 2005-12-01.
Prinsloo, N.M. (79) Pretoria, 2005-12-04.
Carelsen, A. (45) Pretoria, 2006-03-17.
De Villiers, M.L. (77) Pretoria, 2006-09-21.
Grobler, P. (43) Heidelberg, 2007-03-06.
Kruger, P.S. (61) Frankfort, 2007-10-19.
Leonard, W.M. (52) Heidelberg, 2007-10-22.

Mondelinge onderhoude lêer (MO 2)

Hlahane, A. (78) Zamdela, 2007-03-29.

Wurfplanne lêer

Elektroniese dokumentasie

CD, "Foto's 1."

De Rust, Heidelberg, 2005-10-26.
Hartbeespoort, Pretoria, 2006-03-17.
Zwartkoppies, Pretoria, 2006-03-17 en 2007-04-23.
Diepkloof, Heidelberg, 2007-03-06.
Brakspruit, Frankfort, 2007-10-19
Middelspruit, Frankfort, 2007-10-19.
Runnymede, Frankfort, 2007-10-19.
Rietfontein, Heidelberg, 2007-10-22.
Stryfontein, Heidelberg, 2007-10-22.
Stryfontein, Vereeniging, 2007-10-22.

1.2.3 Sammy Marks Argief, Zwartkoppies, Pretoria (SMA)

Ongepubliseerde dokumentasie

Kaarte: "Proposed site development site plan. Land division & owners" in 'n omgewings impakstudie vir die Sammy Marks Museum. (±1988).

2 Sekondêre bronne

2.1 Gepubliseerde sekondêre bronne

- Ashton, H. *The Basuto: a social study of traditional and modern Lesotho*. (Oxford, London, 1967).
- Beinart, W., Delius, P. and Trapido, S. *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930*. (Raven Press, Johannesburg, 1986).
- Beinart, W. and Mc Gregor, J. (Ed.) *Social history and African environments*. (James Currey, Oxford, 2003).
- Bierman, B.E. *Boukuns in Suid-Afrika: 'n beknopte oorsig van ons bouwyse*. (A.A. Balkema, Kaapstad, 1955).
- Boonzaier, E., Malherbe, C., Smith, A. and Berens, P. *The Cape herders: a history of the Khoikhoi of Southern Africa*. (David Philip, Cape Town, 1996).
- Botha, C.G. *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*. (C. Struik, Cape Town, 1973).
- Bradlow, E. (Ed.) *Life at Natal a hundred years ago, by a lady* (Originally published in a series of letters in the Cape Monthly Magazine during 1864-1865. C. Struik, Cape Town, 1983).
- Brooke Simons, P. *The life and works of Charles Bell*. (Fernwood press, Cape Town, 1998).
- Cachet, F.L. *De worstelstrijd der Transvalers: aan het volk van Nederland verhaald*. (Höveker & Wormser, Pretoria, 1898).

- Callinicos, L. *Working life: factories, townships, and popular culture on the Rand 1886-1940 (II)*. (Raven press, Johannesburg, 1987).
- Carruthers, J. and Arnold, M. *The life and work of Thomas Baines*. (Fernwood, Cape Town, 2000).
- Coertze, P.J. (red.) *Inleiding tot die algemene Volkekunde*. (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1977).
- Cook, M.A. *Die Kaapse kombuis, 'n beskrywing van sy ligging, uitleg en toebehore*. (Printpak, Kaapstad, g.d.).
- Corver, T.G. *Wurden en sy mense*. (Hooglandpers, Bethlehem, 2004).
- Corver, T.G. *Die lief en leed van Kafferstad*. (g.n., Pretoria, 2002).
- Davenport, T.R.H. and Hunt, K.S. *The Right to the land: documents on Southern African history*. (David Philip, Cape Town, 1974).
- De Vaal, J.B. "Die rol van João Albasini in die geskiedenis van die Transvaal" in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 16(1), 1953. (Staatsdrukker, Kaapstad, 1953).
- Dickson, E., Colvin, M., Hall, D. and Collenette, P. *The Laura Ashley book of home decorating*. (Guild, London, 1985).
- Duvenhage, G.D.J. "Willem Hendrik Jacobz se rol in die onafhanklikheid- en eenheidstrewes van die Voortrekkers op die Hoëveld (1847-1852)" in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 19(1), 1956. (Staatsdrukker, Kaapstad, 1956).
- Du Toit, A. *Op 'n storm van drome: die verhaal van 'n vrybuiters-republiek*. (CUM, Roodepoort, 1983).
- Eldredge, E.A. and Morton, F. (Ed.) *Slavery in South Africa: captive labor on the Dutch frontier*. (University of Natal, Pietermaritzburg, 1994).
- Fearn, J. *Domestic bygones*. (Shire, Great Britain, 1977).
- Fisher, J. *The Afrikaners*. (Cassell, London, 1969).
- Fisher, R.C., Le Roux, S. en Maré, E. (Ed.) *Architecture of the Transvaal*. (Unisa, Pretoria, 1998).
- Fisher, R.C. en Le Roux, S. *Die Afrikaanse woning: herdrukke uit die Boerevrou (1919-1931)*. (Unibook, g.p., 1989).
- Fransen, H. *Drie eeue kuns in Suid-Afrika: beeldende kuns, boukuns, toegepaste kuns*. (Anreith, Pietermaritzburg, 1981).

- Frescura, F. *Rural shelter in South Africa: A survey of the architecture, house forms and constructional methods of the black rural peoples of Southern Africa.* (Raven Press, Johannesburg, 2001).
- Gardner, L. *Art through the ages*, (Seventh ed., Harcourt Brace Jovanovich, U.S.A., 1980).
- Glazewski, J. *Environmental law in South Africa.* (Butterworths, Durban, 2005).
- Goubert, J.P. *The conquest of water: the advent of health in the industrial age.* (Princeton, New Jersey, 1986).
- Grobbelaar, P.W. (red.) *Die Afrikaner en sy kultuur (IV). Boerewysheid.* (Tafelberg, Kaapstad, 1977).
- Grobbelaar, P.W. (red.) *Die Afrikaner en sy kultuur (I). Mens en Land.* (Tafelberg, Kaapstad, 1974).
- Grobbelaar, P.W. (red.) *Die Afrikaner en sy kultuur (II). Spieëlbeeld Oorlog 1899-1902.* (Tafelberg, Kaapstad, 1974).
- Gronum, C.F. *Ou Maricó: II, transportry, runderpes en poskoetse.* (Pro Rege, Potchefstroom, 1975).
- Grosskopf, J.F.W. *Plattelandsverarming en plaasverlating (1). Ekonomiese verslag.* Verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika. (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).
- Helme, N. *Irene: A pictorial history of a Transvaal farm and village.* (Wallachs, Pretoria, 1976).
- Janson, H.W. *A history of art: a survey of visual Arts from the dawn of history to the present day.* New edition. (Thames and Hudson, London, 1981).
- Keath, M. *Herbert Baker: Architecture and idealism 1892-1913 the South African years.* (Ashanti, Gibraltar, g.d.).
- Kluge, T. und Schramm, E. *Wasser nöte: zur Geschichte des Trinkwassers.* (Kölner Volksblatt Verlag, Aagen, 1988).
- Kolars, J.F. en Nystuen, J.D. *Geography: the study of location, culture, and environment.* (McGraw-Hill, New York, 1974).
- Leefflang, K.H.W. *Ons drinkwater in de stroom van de tijd.* (VEWIN, Rijswijk, 1974).

- Leipoldt, C.L. *Bushveld doctor*. (Human & Rousseau, Kaapstad, 1980).
- Le Roux, T.H. *Die dagboek van Louis Trigardt*. (J.L. Van Schaik, Pretoria, 1982).
- Linde, F. *In die boog van die sekel: die verhaal van graan*. (Tafelberg, Kaapstad, 1975).
- Lowndes, E.E.K. *Every-day life in South Africa*. (S.W. Partridge & Co., London, 1900).
- Malan, D.G. et al. *Johannesburg one hundred years*. (Chris van Rensburg, Johannesburg, 1986).
- Malherbe, E.G. *Onderwys en die armblanke (III). Onderwys-verslag*. Verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika. (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).
- Mayhew, V. (Ed.) *Reader's Digest illustrated guide to Southern Africa*. (Reader's Digest Association, Cape Town, 1982).
- Moolman, N. *Kuier in 'n plaaskombuis*. (Corals publishers, Vanderbijlpark, 2005).
- Muller, C.F.J., Van Jaarsveld, F.A., Van Wijk, T. en Boucher, M. *South African history and historians: a bibliography*. (U.P., Pretoria, 1979).
- Muller, C.F.J. (red.) *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. (Academica, Pretoria, 1980).
- Murray, W.A. *Die fisieke toestand van die armblanke (IV). Mediese verslag*. Verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika. (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).
- Nienaber, G.S. (red.) *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot Trek*. (Die Natalse pers, Pietermaritzburg, 1939).
- Nienaber, P.J. (red.) *Die Vrystaat en bewaring*. Gepubliseerde Simposium 16-17 Maart 1983. (CUM, Roodepoort, 1984).
- Nienaber, P.J. en Le Roux, C.J.P. *Vrystaat-fokus*. (CUM, Roodepoort, 1982).
- Nienaber, P.J. *Vrystaatse argitektuur, historiese argitektoniese ontwikkeling van die Vrystaatse boukuns: 'n oorsig*. (Gutenberg, Pretoria, 1987).
- Odendal, F.P. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. (Perskor, Johannesburg, 1985).
- Palmer, E. *The plains of the Camdeboo*. (Lowry, Johannesburg, 1986).

- Palmer, R. *The water closet: a new history*. (David & Charles, Newton Abbot, 1973).
- Parsons, N. *The new history of Southern Africa*. (Holmes & Meier, New York, 1983).
- Pelser, A.N. *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (I): wordingsjare*. (A.A. Balkema, Kaapstad, 1950).
- Potgieter, F.J. “Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing” in: *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 21(2), 1959. (Staatsdrukker, Kaapstad, 1959).
- Preller, G.S. en Scholtz, M. (red.) *Joernaal van 'n trek: uit die dagboek van Erasmus Smit*. (Tafelberg, Kaapstad, 1988).
- Pretorius, C. *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika: 'n studie van Westerse volkskuns in Suid-Afrika*. (Vlaeberg, Kaapstad, 1992).
- Pretorius, C. *Pretoria se pioniershuis sy tyd en sy mense*. (Hoofstadpers, Pretoria, g.d.).
- Pringle, T. *Narrative of a residence in South Africa (I)*. First published in 1834. (Reissued by Doppler Press, England, 1986).
- Rosenblum, R. *Modern painting and the northern Romantic Tradition: Friedrich to Rothko*. (Thames and Hudson, London, 1975).
- Rothmann, M.E. *Die moeder en dogter van die Armblanke-huisgesin (V) b. Sociologiese verslag*. Verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika. (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).
- Schoeman, K. *Boukunsstrate van die Vrystaat*. (CUM, Roodepoort, 1985). Seymour, J. *The National Trust book of forgotten household crafts*. (Dorling Kindersley, London, 1987).
- Slaughter, F. (Ed.) *Storm and sunshine in South Africa*, by Rosamund Southey. (John Murray, London, 1910).
- Tempelhoff, J.W.N. (red.) *African water histories: transdisciplinary discourses*. (Corals Publishers, Vanderbijlpark, 2005).
- Tempelhoff, J.W.N. *Verhuidiglike verlede – Aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*. (Kleio, Vanderbijlpark, 2002).
- Thompson, G. and Forbes, V.S. (Ed.) *Travels and adventures in South Africa (I)*. (Rustica, Cape Town, 1967).

- Van Bart, M. en Scholtz, L. (red.) *Vir vryheid en reg: Anglo-Boere oorlog gedenkboek*. (Tafelberg, Kaapstad, 2003).
- Van Bruggen, J. *Karakters op ons vlaktes (Keurverhale)*. (Afrikaanse pers boekhandel, Pretoria, g.d.).
- Van der Waal-Braaksma, G. en Ferreira, O.J.O. *Die Noordweste: Die stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*. (Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde, g.p., 2000).
- Van Heerden, P. *Kerssnuitsels*. (Tafelberg, Kaapstad, 1969).
- Van Jaarsveld, F.A. *100 Basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*. (Nasou, Kaapstad, 1980).
- Van Leeuwen, T.A.P. *The springboard in the pond: an intimate history of the swimming pool*. (MIT, Massachusetts, 1999).
- Van Rensburg, A.P.J. "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30(2), 1967. (Staatsdrukker, Johannesburg, 1967).
- Walton, J. *African village*. (J.L. Van Schaik, Pretoria, 1956).
- Walton, J. *Early Ghoysa settlement in the Orange Free State in Researches of the national museum Bloemfontein, memoirs 2*. (Galvin & Sales, g.p., 1965).
- Walton, J. *Homesteads and villages of South Africa*. (J.L. Van Schaik, Pretoria, 1965).
- Walton, J. *Vroeë plase en nedersettings in die Oranje Vrystaat*. (A.A. Balkema, Kaapstad, 1955).
- Walton, J. *Water-mills, windmills and horse-mills of South Africa*. (C. Struik, Cape Town, 1974).
- Wilcocks, R.W. *Die armblanke (II). Psychologiese verslag*. Verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika. (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).
- Wright, L. *Clean and decent: the fascinating history of the bathroom & the water closet and of sundry habits, fashions & accessories of the toilet principally in Great Britain, France, & America*. (Routledge & Kegan Paul, London, 1960).

2.2 Ongepubliseerde sekondêre bronne

- Aukema, W. Opname van bewaringswaardige strukture in Transvaal met die oog op die aanlê van 'n nasionale opelugmuseum – Februarie-April 1983. (NKHM, Pretoria, 1988).
- Carelsen, A. Interieurs van boerewonings (1900 tot 1950) op die terrein van die Willem Prinsloo landboumuseum: 'n Vergelykende kultuurhistoriese studie. (MA, Univ. van Pretoria, 1995).
- Labuschagne, E.C. Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou. (PhD, Univ. van Stellenbosch, 1988).
- Miller, S.M. The architectural voice of the Vaal Triangle. (PU for CHO, Vanderbijlpark, 1999).
- Mokoena, T.D. A critical analysis of community-driven development projects aimed at poverty alleviation in Evaton west. (PhD, North West-Univ., 2004).
- Naudé, M. Geboue, strukture en die plasing daarvan op plaaswerwe in die Transvaal, uittreksels uit die verslag oor Volksboukuns in Transvaal aan die RGN. (NKHM, Pretoria, 1991).
- Prinsloo, P.J.J. 'n Historiese oorsig van die Vaaldriehoekse Industrialiseringsproses, 1880-1950. (PU VIR CHO, Vanderbijlpark, 1994).
- Tempelhoff, J.W.N. "Omgewingslagoffers of Armblankes? Water en welvaartskepping in die era van Hertzog (1924-1939)" Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing XXXV. (Pretoria, 2006-09-21).
- Van der Waal, C.S. Die woning en woonwyse onder die Venda. (MA, Univ. van Pretoria, 1977).
- Zangel, V.A. "The Seething Masses"- housing, water and sanitation in the lives of Johannesburg's poor 1886-1906. (MA, North-West Univ., 2004).

2.3 Periodieke publikasies

Koerante

De Volksstem, Pretoria, Z. A. Republiek, films 1873-08-08 tot 1875-08-21, 1882-04-01 tot 1883-12-07, 1893-06-07 tot 1894-08-29 en 1903-06-17 tot 1904-04-23.

Advertensie, "Nieuwe goederen" op voorblad in *De Volksstem*, 1873-08-29.

Advertensie, "R. Winstanley" op voorblad in *De Volksstem*, 1873-10-17.

Advertensie, "H. Russell" op voorblad in *De Volksstem*, 1874-06-02.

Advertensie, "The great water finder Mr. Walter Marchal" in *De Volksstem*, 1874-06-27.

Advertensie, "Uit de Hand te Koop" in *De Volksstem*, 1882-04-05.

Advertensie, "T.W. Beckett & Co. Bpk." in *De Volksstem*, 1893-07-01.

Advertensie, "Een ware goudmyn! Blinkpoort No. 208" in *De Volksstem*, 1894-02-21.

Advertensie, "Station Geluk, Elandsspruit" in *De Volksstem*, 1898-08-23.

Advertensie, "Stoompompe en parafin motor-pompe" in *De Volksstem*, 1903-07-04.

The Star, Johannesburg, South African Republic, films 1889-1910

Advertisement, "Sale of household furniture" in *The Star*, 1889-04-13.

Advertisement, "Southern's Auction Mart" in *The Star*, 1889-04-17.

Advertisement, "Willow Grove Hotel & Gardens, Langlaagte" in *The Star*, 1889-04-23.

Advertisement, "Heilbron, O.F.S. a Golden opportunity, to be let, the 'Caledonian' hotel" in *The Star*, 1889-08-20.

Tydskrifte

Crafford, M. "Doekies omdraai" in *Rooi Rose*, 64(3) Maart 2006, pp. 146-147.

Ferreira, O.J.O. "Serpa Pinto (1846-1900) in Transvaal in 1879" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 20(1), Junie 2006, pp. 1-28.

- Le Roux, A. "‘n Waterbank" in *Overvaal Musca News*, 10(2) Junie 1983, p. 7.
- Maisels, S.J.N. "The life and times of Sammy Marks" in *Museum Memo*, 14(4) Desember 1986, pp. 15-22.
- Naudé, M. "Architectural significance of the 1886 homestead on the farm Zwartkoppies (Pretoria)" in *Aspects of architectural conservation for the museologist: Research by the National Cultural History Museum*, (12)2003, pp. 140-166.
- Ploeger, J. "Die lotgevalle van mej. Wytske Sybrandi 'n Nederlandse Onderwyseres en Verpleegster, in die 'Zuid-Afrikaanse Republiek' (1899-1900)" in *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, (9) Desember 1962, pp. 82-97.
- Raath, H. "Oorsprong van die Suid-Afrikaanse bootvormige hartbees- of dakhuis" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19(2) November 2005, pp. 168-189.
- Spies, F.J. du T. "Briewe uit Transvaal van G.A.A. Middelberg (1896-1899)" in *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 1(2) Julie 1953, pp. 25-188.
- Spies, F.J. du T. "Reisbriewe van dr. Hendrik P. N. Muller: 1898" in *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 4(2) Desember 1955, pp. 101-152.
- Van der Waal-Braaksma, G. "Die Kokerboom: Van natuur tot kultuur" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 1(1) Januarie 1984, pp. 26-27.

Webliografie

- Staats Argief, katalogus. [Website: <http://wwwnational.archives.gov.za/search>] [Geraadpleeg: 2005-01-27 tot 2005-15-20].
- Staats Biblioteek, katalogus. [Website: <http://wwwnlsa.ac.za/search>] [Geraadpleeg: 2005-01-27].
- Noordwes Universiteit. Ferdinand Postma Biblioteek Katalogus. [Website: <http://wwwvaal.puk.ac.za/library/search>]. [Geraadpleeg: 2005-02-18 tot 2007-13-02].

- University of Johannesburg. Kingsway Library, Catalogue. [Website: <http://braus.ruu.ac.za/library/search>] [Date of access: 2005-02-18 until 2007-13-02].
- Anon. "Women and water" in Weekly Newsletter, UNESCO waterportal. [Website: <http://www.unesco.org/cgi-bin/webworld/waterlinks/search.cgi>.] [Date of access: 2005-10-03].
- Anon. Conversion tables, metric conversion tables. [Website: <http://www.google>.] [Date of access: 2007-11-14].